A D R I A A N V A N J A A R S V E L D.

----------oOo----------

Pectora roborant cultus recti

H.J. ROSSOUW.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INDELING.

I. INLEIDING. p.1

II. SY JONGELINGSJARE. p. 4

III. VELDKORPORAAL VAN DIE ZOUTE RIVIER. p. 6

IV. VELDWAGMEESTER TE SNEEUBERG. p. 12

V. VELDWAGMEESTER VAN DIE CAMDEBOO. p. 19

VI. VELD-KOMMANDANT VAN DIE OOSTELIKE "VELDE". p. 25
(a) Onheilspellende Voortekens. p. 36

VII. LID VAN DIE HEEMRAAD EN KAPTEIN VAN DIE BURGERY. p. 41

III. DIE OPSTAND VAN 1795 EN ADRIAAN VAN JAARSVELD. p. 48

IX. DIE TUSSENPOSE. p. 61

X. DIE OPSTAND VAN 1799 EN DIE ROL WAT ADRIAAN VAN JAARSVELD DAARIN GESPEEL HET. p. 67

XI. DIE VERHOOR. p. 82
(a) Opsomming van die Proces.
(b) 1. Aanbeveling van die Fiskaal.
2. Vonnis van die Hof.
(c) 'n Kritiese Beskouing van die Regsredenering van die Fiskaal.
(d) Adriaan van Jaarsveld - Skuldig of Onskuldig ?

XII. SLOT.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING.

Reeds by die aanvang van 'n lewensgeskiedenis van Adriaan van Jaarsveld stuit die skrywer al dadelik teen twee bykans onoorkombare moeilikhede nl. gebrek aan voldoende stof in die eerste plek en tweedens teenstrydige bronne. Gevolglik was ek verplig om veral in die eerste Hoofstuk - "Jongelingsjare" - tot 'n groot mate op 'n hypotetiese basis te werk te gaan.

Dit verbaas ons werklik dat daar so weinig gegewens bestaan ro 'n figuur wat in die geskiedenis van ons land reeds op betreklik jeugdige leeftyd op die voorgrond getree en deurgans 'n prominente rol gespeel het. Veliswaar maak die volgende handboeke van hom melding, maar die gegewens is dikwels onbetroubaar of sterk gekleurd deur die politieke opvattings van die outeurs en ons word geroep om besonder skepties teenoor die feitlike inhoud te staan: -

Cory : Rise of South Africa (1) p.p. 36, 42, 53, 54, 65, 76.

Theal : History of South Africa Before 1795 (111), p.p. 56, 129, 215, 240.

S.F.N.Gie : Geskiedenis vir Suid-Africa (1 & 11), p.p. 67 - 76.

J.C. Voigt : Fifty Years of the History of the Republic in South Africa (1), p.p. 44, 56 - 60, 64 - 80.

F.A.C. Wiering a : De Oudste Boeren-Republieken. p.p. 33, 36, 44, 48, 50 - 51, 60 - 61, 86.

H.D.Campagne : Memorien en Byzonderheeden betrekkelyk de gedaane Defensie ende Overgave..... p.p. 23 - 40.

E.A. Walker : A History of South Africa, p.p. 101, 102, 121, 125, 137 - 138.

Cappon : Britain's Title in South Africa, p.p. 58, 67, 77 - 78, 100 - 110.

E.C. Goded-Molsbergen : Geschiedenis van Zuid-Africa p. 70.

A. Wilmot : History of the Colony of the Cape of Good Hope, p. 189.

D. Aitton : Geschiedenis van Zuid-Afrika p.p. 167 - 168, 184.

- Uit -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die gegewe lys is slegs die eerste drie handboeke betroubaar en is van baie groot nut by die studie van Adriaan van Jaarsveld.

Van sy jongelingsjare weet ons nagenoeg niks, of altans so min dat dit uiters moeilik is om te bepaal in hoeverre karaktertrekke wat hy op 'n meer gevorderde leeftyd openbaar het, reeds in sy jeug aanwesig was. Wat meer is, die bronne waaroor ons nog beskik is baie keer nie in die oorspronklike vorm terug te vind nie en moes ons dus tevrede wees met outentieke vertalings.

By die vasstelling van die rol wat Adriaan van Jaarsveld in die 1795 - Opstand gespeel het, ondervind ons ewe veel moeilikheid. Goewerneur Sluysken het by sy vertrek van die Kaap nie alleen geweier om enige manuskrip aangaande die Graaff-Reinet - Opstand aan Generaal Craig te oorhandig nie, maar die dokumente trouens saamgeneem na Holland. Dis baie jammer, want dit sou baie lig gewerp het op die werklike aandeel wat Adriaan van Jaarsveld in die Opstand van 1795 gehad het.

By die Opstand van 1799 staan ons voor 'n makliker taak, maar hier kry ons dit weer dat die getuienisse van die prisoniers by die verhoor nie alleen uiteenlopend en dikwels vaag is nie, maar origens dat hulle in baie gevalle opsetlike leuens vertel het en mekaar oor en weer weersprek het. Dis dus duidelik hoe moeilik dit vir ons is om 'n juiste perspektief van die saak te kry, wat ons as leidraad kan dien vir 'n regverdige en onpartydige oordeel. Ook hier moes ek my baie keer verlaat op hypotese. Kon ek die sintetiese methode volg uit 'n oorvloed van gegewens, dan was my taak veel makliker.

Maar soos ek reeds op gewys het, swyg ons bronne juis op byna al die punte van kardinale belang vir die vasstelling van Adriaan van Jaarsveld as mens en veral as gevoelsmens.

- Ek -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek sê dit, omdat dit by my persoonlik absolut vasstaan dat van Jaarsveld, blykens sy egoïsme, maklik op sy gevoelens laat speel het deur diegene wat hom deur vlytaal wou oorhaal tot hul sienswyse vir persoonlike voordeel.

Ten slotte moet ek nog daarop wys dat, ondanks intensiewe navorsing van my kant en van Mnr. P.J. Venter, Argivaris van die Kaapse Argiewe, dit ons nie geluk het om enige aanduiding te vind van die datum waarop Adriaan van Jaarsveld gesterf het nie. Die laaste skriftelike melding wat van die prisoniers gemaak word (waaronder van Jaarsveld toe nog sorteer het), vind ons in die brief van Majoor-Generaal Dundas aan Lord Hobart op 12 Desember 1801. En hoewel die dagregister van die Kasteel gedurende 1802 geen melding maak van Adriaan van Jaarsveld se dood nie, lei ons dus af dat hy moes gesterf het tussen 12 Des. 1801 en die begin van 1803, aangesien hy nog in gevangenisskap dood is en nie saam met die ander prisoniers vrygelaat is by die oorname van die Kaap deur die Betaafse Republiek nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SY JONGELINGSJARE.

Op 16 Mei 1743 (1) is Adriaan van Jaarsveld op die leningsplaas : " De Kromme Rivier ", van sy vader gebore.

Van ouerskant het die klein Adriaan seker geen voorsprong bo andere in die lewe geniet nie . Trouens Albertus van Jaarsveld en Maria Jordaan het beide onder die algemene burgerklas sorteer , of meer juis, onder die grensboere en as sulks is dit duidelik dat hy nie onder besonder gelukkige omstandighede opgegroei het nie .

Tog het sy geboorte met hom eêngroot voordeel meegebring nl. die feit dat hy die oudste van die sewe kinders was. By 'n bespreking van kenmerkende karaktertrekke kan ons inderdaad byna nie genoeg klem op hierdie belangrike feit lê nie. Reeds vroeg het hy dus 'n posisie van gesag teenoor sy broers en susters beklee, moes hy beslissings vir hul doen en veral veel op eie inisiatief staatmaak. Waarskynlik is die grondslag van sy later so kenmerkende snelheid van optrede en beslissing, sy kragtige persoonlikheid , dominerende houding en uitgesproke egoïsme hier gelê. (2)

Op "de Kromme Rivier " gelegen tusschen de Verlore Valley en de Picquet Bergh ", (3) het Adriaan van Jaarsveld dan opgegroei. Ons het nie bronne wat meld of hy ooit enige onderwys geniet het nie, maar uit die feit dat hy instaat was om goed te kan lees en skrywe, lei ons afdat hy nie heeltemal van alle kulture invloede verstoke was nie, hoe elementair dit nou ook al mag gewees het.

Wat ons egter wel uit sy latere geskiedenis kan aflei, is dat Adriaan van Jaarsveld reeds van jongs af aan die gevare van 'n byna barbaarse omgewing blootgestel was. Piketberg was in hierdie jare nog woes m.a.w. onder moeilike toestande het hy opgegroeien in grensgevare het hy tuis gevoel. Veral is die

- grondslag -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grondslag van sy besondere krygsbehendigheid hier te midde van die rowende Boesmans gelê.

Die volgende melding wat van Adriaan van Jaarsveld gemaak word, is by die aflê van sy skutterseed. Op 15 November 1673 het die krygsraad van Stellenbosch reeds 'n resolusie passeer waarvolgens bepaal is dat alle persone wat die ouderdom van sestien jaar bereik het, en hul nognie as burgers laat inskryf het nie, dit binne ses maande vanaf gemelde datum moet doen, onderhewig by ongehoorsaamheid aan 'n boete van 25 Riksdalers. (4) Nóg Adriaan van Jaarsveld, nóg sy ouers het hul aan hierdie bepaling gesteur en op 31 Okt. 1764 het hy eers daartoe oorgegaan om sy skutterseed af te lê, egter sonder (~~om die~~) betaling van die voorgestelde boete. Die Kompanjie was nou reeds op sy laaste bene en niemand het die onmag van die eertydse magtige Kompanjie beter besef as die grensboere nie. Ver verwyder en afgesonderd van die Kaap, op hulself aangewys vir hul bestaan, het hierdie pioniers ekonomies betreklik selfstandige mense geword wat hul weinig aan die beperkende maatreëls van die Kaapse regering gesteur het. Adriaan van Jaarsveld het trouens deur hierdie eerste daad van ongehoorsaamheid sy minagting vir die besluite en ordonnansies van die Kaapse Regering getoon. En gestadig sou hierdie minagting by hom groei tot hy daarin behulpsaam sou wees om die juk van die gehate amptenare-regering af te werp.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VELDKORPORAAL VAN DIE ZOUTE RIVIER.

Op die tydstip toe Albertus van Jaarsveld hom in Piketberg gevestig het, was die uitbreiding in die noord-westelike rigting nog die belangrikste, maar reeds vanaf die helfte van die agtiende eeu het die trek na die Oostelike dele die voorkeur begin geniet en toe die bol eers aan die rol was, het dit hoe langer hoe vinniger gegaan.

In 1743 het Baron van Imhoff die oostelike beweging probeer stuit deur die invoer van 'n nuwe vorm van grondbesit nl. die lenings-eiendomsplaas.(5) Sodoende wou hy die burgers vaster aan die grond bind, dog sy poging het weinig gebaat en in 1744 het die uitbreiding reeds die Gamtoosrivier bereik. In Januarie 1745 het die Kaapse Regering nogmaals gepoog om die uitbreiding aan bande te lê deur die vasstelling van die Groot Brakrivier as Oostelike grens van die Kolonie, maar die veeboere het eenvoudig verder getrek en om die rekogniesiegelde nie te verloor nie, moes die Kompanjie met sy gesag volg.

Ongetwyfeld moes die Oostelike streke met sy goeie reënval en gulde geleenthede vir die veeboer, vir Adriaan van Jaarsveld baie aanloklik gelyk het. Die noord-westelike streek is immers maar droog en nog meer, die uitbreiding het hier noodwendig op die dorheid van Namakwaland gestuit. Waar die Oostelike dele dus nog dun bevolk en in alle opsigte 'n ware paradys vir die onverskrokke pionier was, kan ons verwag dat hy hom in hierdie rigting sou begewe.

Weens gebrek aan die nodige informasie, kan ons nie definitief konstateer wanneer hy tot hierdie stap oorgegaan het nie en ons kan alleen uit afleidings konkludeer dat dit in die sestiger jare moes gebeur het.

In die Koup dan het Adriaan van Jaarsveld hom aanvanklik gevestig,(6) hoewel die juiste posisie van sy tuiste nie te bepaal is nie, aangesien die bronne geen melding van 'n eie leningsplaas maak nie. Destyds het dit baie voorgekom dat

- burgers -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

burgers hul op die grense vestig sonder om die outoriteite daarvan in kennis te stel en spring sodoende die betaling van rekogniesiegelde op leningsplase vry. Vermoedelik het Adriaan van Jaarsveld dieselfde prosedure gevolg.

Wat was die verhouding tussen die blankes en die inboorlinge in die Oostelike dele ? Ons vind hier 'n kromiese stryd teen die Boesmans. Daagliks was die koloniste verplig om hul besit teen aanvalle van die struikrowers te verdedig en die regering, wie se plig dit eintlik was, het hul 'n betreklike vry hand daarby gelaat. Behalwe die verskaf van ammunisie en die aanstelling van krygsoffisiere, het die regering hom trouens baie weinig bekommer oor die lotgevalle van die grensboere.

'n Verblyf van enige maande in die nuwe omgewing het Adriaan van Jaarsveld spoedig oortuig dat hy geen fout begaan het in die keuse van sy tuiste nie en hy het hom hart en siel ingewerp in die stryd teen die Boesmans. Sy behendigheid en ervaring in die krygskuns het reeds lank die oog van die owerhede gevang, maar weens sy jeugdige ouderdom is dit tot dusverre nognie raadsaam geag om hom enige verantwoordelike posisie te gee nie. Eindelik egter het die oomblik aangebreek toe die verdiende promosie nie langer agterweë kon bly nie en op 17 Nov. 1767 besluit die krygsraad van Stellenbosch om "den medeburger Adriaan van Jaarsveld, Albertuz., aan te stellen tot Veld Corporaal over de zogenoemde Zoute Rivier agter de Coup en de daaromstreeks Leggende Contryen".(7) Hiermee dan maak Adriaan van Jaarsveld sy intrede in die publieke diens en vir feitlik die res van sy lewe sou hy publieke posisies vul en sy kragte wy aan die beskawing van die Oostelike dele.

Een van sy eerste onoffisiële dade na die aanstelling was om hom in die huwelik te begewe. Op 1 Mei 1768 is hy met Anna Elizabeth de Beer getroud, 'n lewensgesellin wat nie se sleg 's 'n getroue moeder vir haar ag kinders was nie, maar wat

- ook -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook deur dik en dun 'n ware steunpilaar vir har gade gewees het.

Soos te verstaan, was 'n veldkorporaal destyds 'n besonder gesinne man in sy wyk en hoewel hy geen geldelike vergoeding vir sy dienste ontvang het nie, was dit tog 'n posisie waarna menigeen reikhalsend uitgesien het. Miskien is dit te verklaar uit die feit dat 'n veldkorporaal eertyds soveel mag gehad het. Die veldkorporaals het wel van tyd tot tyd instruksies van die krygsraad te Stellenbosch ontvang, maar laasgenoemde het té weinig van grenstoestande in die Oostelike dele geweet en kon dus slegs die algemene lyne aantoon waarvolgens gehandel moes word. Wat meer is, daar was geen algemene hoof in die persoon van 'n Kommandant oor die verskillende veldkorporaals nie m.a.w. elke veldkorporaal het ongeveer 'n vry hand in die stryd teen die Boesmans gehad en was alleen aan die Krygsraad verantwoordelik vir sy dade.

Ongetwyfeld het Adriaan van Jaarsveld ten volle die verantwoordelikheid en ernstige aard van sy nuwe amp besef en die burgers het spoedig in hom die volste vertroue gehad. Nie alleen sy behendigheid in die krygskuns nie, maar ook sy onbestrede leierskap het hom as 'n uitstaande figuur in die burgersamelewing gekenmerk. Ietwat dominerend, maar nietemin beslis en energiek, het hy sy burgers in talle van strafekspedisies teen die ontembare struikrowers gelei. So lees ons in sy verslag van 17 April 1770 aan die Krygsraad van Stellenbosch en weer op 5 Mei 1771 van dergelyke ekspedisies waarin hy met 'n kommando van dertig man nie minder as 92 Boesmans gedood het nie.

Die geskiedenis van hierdie operasies druis partykeer sterk in teen ons humane gevoelens, daar die Boesmans sonder die minste aarseling by hope doodgeskiet en die kinders by die boere ingeboek is. Tog moet ons versigtig by die vorming van 'n oordeel wees. Vir die Boesman was daar in die beskaafde samelewing geen plek nie; dit was 'n stryd om bestaan waarin of

- die -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die blanke, óf die Boesman uitgedelg moes word en voordat laasgenoemde nie geleer het om aan die eise van 'n hoërstaande beskawing te gehoorsaam nie, moes hy noodwendig die lydende party wees.

Nieteenstaande die grootste pligsgetrouheid aan die kant van die veldkorporaals, het die Boesmangevaar steeds 'n ernstiger wending geneem. Veral gedurende die somer van 1772 het die Boesmans, nie tevrede met roof en moord van enige veewagters nie, dit selfs gewaag om enige boerewonings aan te tas. Ons moet onthou dat die Kaapse Regering ten opsigte van die Boesman 'n konsiliërende politiek voorgestaan het. Dis immers geglo dat hierdie nasie slegs wilde natuurkinders is wat deur die drang van omstandighede en onkunde tot roof gedryf word. Sagte middels, so is deur die owerhede geredeneer, sou die Boesmans gou genoeg van ~~kul~~ die welwillendheid van die blankes oortuig en daarna sou alles vrede op aarde wees. Tot hierdie einde is die veldkorporaals kan ook streng gelas om alle sagte middels so ver moontlik toe te pas en alleen aggressief op te tree indien die Boesmans hul definitief aan 'n misdryf skuldig maak.

Adriaan van Jaarsveld het egter verder gesien as die Kompanjies-amptenare en nie alleen besef dat die Boesmans ontembaar is nie, maar dat 'n konsiliërende politiek algeheel uit die kwessie is. Vandaar dat hy in sy rapport van 30 April 1773 (8) verlof vra om die rowers sonder provokasie te mag aanval in hul skuilhoeke. Die somer sê hy, is "een onbekwame tyt voor ons om se te slaan wegens de regens daar dit lantstreek mede is onderworpen in dien tyt en ook wy de hottentotten niet kunt treffen terwyl sy by nagt geen veyr (vuur) en maakt als se gerooft hebben, maar wy nu een bekwame tyt voor hande hebben, namentlyk in de winter als dan wanneer sy niet en stelen om dat het voor haarluy een onbekwame tyt is wegens de kouwen sneeuw en ook sy onmogelyk sonder vyer kunt wesen in dien tyt wegens de

- kouw

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kouw, so wel by dag als by nagt, waar op wy se moeten vinden en aantreffen". Hy vra dus verlof om "se in den bekwame tyt aan te doen en de naaste gelegene kralen, waar wy soo van gekwelt wort, voor de hant te mogen slaan omdat wy niet hunnen wagten tot dat sy weder stelen, door dat daar soo vele menschen door gerenneweert wort, want wy kunt niets wederom hale om sy niets in leven laat van het groofde (geroofde)".

Die Landdros en heemrade van Stellenbosch wou hul egter aanvanklik nie aan 'n te radikale optrede skuldig maak nie maar toe meer en meer klagtes oor die toenemende astrantheid van die Boesmans hul bereik, is eindelik op 28 Des. 1773 op goedvinding van die Politieke Raad besluit dat in die winter van 1774 'n algemene kommando teen die Boesmans gedoen sou word. 'n Gesamentlike vergadering van krygsrade en veldkorporaals is ten hierdie einde op 28 Maart 1774 te Stellenbosch gehou om te besluit oor die prosedure wat gevolg sou word "alsmede betreffende het aanstellen van een algemeen hoofd ofte Commandant over't gemelde Corps, met advys der deswegens uit voorsz. districten ontbodene veldcorporaals, om sodoende de beste maatregelen te kunnen nemen".(9)

Die keuse van kommandant oor die hele noordelike grens vanaf Pikerberg tot die Sneeuberge, het op Godlieb Rudolph Opperman geval - 'n krygsoffisier van jarelange ervaring en erkende bekwaamheid. Onder sy leiding sou die beskikbare getal manskappe - 100 blankes en 150 Hottentotte - die noordelike grens van die Kolonie aantas en vir goed die land suiwer van die gevreesde veediewe.

Op dieselfde vergadering is o.a. ook besluit om die bestaande veldkorporaals, "zoo tot het getrouw behartigen van hunnen dienste t'animeeren, als tot encouragement in't presente geval, onder hunne tegenwoordigen Naam toe te voegen den rang van Wagtmeesters".(10) Heelwat ontevredenheid het teen hierdie

- tyd -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tyd al onder die veldkorporaals sy verskyning gemaak; moeg van die byna onafgebroke kommandodiens waarvoor hul geen vergoeding ontvang het nie, het hul nie meer dieselfde ywer aan die dag gelê as wat eertyds die geval was nie. Die Krygsraad was selfs bevrees dat party veldkorporaals hul ampte sou neerlê en om dus die slappe hande te sterk, is die genoemde promosie gedoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

IV.

VELDWAGMEESTER TE SNEEUBERG.

Reeds in Augustus 1770 het Adriaan van Jaarsveld verder ooswaarts getrek en hom op sy eie leningsplaas : "de Claverfonteyn" in die Sneeuberge gevestig, maar nog altyd het hy as veldkorporaal van die Soutrivier ageer. Selfs toe hy in Oktober 1773 'n nuwe leningsplaas: "de Zoete Rivier" uitgeneem het, het hy in sy ou amp bly voortbestaan en dus nie voor 17 Mei 1774 dat hy as veldwagmeester oor die Sneeuberge aangestel is nie. (10A)

Die winter het nou aangebreek en daar was 'n gulde geleentheid om die Boesmans gedug te straf, maar om onverklaarbare redes is die strafekspedisie van tyd tot tyd uitgestel. Die posisie het in die Sneeuberge so haglik geword dat van Jaarsveld hom tot die Krygsraad gewend het op 20 Junie 1774. (11) Hy kla nie alleen oor "het geduurig steelen en rooven van den bosmans" nie, maar voeg by dat die burgers van Sneeuberg dit eens is " om haarluyden plaatsen op de Snieuwberg te verlaaten gelyk ik ook sal moeten doen, want wy keunen nauwliks soo veel prosspereeren , als ons de bosmans daaglyk ontsteelen". Op grond hiervan dring hy daarop aan by die Krygsraad om hom die " vryhyd te geven deese reegentyd een goede slag te doen onder de bosmans, besonders in de secoey-rievier , de welke een schuylplek is voor alle de dieren die uyt de slagt vry raaken waar op wy hoopen vreede te bekoomen, of ten minsten verligting van steelen". Verder lê hy klem daarop dat, as dit nie gedoen word nie , die ingesetenes van Sneeuberg hul plase sal verlaat met die gevolg dat Sneeuberg vir die blankedom verlore sal wees, aangesien daar in die toekoms " geen kans sal weesen, om een bosman daaruyt te haalen sonder perykel van levensgevaar, en daar hier op Snieuwberg nog kans is, sonder groot

- gevaar-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevaar de bosmans te verslaan, twyffle daarom niet of ü. Edl. sal zyn versoek Accepteeren."(12)

Ons kan ons voorstel watter skok hierdie dreigement in die Krygsraad veroorsaak het. Sneeuberg was nie alleen eén van die beste veedistrikte in die oostelike dele nie, maar om die ontruiming daarvan toe te laat sou feitlik beteken die skepping van 'n Boesmanreserwe tussen die ander Koloniste. Soiets kon nooit toegelaat word nie en in alle haas is voorbereidsles getref vir die komende strafekspedisie. Een-derde van die beskikbare getal (13) manskappe sou tuis bly om die plase te beskerm teen 'n rugaanval, terwyl die res onder die Kommandante: G. Opperman, Nicolaas van der Merwe en Gerrit van Wyk verdeel sou word. Opperman, as bevelvoerder oor die hele ekspedisie, sou met die hulp van die vier veldmagmeesters: D.S. van der Merwe, Adriaan van Jaarsveld Jacob de Clercq en Charl Marais in die Sneeuberge en omliggende streke aanval; N. van der Merwe moes die sorg dra oor die Sakrivier en omgewing, terwyl Gerrit van Wyk die aanval in die Boesmanland sou lei.

'n Kykie na die instruksies van Opperman toon ons al spoedig hoe weinig die Stellenbosche Krygsraad in werklikheid van Boesman-aangeleenthede geweet het. By hierdie tyd behoort hul immer al te besef het dat die Boesmans 'n ontembare rowersvolk is, in wese weinig verskillend van diere en met wie 'n standhoudende vrede uit die kwessie was. Maar die instruksies adem heeltemal 'n ander gees. Kommandant Opperman word gelas om nie te kras op te tree nie en sal "alles wat maar mogelyk zal weezen in't werk stellen moeten, om met hun op eene minsame wyse in onder handeling te treeden, mitsgaders deselve langs dien weg tot eene bestand houdende rust en vreedehouding tragten te brengen, en daartoe by de selve neyging vindende als dan met hun een verdrag aangaan". Om hierdie verdrag te bestendig, moet aan hul tabak en ander snuisterye verstrek word, asook eenige plase waar hul hul kon vestig en wat kon dien as Boesman-reserwes. Opperman

- word -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word selfs beveel om oor hul die nodige Kapteins aan te stel "en die, ten teeken en bewys dat zy onder de protectie van 's Lands gebeid aangenomen zyn, de voorsz. Stokken met kopere knappen Waar op 's E. Compagnies merk gegraveerd, behandigen." (14) In geen geval moet die burgers toegelaat word om die Boesmans onder 'n dergelyke vrede te molesteer nie.

Na bladsye van verdere voorligting oor die sagte politiek wat Opperman moet volg, word as 'n bygedagte bygevoeg dat, indien alle vredesvoordragte vrugteloos geblyk het, hy kragtig moet optree. Maar die Krygsraad voel dat dit onnodig sou wees en voeg dit slegs volledigheidshalwe by.

Vroeg in die somer van 1774 is die langverwagte ekspedisie dan eindelik gedoen en tot 'n sekere mate was dit nogal 'n sukses. Oor 'n distansie van meer as driehonderd myl is die noordelike en noord-oostelike grense van die Kolonie aangetas en elke Boesman gedood wat onwillig gevind is om oor te gee. Volgens die rapport van Opperman is nie minder as 503 gedood en 239 gevangegeneem nie, terwyl net een blanke die lewe daarby ingeskiet het.

Tog voel ons dat 'n dergelyk uitgebreide onderneming meer kon verrig het as dit nie was vir die beperkende instruksies nie van die Krygsraad. Opperman het sy bevele nougeset nagekom, maar dis juis hier waar die fout gelê het. Die aanvalle van die burgers op die Boesmans was immers nog altyd gebaseer op verrassing en volgens die instruksies moes eers gepoog word om die Boesmans vriendskaplik oor te haal tot vrede en eers as hul weier, mag hul aangeval word. 'n Verdere bewys van die foutiewe karakter van die instruksies lewer die feit dat slegs een minderwaardige Kaptein gewillig was om voortaan in vrede met die blankes te lewe.

Vir enige maande was daar nou rus op die grense en die veeboere kon hul onverdeelde aandag wy aan hul plase. Maar nie

- vir -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir lank nie. Die Boesmans het inteendeel meer moeilikheid as ooit tevore begin veroorsaak en van tyd tot tyd is die oproep van kommandos genoodsaak. 'n Uitvoerige verslag van 'n dergelyke kommando onder Veldwagmeester Adriaan van Jaarsveld kry ons op 4 September 1775. Weens ongesteldheid en sy gevorderde leeftyd is Opperman van nou af slegs in naam Kommandant, terwyl Adriaan van Jaarsveld in werklikheid die posisie beklee het.

Op 1 Augustus 1775, so lui die rapport, het vier veldkorporaals met 42 burgers en 31 Hottentotte aan die huis van Adriaan van Jaarsveld vergader en onder sy leierskap in die rigting van die Seekoeirivier vertrek. Onwillekeurig doen die vraag hom by ons op of van Jaarsveld nou wel 'n geskikte man vir so'n verantwoordelike posisie was. 'n Uitstekende veldwagmeester was hy ongetwyfeld, maar sou hy aan hoër eise voldoen ? Die antwoord blyk spoedig as ons sy verslag lees en let op sy besondere krygsvernuf. Inplaas van 'n gevange Boesman te dood, het hy hom goed versorg en oorlaai met geskenke na sy stamgenote terug gestuur; "to exhibit towards them a peaceable demeanour, so as thus the more easily to get the other thieves in our power. It was, therefore, unanimously agreed to persuade this Bosman that we came as friends and were merely travelling to the said river to shoot seacows".(15)

Van natuur wantrouend en buitendien ongewoond om 'n dergelyke behandeling aan die hand van die burgers te ontvang, het die Boesmans aanvanklik alle vredesvoordragte met die grootste wantroue bejeën. Maar gaandeweg het van Jaarsveld grond gewen tot 16 Boesmans op die 7e. Aug. na die kommando by die Ronde Kop gekom het "where we shot some more seacows to entice the robbers by the meat, as I knew no other means that could be employed to pay the thieves for the constant murdering and cattle stealing". Op die 9e. het weer enige Boesmans na die boerekamp gekom, maar toe hul nog dieselfde

- nag -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nag weer verdwyn, het Adriaan van Jaarsveld besluit om sy hand te wys. Vroeg op die môre van die 11e. Aug. het hy 'n aanval op Blauw Bank gedoen waar 122 Boesmans gedood en 21 gevangegeneem is. (16)

Met hierdie slag het van Jaarsveld te duidelik sy intensies gewys en kon dus nie verder onder die dekmantel van vriendskap in aanraking met die rowers kom nie. 'n Ander methode moes gevolg word nl. deur Hottentot-spioene uit te stuur om die posisie van die Boesmans te verken. Toe op die 16e. dus berig ontvang is van 'n kraal in die Roode Bergen, het die wakkere leier in die nag die kraal omsingel en gewag op dagbreek. Ondervinding het hom geleer dat die Boesman in die vroë more nog so onder die roes van sy nagtelike feesfiering verkeer, dat hy maklik oorweldig kon word en van hierdie kennis het hy keer op keer gebruikgemaak met goeie gevolg. Die son het dan ook pas sy eerste strale oor die nog slapende kraal gewerp, toe die aanval begin waarin 15 dodgeskiet en 8 gevangegeneem is. (17)

By hierdie ekspediesie kry ons 'n bewys daarvan dat die Boesman ook 'n sterk gevoel van nasionalisme besit het. Twee Boesmans is gevange geneem en belowe om vrygelaat te word, indien hul die burgers na die kraal van hul Kaptein sou lei. Adriaan van Jaarsveld was bewus van die feit dat erens in die Rooiberge 'n groot Boesman kraal was waar die sogenaamde "groot" Kaptein homself opgehou het; maar die kwessie was hoe om die kraal te kry. Die Boesmans het gedurig mekaar deur vure van die koms van die kommandos verwittig en dit het teen hierdie tyd al besonder swaar geword om selfs eén Boesman in die hande te kry. Veronderstel dus die blydskap toe die twee gevangenes belowe om die burgers tot in die hartjie van die Rooiberge te lei en hul die kraal van die "groot" Kaptein aan te wys.

- Maar -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Maar 'n teleurstelling wat Adriaan van Jaarsveld met al sy uitgebreide kennis van die Boesmans selfs nie verwag het nie, het gevolg. Op 'n slinkse wyse het die twee prisoniers die burgers al om die kraal gelei tot hul makkers onraad gemerk en op die vlug geslaan het. Onderhewig by verdere misleiding aan die doodstraf, het die gevangenes 'n tweede keer belowe om 'n kraal aan te wys, "but they had only gone about an hour, when the two deceivers fell on the ground; our spies desired them to rise, but they lay as if dead, without making answer; they then tried to make them rise by means of some blows, but they still made as if they were dead; and seeing no means of getting these deceivers to leave the spot and that they might not be any further betrayed by them, they were therefore killed on the spot".(18) Siedaar 'n geval van patriotisme soos selde by blankes aangetref word.

Nog 'n laaste sukses het van Jaarsveld gehad toe hy op die 19e. Augustus 'n groep Boesmans in 'n grot vasgekeer en 44 gedood het. Graag sou hy die distrik vir goed van die rowers wou bevry het, maar die Boesmans het so die wyk geneem dat 'n uitgebreide soektog alleen enige vrugte sou afgewerp het. Hiertoe het sy voorraad ammunisie en mondproviesie hom nie toegelaat nie en op die 24e. Aug. moes hy noodgedwonge die kommando ontbind.

Sodra die burgers egter tuis was, het die Boesmans weer opnuut begin moeilikheid veroorsaak en die toestand het spoedig weer haas ondraaglik geword. In sy rapport van 18 Maart 1776 meld van Jaarsveld dat vanaf die eerste tot die agste Maart, die minder as 41 beeste, 368 skape en 8 perde gesteel is nie en dat slegs 23 Boesmans op drie agtereenvolgende kommandos geskiet is.(19)

Wat meer is, die burgers het hoe langer hoe minder geneig geword om hul daagliks aan die gevare van kommandodienste bloot te stel. Eerder as om in 'n toestand van

- voortdurende -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voortdurende vrees te lewe, het baie van hul Sneeuberg verlaat en na 'n meer gunstige omgewing getrek. Adriaan van Jaarsveld het terdeë die ernstige karakter van die saak besef en aanvanklik alles in sy vermoë gedoen om die eksodus teë te gaan. Met die hulp van ander welgesteldes het hy restitusie van gesteelde vee gedoen aan dieg~ene wat die swaarste onder die rooftogte van die Boesmans gely het,(20) dog die toestand het selfs vir sy haas onuitputbare energie tè veeleisend geword. In November 1776 het ook hy die Sneeuberge verlaat en hom in die Camdeboo gaan vestig.(21)

Met die ontruiming van Sneeuberg het die Kaapse Regering geweldig geskrik. Die amptenare het hul nie eintlik veel gesteur aan die grenstoestande nie en hulself altyd wysgemaak dat sake nou wel nie so ernstig was nie. Maar die feit dat 'n bewoonde streek ontruim moes word as gevolg van die intogte van Boesmans, het hul wakker geskud. Op 16 Junie 1777 is besluit dat "alle zagte middelen, om voorsz. roofzugtige natie tot stikstand te brengen, vrugteloos zyn aangewend, moeten besluyten in de gedane voorstellinge om deselve door sterkere Commandos te doen attacqueeren en langs dien weg wy uyt te roeyen".(22) 'n Oormaat van ammuniesie is na die oosgrens gestuur en Kommandant Opperman is gelas om nie slegs die Boesmans met hernude kragte aan te pak nie, maar ook om die burgers van Sneeuberg te beweeg na hul plase terug te keer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

V.

VELDWAGMEESTER VAN DIE CAMDEBOO.

Adriaan van Jaarsveld het nouliks sy intrek in die Camdeboo geneem, of 'n militaire onderskeiding het hom te beurt geval. Aangesien hy "een zodanigen Commando voerende persoon komt te weesen, en uit aanmerking den reeds betoonde vigilantie van hem van Jaarsveld by vorige functie",(24) is hy op 5 Mei 1778 ten derde male aangestel as veldwagmeester. Nog dieselfde dag is hy daarvan in kennis gestel "in vertrouwen dat gy deesen uwen post met alle vigilantie zult komen waar te nemen, ten einde alle onbetamelykheeden die tegen de Rust en Veiligheid der goede Ingeseetenen aldaar mogten komen voortevallen, ten eerste te beletten en te keer te gaan."(25)

Met hernude kragte is die Boesmans weer aangepak, kommandos het die rowers van een skuilplek na die ander verjaag en aan alles het dit gelyk of die Boesman-kwessie nou eindelik opgelos gaan word toe die reaksie kom. Lank reeds moeg van die voortdurende kommandodienste, het sommige burgers nou prontweg die bevele van hul krygsoffisiere verontagsaam en geweier om enige verdere kommandodiens te doen. Die ergste van die saak was dat toe hierdie persone by die Krygsraad aangekla is, hul met 'n waarskuwing vrygespring het en hul voorbeeld deur ander gevolg is.

Adriaan van Jaarsveld en ander vooruitstrewendes het lank reeds die grondoorsaak van alle wantoestande op die oosgrens ingesien en nou besluit om die saak aan die regering voor te dra. In Maart 1778 rig hul 'n petisie aan die Politieke Raad waarin hul versoek om 'n eie Landdros, kerk en skool. Hul wys daarop hoe ver die oosgrens van Stellenbosch gelee is en hoe moeilik dit vir hulle val om in aanraking met die Drosdy te kom. Wat meer is, die aanstelling van 'n eie magistrature sou outomaties die herstel van wantoestande op die oosgrens meebring.

- Die -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die uitvloeisel van die saak was dat Goewerneur Joachim van Plettenberg in persoon die oosgrens besoek het teen die end van 1778 om toestande self te ondersoek. Sy eerste taak was om 'n definitiewe oosgrens te bepaal. In Junie 1775 het die Politieke Raad reeds die Groot Visrivier tot oostelike grens van die Kolonie verklaar, maar intussen het komplikasies met die Amagwalistam onder hulle hoof Titi ontstaan en van Plettenberg moes opnuut 'n belofte van die kaffers kry om die Visrivier as grens te erken.

Vervolgens het die Goewerneur die burgers van die Visrivier en Bruintjieshoogte op die plaas van Willem Prinsloo ontmoet en ingegaan op hul versoek. Hy vind dat hul veel te ly het onder die hande van die Boesmans en dat die aanstelling van 'n eie Landdros ongetwyfeld die posisie baie sou verbeter. Maar aleer hy kon oorgaan tot so'n stap moes hy die sanksie van die Here 17 ontvang en hier juis het die moeilikheid gelê - die Here 17 het prontweg geweier om enige verdere uitbreiding goed te keur ! (26)

Blykbaar as vergoeding vir die geweierde magistrature, het die Krygsraad in 1779 met 'n nuwe kryg staktiek voor die dag gekom. Die veldwagmeesters van Sneeuberg en die Camdeboo is gelas om die helfte van die onder-hul-sorterende-manskappe op te kommandeer en die kommando is verplig omminstens eên maand in die veld te vertoef. Sodra hul ontbind, neem die orige helfte van die manskappe weer die veld vir 'n maand. (27) Op hierdie manier,het die Krygsraad geredeneer, sou daar voortdurend 'n tamelike sterk kommando in die veld wees, terwyl die distrik terselfdertyd beskerm bly teen rugaanvalle.

Aanvanklik het die nuwe methode goeie vrugte afgewerp en die grensboere was veel minder aan die rooftogte van die Boesmans blootgestel. Maar om ses maande van die jaar op kommando te wees terwyl hul boerdery in die tussentyd agteruitgaan, dit was nou eenkeer te veel om van enigeen te verg en

- die -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die grensboere het hul spoedig op geen onsekere wyse hieroor uitgedruk nie. Die end van die saak was dat die hele skema in duie geval het weens die onwil van baie burgers om verdere kommandodiens te verrig. So lees ons in 'n rapport van 11 Sept. 1779 dat Adriaan van Jaarsveld vanaf 15 Aug. tot 8 Sept. as leier van 'n kommando ageer het, maar weens gebrek aan die nodige manskappe was die ekspediesie 'n mislukking. Op die 6e. Sept. het hul bv. 'n groot Boesmankraal aangeval "and shot no more than thirteen, took six little ones, for were much too weak to surround and turn such a great number of robbers, from the smallness of our members we were obliged to stand very wide apart and when the Bushmen saw that there were so few of us, they rushed on and shot at us so that we were forced to give way". (28)

Adriaan van Jaarsveld het altyd 'n besondere hoë pligsbesef gehad en ons kan hom dit nie kwalik neem dat hy hom oor hierdie voorval besonder sterk uitgedruk het nie. Hoogs verontwaardig het hy aan die Landdros verklaar "that it is full time that we Sergeants should make our complaints to the Landdrost, and if the most rigorous proceedings be not had against such unwilling people, I fear that henceforth we shall be unable to get one man on commando; for if they will no longer obey the orders of their government, how much less will they obey a Sergeant, more particularly as we have been assured by the men who did attend, that usless such disobedience be reported and punished, they do not intend in future to risk their lives with so few men, that nothing useful can be effected against the numbers of the enemy." (29) Verder lê hy klem daarop dat die kommandodiens in stand moet gehou word, anders sou die hele distrik vir die blankedom verlore gaan.

In antwoord het die Krygsraad op 7 Des. 1779 gevind "dat het niet behoorlyk uitvoeren dier voort algemeen geschikte Heilzame orders, ten principalen toe te schryfen, is aan d' oneensgezind en verdeeldheid mitsg. eigendunkelyke gedoentens die zo wel onder de Veldwachtmeesters als by de onder hyn

- sorteerende -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sorteerende Corporaals en Burgers plaats hebben gehad. Gelyk teffens goedgevonden is, aan ieder dier veldwachtmeesters in't byzonder, nevens gemelde brieven te laten afgaan, Een Schriftelyke ordre en vermaning aan alle de onder hun sorteerende Ingeseetenen, behelsende dezelve hoofsakelyk dat Zylieden als welgezinde Burgers met goede eendragt, gepaard met schuldige gehoorsaamheid en respect aan de over hun gestelde onderofficiere de Commando t' hervatten en deselve met agterlating van alle party schappen en verdeeldheden, volgens onse ordre en't beleid der officieren zullen hebben uit te voeren".(30)

Waar die Krygsraad hier praat van "eigendunkelyke gedoentens", sinspeel hul op die gedrag van Adriaan van Jaarsveld. Toe hy hulle op 21 Januarie 1779 versoek het om Cornelis Bothma as veldkorporaal in die plek van Francois Labuschagne aan te stel en geen antwoord ontvang het nie, het hy daartoe oorgegaan om eiehandig die aanstelling te doen. In antwoord op die protes van die Krygsraad, het hy op 8 April sy posisie uiteengesit en verklaar "dat den gemelde labeschange een seer onbekwaam man ben voor dien post 't welk den nootsakelykhyt alhier tegens woordig wel anders vereyst, want men staan om den in breuk der rovers te verhinderen en het van ons geroofde wederom te halen, waarin ik tot het minste toe van labeschange geen adsistentie heeft gehad nog krygen kunt, door dien hy hem alvoors op zyn gebrek en onbekwaamhyt beroept, waar in ik den burger Cornelis botma heeft moeten gebruyken en tot nog seer wel bekwaam gevonden heeft".(31)

Op hierdie staduim het egter 'n nuwe gevaar op die gesigseinder van die grensboer verskyn, 'n gevaar wat spoedig die Boesman-kwessie sou oorskadu en alle ander moeilikhede in die nietigheid stel, nl. die kaffers. Vroeg in die sewentiger jare van die agtiende eeu kry ons al melding van klein botsings tussen die grensboere en Bantoes op die oosgrens, maar dit was gewoonlik slegs van 'n nietige aard soos trouens altyd voorkom by handelstransaksies. Dog die saak het nou 'n veel ernstiger wending

- geneem -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geneem ! Gevolg deur al sy onderdane, het Tsjaka en Koengwa in die winter van 1779 die Groot Visrivier oorkruis en spoedig was die kafferirrupsie van 1779 'n voldonge feit.

Die inval is ongetwyfeld deur onderlinge twiste tussen die verskillende stamme self veroorsaak, maar dit sou gesog wees om die inval alleen aan 'n gebrek aan beweegruimte toe te skrywe. Eerder was die groot veetroppe van die boere die lokaas, soos trouens spoedig deur die dade van die kaffers bewys is toe moordaanvalle en skriktonele daaglikse gebeurtenisse geword het.

Adriaan van Jaarsveld en die ander krygsoffisiere het hul dan ook spoedig in 'n onbenydenswaardige posisie bevind. Aan die een kant het die kaffers daagliks in brutaliteit toegeneem, terwyl die kommandodienste aan die ander kant tydelik gestuit het op 'n gebrek aan ammuniesie en die verdeeldheid tussen die grensboere self. Wat meer is, die krygsoffisiere het hul in die duister bevind aangesien hul instruksies geen voorsiening gemaak het vir 'n dergelyke kafferinval nie.

Die enigste uitweg was om die saak dadelik aan die Krygsraad te rapporteer en die kaffers intussen sover moontlik in bedwang te hou. So kry ons op 12 Junie en 17 Julie twee missives van Adriaan van Jaarsveld aan die Krygsraad vervattende 'n omstandige bericht re de gesteldheid van die onluste op die oosgrens. Hy meld "dat den Caffers weder leggen aan deze zyde van groot Visrivier aan den Camdagga, waar op ik U. Edl. verseekere dat in korte wolgen zal dat den geheele van bruynshoogte, Zwarte ruggens en Camdeboo door hun zal werden overweldigt, want wy hebben met ons alle niet kruyt nog loot om ons te verweren, het is den Here bekend hoe Elendig dat het nog met onze vrouwe en kinderen zullen gaan, want het is den selve kaffers die daar leggen daar reets den vyantschap made is." (32)

Dit blyk verder uit die rapporte dat die opperhoof Rarabe die hulp van die Koloniste ingeroep het, onder aanbod van 'n bestendige vrede, om sodoende sy weerspannige onderdane tot gehoorsaamheid te dwing. Adriaan van Jaarsveld meen egter dat hy eers die saak aan die regering moes voordra,

- voordat -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voordat daar enige besluite geneem kon word.

Kommunikasie-fasiliteite was in hierdie tyd nog maar baie gebrekkig en dit het maande geneem voor die Krygsraad te Stellenbosch kennis ontvang het van die kafferinval. Intussen moes die grenspoere veel verduur aan die hande van die kaffers en om die toestand hagliker te maak, het die onderlinge verdeeldheid tussen die Koloniste voortgeduur. Elkeen het gedoen soos hy wou en selfs die veldkorporaals het alle ongehoorsaamheid aan die veldwagmeesters opgesê. Ons kan ons goed voorstel hoe tergend die posisie vir Adriaan van Jaarsveld moes gewees het. As uitgesproke egoïs (33) wou hy onder alle omstandighede sy posisie erken sien en om nou ontbloot te wees van byna alle gesag, het sy eie ek diep gewond. Gevolglik het hy op 4 okt. 1780 sy bedanking aan die Krygsraad gerig met die volgende verklaring: "Having purchased a farm in Camdeboo, I have given over the charge of my post to the Field Corporal Cornelis Bothma, with exception of the kafirs, that no harm may be done to them before orders are given to that effect. I therefore send you my appointment and beg to resign the employment. I have reflected much upon the matter, and it appears to me the best course, and that certainly which involves the least extent of responsibility, to quit entirely; for to continue longer with all these disorderly Field Sergeants can lead to nothing but disgrace. Nevertheless, should orders be issued respecting the arrangement with the kafirs I feel myself bound to attend to them, according to the order, because I undertook to do so". (34)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VI.

VELD- KOMMANDANT VAN DIE OOSTELIKE VELDE.

Met die bedanking het Adriaan van Jaarsveld gemeen om virgoed die demper op sy publieke loopbaan te sit, ten minste, indien die Krygsraad dit so wil, sou hy nog net behulpsaam wees in die oplossing van die toenmalige kafferkwessie en daarna sy welverdiende rus geniet.

Maar die Krygsraad het dit anders gewil. Toe hierdie liggaam eindelik berig ontvang van die kafferirrupsie, het hul dadelik die saak aan die Goewerneur voorgedra en 'n uiters belangrike voorstel gedoen nl. hul is van mening dat " de presente omstandigheeden wel eene Spoedige Schikkinge komen te vorderen, waar door in dezelve afgeleegenen velden de ordre zo veel mogelyk verbeeterd en tot bescherminge meer ondergeschiktheid tot vereeniging der kragten ter algemeene bescherminge werde te weeg gebragt, en dat wy, onder eerbiedige correctie..... ten dien einde geen gepaster middel hebben weeten uit te denken, als het aanstellen van bekwame personen tot Veldcommandanten, met toevoeging van zekeren burgerlyken rang." (35)

Maar, gaan die brief verder, weens die uitgestrektheid van die grensstreek sou een Kommandant van min waarde wees en derhalwe word aanbeveel om beide in die noordelike en oostelike velde 'n Kommandant aan te stel , elk met 'n onder-Kommandant tot assistensie. Hiervolgens word die oostelike grensstreek dan in twee dele verdeel nl. die Kommandant oor die oostelike velde sou beheer voer oor die vyf veldwagmeesters " die 't naast daar aan grensen, te weeten agter de Bruynshoogte, agter den Sneeuwberg, op denselven Berg, aan't Camdebo's Gebergte en over de Camdebo's rivier". Die veld-Kommandant van die noordelike velde sou aan die ander kant bevel voer "over de twee veldwachtmeesters gesteld onder langs den Sneeuwberg

- en -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en in't Nieuweveld agter de Coup, met auctoriteit om ook des Noods tot meerder adsistentie te kunnen Commandeeren, de vier veldwachtmeesters, posthoudende in't klyne en middelste roggeveld, in't groote Roggeveld, en in't Bokkeveld over den Doorn rivier langs den Swarten berg ".

Op 14 Nov. 1780 het die Goewerneur hierdie voorstelle goedgevind " en hebben dierhalven van de aan ons voorgedragene personen de volgende aanstellingen gedaan, als — In de ten Oosten leggende Velden :- Adriaan van Jaarsveld tot Commandant met de rang van Luitenant en t' zyner adsistentie in deselve velden D.S. van der Merwe, met rang van Cornet.

In de Noordelyke Velden :-

Charl Marais tot Commandant met rang van Luitenant en tot adsistentie David de Villiers, met rang van Cornet". (36) Voor Adriaan van Jaarsveld se bedanking as veldwagmeester dus Stellenbosch bereik het, is hy aangestel as Veld-Kommandant.

Voor ons oorgaan tot 'n bespreking van die instruksies aan Veld-Kommandant Adriaan van Jaarsveld gegee, dien gelet te word op 'n rapport van die Veldwagmeester Josua Joubert, nie alleen omdat dit lig werp op die gees in die instruksies geopenbaar nie, maar tewens ook omdat ons hier 'n verdraaide voorstelling van feite kry wat spoedig as gevolg sou hê 'n foutiewe konsepsie van kafferaangeleenthede. Josua Joubert meen dan "dat deeze vyandelykheden wel voornamelyk ontstaan zyn, door't geweld en den overlast der Ingezetenen aan de kaffers gepleegd en in welker op zigte zy zig aan den Veldwachtmeester beklaagd hebben over Willem Prinsloo de oude , die zig van eenige beesten , hem toebehoorende, meester had gemaakt en ook over Marthinus Prinsloo, door welken of zyne meede togtgenoten, op hun togt in't Kafferlaned, een der onderhorigen van Capitain Gaggabe om't leven was gebracht". (37)

Toe gemelde persone aangeklae is, het hul allerhande verskonings gemaak en weer die kaffers op hul beurt aangeklae

- en -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en beskuldig .Die Landdros van Stellenbosch het self gemeen dat dit moontlik is dat die kaffers hul aan oortredinge sal skuldig maak, "maar't is ondertusschen ook zeker dat 't gezin van Willem Prinsloo de oude, voor't grootste gedeelte schadelyke en onruswekkende bewoonders van dat Veld zyn , die niet nalaten zullen, alles te beproeven wat mogelyk zy, om de Kaffers van daar te doen delageeren."(38)

My kontensie is nie om die grensboere van alle skuld vry te spreek en die blaam aan die deur van die kaffers te lê nie.Ons weet tog immers dat die Oosgrens destyds baie wilde en onverskrokke karakters gehuisves het, wat in hul doen en late met die kaffers hul dikwels skuldig gemaak het aan ernstige vergrype en ook dat daar gedurig 'n smokkelhandel aan die gang was . Maar dit sou beide verregaande en onbillik wees teenoor die grensboere om te beweer dat hul die kafferinval van 1779 met sy treurige nasleep veroorsaak het, en ter stawing van hierdie bewering is dit genoeg om na die latere kaffergeskiedenis te verwys, hoewel die toestande toe natuurlik nie identies met die van 1779 was nie.

Die instruksies van Veldkommandant Adriaan van Jaarsveld, uitgevaardig op 6 Maart 1781, kan ons gewoeglikerwys onder die drie volgende hoofde groepeer nl:-

(a) Sy gedrag ten opsigte van die kaffers.

(b) Sy gedrag insake Boesman-aangeleenthede.

(c) Besonderhede re sy amp.

Waarom word daar dan 'n verskil in optrede gemaak teenoor die kaffers en Boesmans ? Die Landdros gee self die antwoord in die instruksie: "de Bosjesmans Hottentotten als een woest volk in hun levensaart, zo zeer verschillende van de kaffers, dat de laatste in tegenoverstelling meer handelbaar, beschaafd en onder-geschikt zyn aan hunne hoofden, mitsgaders geregeerd werden volgens hunne gebruiken in plaats van wetten, spreek 't ook van zelfs dat de handelwyze omtrent de beide Noord en Oostwaards aangrenzende Natien (i.e. die Boesmans en

- kaffers -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kaffers), dien overeenkomstig en zeer verschillende moest zyn".

In die aanhef van die instruksie gee die Krygsraad eerstens die rede waarom Adriaan van Jaarsveld as veldkommandant aangestel is : "d' oogmerk van den Weledelen Gestrangen Heer Gouverneur en Edelen Achtbaren Rade van Politie, in U. Edl. aanstelling tot de voorzeide ampten, strekt tot voorkoming en verbetering van verlerlei negligentien, onordres en Confusien, die seedert eenen geruimen tyd herwaards onder de verafwonende Ingeseetenen hebben plaats gehad, en zo meede daar't de noot vordert, deselve Ingesetenen in eenen beeteren Staat te stellen tot het afkeeren van alle geweld en vyandelykheeden die tegen hun goede rust en veiligheid, het zy door de rovende Bosjesmans Hottentotten dan wel door de aangrenzende Kaffers mogten ondernomen worden zullen U. Edl. ter beantwoording aan dat oogmerk alle vlyt en behoorlyke vigilantie hebben aan te wenden."

(a) Adriaan van Jaarsveld se eerste plig as veldkommandant moet wees om 'n bestendige verhoud van vrede met die kafferopperhoofde te sluit, waarvolgens die Groot Visrivier as skeiding tussen blank en gekleurd erken sou word. En om hierdie geslote verdrag te bestendig moet daar 'n wedersydse uitlewering van gesteelde of verowerde vee plaasvind. Hierby moet veral sorg gedra word "dat men van de kant der Ingezeetenen met alle goede trouw en op-reechtheid te werk ga" (Arts 4 & 5). Wat meer is, daar moet ook "wederzynsch werde veraccordeert en overeengekomen dat wanneer door iemand der kaffers eenig geweld of overlast aan onze Ingezeetenen werde toegebragt, men zig naa voorgaande kennisgewing aan U. Edl. met de klagten daarover, zal kunnen vervoegen by den Capitain van de geene, door wien 't geweld of overlast is geschied, om voldoeninge deswegens t' erlangen met het straffen van den daden na hunne wyzen". In ~~hi~~ gevalle waar blankes die skuldiges is, moet Adriaan van Jaarsveld sorg dra dat sulke persone deeglik gestraf word. (Arts. 6 & 7).

Insake die versoek van Kaptein Rarabe om hulp, is Adriaan van Jaarsveld ten strengste gelas "om zig op geenerley wyze in te laten met dé verschillen die, zoo onder die natie,

- als -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

als met elkanderen in vyandschap zynde Capitains , reeds plaats grypend of verder zouden mogen ontstaan, maar den stryd daar over en de beslissing van dien aan hun zelfs overlaaten, zonder aan d'een of andere syde parthy te kiesen".

Daar ten opsigte van die verbode veehandel met die kaffers en Hottentotte, "door zommige reukeloze en baatzugtige Ingezeeten daar inne evenwel werd voortgevaren, en by die gelegentheid aan die kaffers veel geweld en overlast gepleegd", tot so'n mate selfs dat die onlangse vyandelikhede daaruit ontstaan het, word van Jaarsveld gelas om sorg te dra "dat niemand der Ingezeetenen zig verstoute over de groote Vischrivier te trekken veel minder met de kaffers aan te gaan". (Art. 9).

Slegs in die laaste instansie, nadat alle vredesvoordragte vrugteloos geblyk en die kaffers geweier het om die Groot Visrivier as grens te erken, is Adriaan van Jaarsveld daarop geregtig om 'n sterk kommando op die been te bring en die kaffers uit die Kolonie te verdryf. Onder dergelyke omstandighede sou die burgers egter nie daarop geregtig wees om enige vee buit te maak nie "tenzy er oogenschynlyk onder het hunne eenig vee mogt werden ontdekt, het geen onze Ingezeeten ontrooft is, tot welkers herneeming alleen vryheid werd gelaaten".

(b) Belangende inteendeel die Boesmans "die zonder een vast verblyf te houden, nog steeds omzwerven, mitsgaders met derzelven roofzugtige bedryven de Ingezeetenen onophoudelyk kwellen en in derzelven bezitting en ontrusten" en met wie daar geen hoop op 'n bestendige vrede is nie, word van Jaarsveld beveel "om door sterke Commandos dezelve in hunne spelonken en schuilhoeken te attacqueeren en te overmeesteren". Indien hul nie geneig is om vrywillig oor te gee nie, "werd U. Edl. vryheid gelaten, hun om't leven te doen brengen en ten eenenmale te verdelgen", maar tog die vroue kinders en onweerbare manne sover moontlik te spaar en onmenslike wreedhede te vermy. Sowel die gevange weerbare as onweerbare manne en kinders moet dan by die burgers ingeboek word vir 'n vasgestelde termyn.

(c) Wat sy pligte en bevoegdhede as veldkommandant betref,

- sal -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal Adriaan van Jaarsveld bevel voer oor alle veldwagmeesters en korporaals in die oostelike Velde; al hierdie persone is onderdanigheid aan hom verskuldig en verplig om sy bevele ten strengste uit te voer. Hy moet sorg dat sy onderoffisiere jaarlikse lyste inlewer van die burgers wat onder hul sorteer, dat die miliesieoefenings getrou bygewoon en verder alle reëls deeglik nagekom word. Selfs het hy die reg om nuwe onderoffisiere, onder goedkeuring van die Krygsraad, aan te stel.

Ten laatste word nog gesê dat, ten opsigte van sake wat mag voorkom waaroor die instruksies nie handel nie en wat 'n subiete optrede vorder, "zullen U. Edl. beide (i.e. die twee veldkommandante) met gemeen overleg en gepaste voorzigtigheid moeten te werk gaan, mitsgaders daar het van eenig groot aanbelang komt te zyn en zig zwarigheeden opdoen, of wel, dat U. Edl. beide in gevoelens verschillen, het Advys der naast bygeleegene Veldwachtmeesters in neemen, om zig na de meederheid te rigten".

By 'n besprekking van die instruksie merk ons al dadelik die sonderlinge gehalte van die bevele ten opsigte van die kaffers op. Trouens die konsiliërende karakter van wat ons kan noem, hierdie eerste geskrewe kafferpolitiek van die Kompanjie, tref 'n mens by die oppervlakkigste studie en 'n mens staan verbaas oor die onkunde daarin geopenbaar. Die Landdros van Stellenbosch was ongetwyfeld maar 'n leek insake kafferaangeleenthede en ons kan hom dus verskoon waar hy praat van 'n bestendige verdrag met die kaffers. Maar ons moet versigtig wees om hom nie te skerp te beoordeel nie. 'n Besuinings-politiek was immers altyd 'n uitstaande kenmerk van die Kompanjie-administrasie, temeer so in die laaste jare van sy bestaan, en ons kan verwag dat aan die Landdros van Stellenbosch voorgeskryf is om sover moontlik 'n kosbare botsing met die Bantu te vermy.

Nietemin het die regering terdeë die ernstige karakter van die kafferkwessie besef en die aanstelling van Adriaan van

- Jaarsveld -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaarsveld tot kommandant moet derhalwe as 'n groot eer beskou word. Weliswaar is die eer gedeel deur 'n twede kommandant, maar ons moenie vergeet dat die Oostelike Velde die sentrum van die vyandelikhede was en Adriaan van Jaarsveld dus die belangrikste posisie beklee het nie. Die regering het immers die grootste vertroue in hom gehad en was oortuig dat slegs hy instaat was om die kafferkwessie suksesvol op te los.

In hoeverre het van Jaarsveld sy instruksie uitgevoer ? Uit sy vorige geskiedenis weet ons dat hy geen persoon was om 'n konsiliërende politiek uit te voer nie. Vanaf sy vroegste jare het die ontberinge van die geïsoleerde boer, tesame met die gevare van 'n byna kroniese stryd met die boesmans, 'n inherente deel van sy lewe gevorm en dure ondervinding het hom geleer om die inboorlinge geen speelruimte toe te laat nie.

Adriaan van Jaarsveld het geen tyd verloor nie in die uitvoering van sy pligte. Die opperhoofde aan hierdie sy van die Groot Visrivier is versoek om in Kafferland terug te trek en toe hul weier, uitgesonderd Langa, die broer van Barabe - het die kommandant nie geaarsel om na magsmiddele te gryp nie. Op 23 Mei 1781 het dus 'n kommando bestaande uit 92 burgers en 40 Hottentotte, onder leiding van Adriaan van Jaarsveld, operasies teen die kaffers begin.

Die kommandant was nie 'n persoon wat hom onvoorbereid in 'n stryd gewaag het nie. Sy ingebore krygsintuïsie het hom immers vertel dat hy nou met 'n gevaarlike vyand as die Boesman te doen het en hy het hom dus deeglik voorbereï vir die komende stryd. Die plaas van Willem Prins in die Suurveld is gekies as 'n geskikte basis vir operasies en hier is 'n militaire kamp opgerig wat later in die geskiedenis bekend sou staan as 'n laër. Deur waens in 'n sirkel te trek, met die disselboom van die een onder die bukplank van die ander, en die openinge tussens die waens met dorinstakke op te vul, het Adriaan van Jaarsveld op unieke wyse 'n veiligheidshawe geskep en so aan ons latere pioniers 'n onskatbare diens bewys.(40)

Op 1 Junie is die kapteins nog virlaas gewaarsku om oor die grens te trek en toe op die 6e. nognie aan die versoek

-voldoen-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voldoen is nie, het Adriaan van Jaarsveld nie langer gearsel nie. Sy tolk, Karkotie, het hom immers gewaarsku om op sy hoede te wees, daar hy die kaffers hoor sê het dat hul van plan is om die burgers om tabak te vra en sodoende onder hul in te dring. Toe Adriaan van Jaarsveld dus 'n impi teëkom en die kaffers onder sy burgers begin indring, was hy gereed. Op hierdie staduim kan ons gevoeglik die verhaal aan hom oorlaat: "Terwyl ik wel bespeure dat het niet ~~welm~~ anders kon vrezen als wanneer den Caffers eerst zoude aan vallen, van myn kant vele zoude vallen, zo hebbe ik al den tobat (tabak) dat men by zig hadde schielyk laten by een breng en, tot klyne stukken gesneden hebbende, den omtrent twaalf trede voor het vront gegaan, den zelve den Caffers toe gegooyt en aan geroepen dat ze moeste oprapen; alze zyn hebben hunner overleg vergeten, zo heb ik commandeert van vuer, alzo zyn den bovengemelde drie Capityens overrompelt en met al hun weerbare geslagen geworden, ook een gedeelte van hun beesten ontrowen den getal van agthondert". (41) Sodindig die bekende tabakinsident wat ongetwyfeld 'n oorweldigende ramp sou gewees het en die sukses waarvan slegs aan die ingebore krygsbehendigheid van Adriaan van Jaarsveld toe te skrywe is.

Hoe oordeel historici oor hierdie voorval ? Cory meen dat "atrocious as the deed may seem to have been, it is difficult to see how, under the circumstances, the obvious trickery of the natives could have been met except by trickery". (42) Dit was 'n geval waarin onheil een van die twee partye moes tref en Adriaan van Jaarsveld het tereg die kaffers laat boet vir hul verraderlike bedoelings.

Die volgende dag is die aanvalle voortgesit "agter den boschberg, alwaar ik den andere gedeelte der Caffers bevonden, namentlyk den Capiteyns Coba, Magote en thathoe; en heeft hun ook ataqueert en ook van't haar ontnomen duysent en

- dertig -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dertig beesten, en heeft haar door't gevangene laten aan condigen als dat wanneer zy nu nog overeenkomstig hunner aan zyn wel Edelen gedane beloften, wilde voldoen, mitsgaders den uyt wisseling der beesten, dat als dan al het hare zal weder gegeven, en den vrede weder op nuet besloten worden." Maar as antwoord "kwamen den Caffers met menig-te uyt den bosschen en ons toe roepe dat ze het hare wel soude weder krygen als het maar eerst nagt geworden was". Die nag het die kaffers ook werklik 'n poging gedoen om hul verowerde vee terug te haal, maar soos gewoonlik was die wakkere kommandant op sy hoede en die kaffers is teruggeslaan met 'n verlies van ses dooies en gewondes.(43)

Teen hierdie tyd was die kaffers alreeds op die vlug en Adriaan van Jaarsveld besluit om sy kommando voorlopig tot die 10e. Julie te bedank. Dog reeds op 2 Julie is berig ontvang dat die kaffers Joahnnes van Rensburg van al sy vee beroof het en die burgers is weer in alle haas opgekommandeer met die voornemens om nou definitief die kaffers oor die grens te jaag.

Op die 16e. Julie het die kommando "den Capitayen thastthoe aan getroffen daar groot en klyen Vis Rivier in malkander loopt, en hem met alle desselfs weerbare geslagen, ook drie hottentotten van de onzen door hun gekwest geworden, en hun 1500 beesten ontnomen". Die volgende dag is "den Capityens Thiete en Zeka aan den Thouhie gelegen aan deze zyde van den groot Vis Rivier, aan getakst, waar door den menigte van bosschen zeer wynig kunne slaan, dog ook een gedeelte van hun beesten ontnomen, den getal van 2000."(44)

Met hierdie laaste slag het die eerste kafferoorlog geeindig en die kommando is op 17 Julie ontbind, nadat hul ongeveer twee maande in die veld was. Veiligheidshalwe is nog twaalf wagte op die buiteposte geplaas om te rapporteer sodra die kaffers weer die grens oorskry.

- Hoewel -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel die regering bepaal het dat daar geen vee mag buit gemaak word nie, sien ons tog dat Adriaan van Jaarsveld hom weinig hieraan gesteur het en nie minder as 5330 beeste verowwer is nie. As verklaring voer hy aan, "eerstens 'om dat den beesten na den opgegevene getal 't welk door den Caffers ontrooft geworden nog te min, en ook niet meer alle gekent kon worden vermits alle den ontroofden den oren en sterten waren afgesneden". Ten tweede, sê hy, "den alte grote armoede en hongers noot by de gene die van hare levens middel ontrooft ben, zoude zekerlyk slegte gevolgen veroorsaken; om 't selven voor te komen hebbe ik 't best gedagt den sodanige Eenigsints weder te herstellen". Ten laaste, meen hy, is dit 'n gepaste middel om "den Caffers ook door verlies van het hare te genootzaken voortaan in hun lant te blyven". Die verowerde vee is dus onder die burgers verdeel en die regering moes dit goedkeur, hoewel van Jaarsveld gewaarsku is om in die toekoms eers die Krygsraad te raadpleeg voor hy tot so'n gewigtige stap oorgaan.(45)

Noudat die kafferkwessie tydelik opgelos is en die opperhoofde, uitgesonderd Tsjaka, belowe het om voortaan die Groot Visrivier as grens te erken, kon Adriaan van Jaarsveld weer sy onverdeelde aandag aan die Boesmans gee. Weens sy gevorderde ouderdom kon hyself egter nie meer aktief deelneem nie en het sy vernaamste plig daarin bestaan om toe te sien dat sy onderoffisiere hul pligte deeglik nakom.

Dog die Boesman gevaar was nie meer van so'n ernstige karakter soos eertyds nie. Van tyd tot tyd maak die bronne weliswaar nog melding van invalle, maar die tydsverloop tussen dergelyke invalle het gaandeweg groter geword tot die Boesmankwessie feitlik 'n verskrikking van die verlede geword het. Maar die grensboer sou geen vrede smaak nie. Die kaffers het alweer verlangende blikke op die veetroppe van die burgers begin werp en in klein groepies die grens oorkruis. Billikheidshalwe word ons egter gedwing om te konstateer dat 'n groepie burgers eweveel skuld aan die onreëlmatighede gehad het. Adriaan van Jaarsveld was geen kaffervriend nie en waar hy dus by die

- owerhede -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

owerhede klae oor die doen van onregmatige handelsekspediesies in Kafferland, kan ons nie die waarheid van sy bewerings ontken nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(A)

ONHEILSPELIENDE VOORTEKENS.

Die moeilikhede van die jaar 1782 het juis hul ontstaan in hierdie onwettige handel gehad. Dit blyk dat sommige burgers - waronder die Prinsloos uitstaande figure was - onder die leiding van veldkorporaal Cornelis Bothma, reeds vir jare 'n onwettige ruilhandel met die kaffers gedryf het. Toe Adriaan van Jaarsveld hom hierteen uitspreek, het gemelde burgers onder aanhitsing van Bothma tot openlike verset oorgegaan en geweier om enige verdere bevele van van Jaarsveld te gehoorsaam. (46)

Die uitvloeisel van die saak was dat Kommandant Adriaan van Jaarsveld Cornelis Bothma aangekla het van:
(1) moedswillige pligsversuim in die doen van kommandodienste en
(2) onwettige handel met die kaffers en op grond van hierdie beskuldiginge gemelde Bothma ontslaan het. Toe hy egter nog verder gaan en Jan Kruger as veldkorporaal aanstel, het die burgers van Bruintjieshoogte hewige protes aangeteken. Selfs onderkommandant Dawid S. van der Merwe het aangevoer dat Jan Kruger "een slegt persoon is, want de selde Kruger doen hy eertyds op de Sneeuwberg woonagtig was, daar de mensen doe als broeders te saamme leefte, die geheele kontryde so danig in op roer gebragt dat er tot hog toe geen eendrag meer onder de mensen syn. Kruger om die reden is weg gevlugt na agter den bruynshoogte en is door syn swager Adriaan van iaarsvelt als wagtmeester aangestelt en de ganse oproer ontstaan door die genoemde, want so lang Kruger daar kommandant blyf, sal de twist niet af maar wel toe neme". (47)

Adriaan van Jaarsveld het self besef dat hy 'n fout begaan het in die aanstelling van sy swaer Jan Kruger as veldkorporaal van Bruintjieshoogte, en hom dadelik vervang deur Jacob Gustaf Tregard. Volgens sy instruksie was van Jaarsveld, in sy kapasiteit as kommandant, geregtig om aanstellinge te doen maar met die voorbehoud, dat die Krygsraad eers geraadpleeg moes word.

- Waar -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waar hy dus die bepaling verontagsaam en eiehandig aanstellinge gedoen het sal ons verwag dat die Krygsraad hom op die vingers sou tik. Op 6 Aug. 1782 is besluit dat "na daar over te hebben gedesconxeerd, goedgevonden en verstaan voorzeide van Jaarsveld by aanschryving onse verwonderinge deswegens te doen blyken, met accommandatie dat by voorkomende veranderingen, 't zy door sterfge vallen als andersints, altoos den Heer Landdrost en Krygsraade daarvan behoorlyk kennisse diend te werden gegeven". (48)

Die oproeriges het hul egter weinig aan dul owerhede gesteur en voortgegaan met hul verset. Wat meer is, Cornelis Bothma het selfs geweier om sy amp neer te lê. Toe het Adriaan van Jaarsveld alles in sy vermoe gedoen om vrede te herstel, en hoewel die posisie vir hom haas onuithoudbaar moes gewees het, het hy op 10 Maart 1782 persoonlik na die plaas van Bothma gery en 'n onderhoud met die burgers van agter-Bruintjieshoogte gehad. Gevra waarom hul nie onder die Veldwagmeester Tregard wou dien nie, is geantwoord: "zoolang er nog van onze beesten in't Cafferlant is, gene bossiesmans Commando te zullen doen" (49) m.a.w. hul eintlike grief was nie teen die aanstelling van Tregard nie, maar wel omdat hul nie toegelaat is om strafekspediesies in Kafferland te doen nie. Cornelis Bothma was altyd 'n voorstander en medepligtige van togte oor die grens en in sy afdanking het die groepie oproeriges die end van hul onregmatige dade gesien.

'n Verdere poging is deur Kommandant van Jaarsveld gedoen "om deze onbedreven losbandighyt te mogen herstellen", Toe hy op 19 Junie 'n vergadering ten huise van Tregard belê het, Die burgers van Bruintjieshoogte is gevra of hul gewillig is om onder die kommandantskap van Adriaan van Jaarsveld te dien waarop Cornelis Bothma geantwoord het: "van jaarsvelt is een lant verrader" en het Marthinus Prinsloo bygevoeg: "Ja een land verrader en met een enkele maar een tien dubbelden schelm is hy en wy willen onder hem niet staan, waarop botma sprak, myn kinderen en kintskinderen sullen niet onder hem

- staan -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan, want hy heeft mijn vrouw willen beslapen, en hy moet nooyt by my weder komen of ik zal hem wat anders leren". (50)

Die feit dat van Jaarsveld self melding maak in sy brief aan die Landdros van hierdie aantygings, laat ons skepties teenoor die bewerings staan. Hy sou mos immers nie van die saak gerep het as daar enige waarheid in gesteek het nie. En temeer word ons waarheidsin geweld aangedoen waar 'n beproefde patriot soos Adriaan van Jaarsveld as 'n landverraaier bestempel word. Aangesien ons verder oor geen bronne beskik om die waarheid van die aantygings te bepaal nie, moet ons uitspraak gee ten gunste van Adriaan van Jaarsveld en bowedien verwys na sy goeie verlede en die algemene agting waarmee die burgers hom oor die algemeen bejeën het. Met reg kan van Jaarsveld dan aanvoer dat hy en sy onderoffisiere onder dergelyke omstandigheede genoodsaak sal wees om hul amp te neer te lê: "ik versekere dat uyt oorsaak dezer en dier gelyke meer onbedreven losbandigheden volgen zal dat vommandanten, veltwachtmeesters en dito Corporaals hunne officties daar door sullen bedanken, Gelyk 't reets zyn ingestemt, omme van sulke ergernisse eens ontslagen te zyn". Hy versoek dus die Landdros om "haarluyden het ryden en volk over 't grote Visrivier zenden te beletten, want haarluyden poginge is niet anders als om met den Caffers weder aan de gang te raken". (51)

Op 4 Okt. doen van Jaarsveld weer verslag en meld o.a. dat Bothma dit weer gewaag het om met de wagen in't Cafferlant te ryden en heeft het op zyn naam meer anderen permiteert .... ik mene dat Kyzer en botma niet veel te doen zal hebben om den onbehendigen op te voeren als ten tyden van barbiyer (Barbier)". (52) Op grond hiervan dring hy daarop aan dat "voor alle is nodig dat by onzen hoge overheyt versogt wort dat botma, Kyzer en prensloos zig van agter den bruynshoogte sal moeten Ruymen, tot vermyding van slegten gevolgen", want as dit nie gebeur nie, sal daar weer moeilikhede met die kaffers uitbreek. Al hierdie

- wanpraktyke -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wanpraktyke skrywe hy eindelik too aan die afwesigheid van 'n eie Landdros en versoek dus nogmaals "een landdrost ten spoedigste in Candebo te stellen".(53)

Die Landdros moes hom nou met die kwessie inmeng en die aang-eklaagdes het op 3 Des. 1782 voor die Krygsraad te Stellenbosch verskyn. Uit die verhoor van die saak kry ons heelwat interessante gegewens. So is Marthinus Prinsloo bv. gevra waarom hy nie onder die bevel van Kommandant Adriaan van Jaarsveld nie wou staan nie en onder enige bitsige uitdrukkings het hy verklaar: "dat den Commandant hem niet behoorlyk had willen adsisteeren tegens 't geweld der kaffers, mitsgaders dat hem by de uitdeeling van 't veroverde vee der kaffers te kort was gedaan, omtrent welke saak hy Commandant niet na regt en billykheid, maar na gunst had te werk gegaan". Tog moes Bothma self erken "dat hy den Commandant als een braaf officier erkende".(54) Die beskuldigings aan beide kante was egter van so'n ernstige aard dat die Krygsraad besluit het om die saak voor die Raad van Justisie te laat dien.

'n Goeie bewys van hoe weinig Cornelis Bothma en sy oproerige volgelinge hul aan die regering gesteur het, lewer sy brief van 30 Julie 1784 aan die burgers van Bruintjieshoogte. Die brief bewys trouens ook dat die klagtes teen die krygsoffisiere slegs 'n rookskerm was en dat die oproerighede in die werklikheid teen die regulasies re die kaffers gemik was. So beveel Bothma sy volgelinge om op 15 Sept. "sig een lyder op het bestelde plaats te laate venden den groote Vis revier, ten anderen word een yder die door den Caffers is ontrooft geworden den geschreven sig op het gemelde Commando ver voegen, ten tweden dat wanneer wy in het tamboekies lant kome zal, het een eyder vry staan om die na te en heur te moogen nemen en eedog zonder Dwang, ten derden dat een eyder die met ossen en wagen in het lant ryden op gemelde tog sal vry staan by gebrekke van

- voorspannenge -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorspaanonge en slagtvee sal mogen ruylen soo veel als van ons sal worden goetgevonden" (55) m.a.w. hoewel Bothma uit sy amp ontslaan is, roep hy hier tog 'n kommando byeen om 'n handelstog in Kafferland te gaan doen en verbreek so alle grensregulasies.

Toe die saak eindelik voor die Raad van Justisie verskyn het, is die kwessie in der minne geskik en Cornelis Bothma is sy eertydse posisie herstel. Tog kom die uitspraak van die Raad van Justiesie ietwat verdag voor ! Adriaan van Jaarsveld is sonder die minste twyfel onskuldig bevind op al die punte teen hom ingebring maar die massa beskuldiginge teen Bothma en sy volgelinge was van so'n ernstige aard en het ongetwyfeld so'n mate van outentiteit besit, dat hul definitief strafbaar was. Dit kom dus voor asof die regering bevrees was om die skuldiges te straf en wou eerder deur 'n minsame skikking die opstandige gemoedere op die oosgrens sus. Maar sodoende is juis 'n slegte presedent geskep en was die regering onbewus en indirek behulpsaam in die opstand van 1795.

Die uitspraak van die Raad van Justisie het weinig gebaat en die verdeeldheid op die oosgrens het voortgeduur. So kla Bothma bv. in sy brief van 21 Okt. 1785 daaroor dat sy posiesie as veldkorporaal nie erken word nie en dat Tregard nog altyd as veldkorporaal agter die Bruintjieshoogte gevestig is. Adriaan van Jaarsveld het inderdaad aan hom gesê: "tregard Heb ik uliden gestelt tot een plaag". (56)

Die regering het nog met eên uitweg gesien en aan die plaaslike geskille het ook werklik 'n einde gekom toe Graaff-Reinet as 'n nuwe distrik verklaar en Herman Otto Woeke op 13 Des. 1785 as landdros aangestel is. So eindig dan die eerste oproer in Graaff-Reinet en hoewel dit maar nietig in vergelyking met die latere rebellies is, gee dit ons nietemin 'n klare aanduiding van wat ons later in 'n veel sterker graad kan verwag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VII.

LID VAN DIE HEEMRAAD
EN
KAPTEIN VAN DIE BURGERY.

Hoewel Graaff-Reinet in 1785 tot 'n aparte distrik verklaar is, het die aanstelling van die heemrade egter eers byna aan die end van die volgende jaar plaasgevind. Heelwat tyd het verloop met die voorstelling en keuse van die lede, toe eindelik op 1 September 1786 die volgende persone in die heemraad aangestel is:-

Adriaan van Jaarsveld
David de Villiers
D.S. van der Merwe
Andries P. Burgers
Josua Joubert en
Jacobus Gustaaf Tregard

"van welke de Twee Eersgemelde den tyd van een jaar, de twee volgende twee jaren en de twee Laatsgemelde drie Jaren, gerekend van het begin des aanstaanden Jaars 1787 zullen moeten blyven dienen.

Wyders noodzakelyk voorgekomen zynde dat uit de burger Ingezeetenen onder dies Jurisditie sorteerende, Twee Compagnien Dragonders werden opgeregt, teneinde dieselve even als aan Stellenbosch en Swellendam de Jaarlyksche Wapenoeffening te doen onderhouden ende revue te laten passeeren, Hebben wy oversulx goedgevonden de volgende officieren by dezelve twee Compagnieen aan te stellen:-

by de 1ste Compagnie:-

Adriaan van Jaarsveld tot Capitain
Daniel W. Keune tot 1ste Luitenant
J.G. Tregard tot 2de Luitenant
Tjard van der Walt tot Cornet

by de 2de Compagnie:-

A.P. Burgers tot Capitain

- Josua -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Josua Joubert tot 1ste Luitenant

C. van der Merwe tot 2de Luitenant

C.G. Opperman tot Cornet

N. Smit tot Adjudant (57)

Naas die Landdros was Adriaan van Jaarsveld nou seker die invloedrykste persoon in die nuwe distrik. Sy kragtige persoonlikheid en intieme kennis van alles wat betrekking gehad het op die administrasie van Graaff-Reinet, het hom spoedig 'n uitstaande figuur in die heemraad-vergaderings gemaak, terwyl sy opvlieënde karakter baie daartoe bygedra het om hom 'n gevreesde teenstander te maak.

In die Krygsraad het hy aan die ander kant 'n ewe autokratiese rol gespeel. Landdros Woeke het as inwoner van Stellenbosch maar weinig van grensaangeleenthede geweet en waar Adriaan van Jaarsveld tot kort tevore die vernaamste posisie op die Oosgrens beklee het en 'n erkende outoriteit in die krygskuns was, kan ons verwag dat sy woord ook hier in die Krygsraad die beslissende faktor sou wees.

'n Uitstekende voorbeeld van Adriaan van Jaarsveld se egoïsme waarvan ons meermale melding maak in hierdie verhandeling, lewer die brief van Landdros Woeke aan die Goewerneur. Dit blyk dat Adriaan van Jaarsveld in April 1789 sy leningsplaas "de Klippe Drift" wou verkoop het, maar Woeke het dit afgekeur op grond daarvan dat 'n leningsplaas nie mag verkoop word nie. Nie tevrede nie, het Adriaan van Jaarsveld "na zyne Verwaande Thipiese denkbeelden te werk willende gaan, daren boven de gemeente te willen tonen en dieto maken, wat invloed dezelve met zyn Schryven by U. Edl. Gestr. heeft," (58) aan die Goewerneur geskrywe en verlof gevra, sonder gevolg natuurlik.

Aan die end van 1787 moes Adriaan van Jaarsveld sy amp as heemraad neerlê, maar hy bly nog voortdien as Kaptein

- van -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die burgery. Weliswaar kon hy weens sy gevorderde ouderdom nie meer aktief aan strafekspedisies teen die Boesmans deelneem nie, tog het sy woord in die Krygsraadsvergaderings nog altyd genoegsame gewig gehad en kon hy in sy kapasiteit as Kaptein kontrolerend optree.

In die vorige hoofstuk het ons aangevoer dat daar 'n end aan die plaaslike geskille gekom het met die ontstaan van die distrik Graaff-Reinet, dog die vrede was maar van korte duur. Spoedig het die ontevrede element weer te voorskyn getree en soos gewoonlik was Bruintjieshoogte die middelpunt van alle wetteloosheid. Gedurig was daar geringe botsings met die kaffers en Woeke het later byna in wanhoop aan die Goewerneur geskrywe: "geen wonder, dat de geweezene Commandanten en Veldwachtmeesters wel reeden hebben gehad zig over de ongehoorsaamheyd en brutaliteiten, wel voornamelyk over degeene die agter die bruyns Hoogte woonagtig zyn, te beklagen". (59) Verder noem hy hul 'n "oproerige Cabale" wat net daarop uit was om moeilikhede met die kaffers te veroorsaak.

Maar hy oordeel te streng en 'n kykie op die heersende kaffer politiek sterk hierdie bewering. Woeke het die opdrag gehad om 'n vriendskaplike segregasiepolitiek te volg ten opsigte van die kaffers; i.p.v. geweld met geweld teen te gaan, "vermeenen wy in teegendeel dat eene zachte weg de eenigste en veiligste is". (60) Waarom ? Die Goewerneur gee self die redes nl. 'n oorlog teen die kaffers sou nie alleen weinig vrugte afwerp as gevolg van die uitgestrektheid van kafferland nie, maar dit sou ook groot onkoste veroorsaak en bowedien beskik hy nie oor die nodige troepe vir so 'n veldtog nie. (61)

Die mooi woorde en geskenke het egter juis die kaffers aangemoeidig tot groter brutaliteit. Die les wat hul in 1781 aan die hande van Adriaan van Jaarsveld geleer het, is deur die vredeliewende politiek van die regering vergeet en 'n tweede

- kafferinval -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kafferinval het die Kolonie gedreig. Rarabe het in 1789 in 'n oorlog teen die Temboes gesneuwel, sy grootseun Oemlawe was reeds dood en sy seuntjie Gaika was die suigeling-opperhoof van die stam. Tydens sy minderjarigheid sou Slambie, 'n broer van Oemlawe, as regent optree. Slambie het egter nie die algemene erkenning as opperhoof geniet nie en spoedig het weef twiste onder die grensstamme uitgebreek. (62) As gevolg hiervan en omdat die kuddes van die blankes nog steeds as lokaas gedien het, trek in Maart 1789 'n groot aantal Xosas die Suurveld in en die inval van 1779 word met al sy skriktonele herhaal.

Reeds voor die kafferirrupsie het Woeke - onder instigasie van van Jaarsveld - die reg~ering gewaarsku en gemeen dat 'n grensmag van ongeveer sestig man genoeg sou wees om die kaffers uit die Kolonie te verjaag. As antwoord het die Politieke Raad Honoratus Maynier, 'n geesdriftige aanhanger van Rousseau wat die onskuldige kaffers in hul natuurlike, onbedorwe toestand wou bewaar, as Sekretaris na Graaff-Reinet gestuur.

Intussen het die krygsraad van Graaff-Reinet nie stilgesit nie. Onder die leiding van Adriaan van Jaarsveld is Woeke beweeg om 'n kommando op die been te bring en met die aankoms van Maynier was die kaffers reeds teen die vol Visrivier wasgekeer (63) m.a.w. die burgers was in 'n posisie om hul teenstanders gedug te straf.

Maar die instruksies van Maynier het dit anders gewil. Die kommando is ontbied en in gesselskap van Woeke en Wagener is Maynier na die Suurveld om die opperhoofde te versoek om terug te keer oor die Visrivier. Hul weier en i.p.v. hul met geweld uit die limiete van die Kolonie te verjaag, is aan hul groot geskenke uitgedeel en is hul toegelaat om wes van die Visrivier te bly. So is in Augustus 1789 die vrede op 'n basis van gifte herstel en het 'n kromiese toestand van onrus en wanorde die

- goedkeuring -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goedkeuring van die regering weggedra.

Driftig van aard en geneig om alles te se wat hom voor die mond kom, het Landdros Woeke weinig aanhangers in die nuwe distrik gehad en hy het dit moeilik gevind om sy posisie te handhaaf. Bowedoen is hy gedwarsboom deur die regering wat hom herhaaldelik ontevrede oor die Landdros getoon het, as gevolg van die opstook en listige geveinsdheid van die agtereenvolgende Sekretarisse Wagener en Maynier. Die end van die saak was dat Woeke hom so algeheel aan die drank oorgegee en die respek van die burgers verloor het, dat hy op 30 Desember, 1792 ontslaan en Maynier provisioneel in sy plek aangestel is "als een perzoon wien wy veronderstelle te bezitten de nodige Cap-aciteiten, mitsgaders de voorzigtigheid en dat beleid welke tot dien p-ost worden vereischt".(65)

As Landdros kon Maynier nou ongehinderd uiting gee aan sy filantropie. Hy het invloedryke persone in Kaapstad tot persoonlike vriende gehad bv. dieSecunde Rhenius, J.A. Truter (Sekretaris van die Raad van Justisie) en die Fiskaal van Ryneveld ens. Bowedien het Maynier die insigte van die regering ten opsigte van die kaffers goed geken en hierdie waan gestyf deur die burgers swart af te skilder.

Intussen het die rooftogte van die kaffers sulke afmetings aangeneem en het die toestant so ondraaglik geword, dat die burgers self sake in hande geneem en kommandos in die winter van 1793 teen die kaffers gedoen het. Die regering steun hul deur hulp te stuur uit Swellendam, maar die hele poging was 'n mislukking.(66)

Daar moes nou definitief besluit word of die taktiek van Adriaan van Jaarsveld gevolg gaan word en of die Visrivier as grens sou prysgegee word. Die beslissing het by Maynier berus en ons kan net een uitspraak verwag nl. vrede op die

- basis -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

basis van gifte.(67)

Eerder as om ondergeskik te wees aan die bevele van 'n kaffervriend soos Maynier, het Adriaan van Jaarsveld sy amp as Kaptein van die burgery neergelê en hom op sy leningsplaas "De Vrede" in Bruintjieshoogte terugg etrek. Maar hiermee wil ons nie te kenne gee dat hy hom gedwee aan toestande onderwerp het nie. Die teenoorgestelde word trouens bewys deur die brief van die Landdros op 6 April, 1794.(68) Nie alleen klaag Maynier hierin "over de verregaande injurieuse uitdrukkingen door den oud Cap-itain der Burgery van Graaff-Reinet, Adriaan van Jaarsveld, tegens hen gebeesigd" nie, maar meld tewens ook "dat hoe zeer ook de Hoofden van de Caffersnatie de getroffen vrede met de onzen trachten te onderhouden, nochtans eenige kwalyk gezinde van Jaarsveld, alle mogelyke pogingen in't werk stellen om door't verdichten van gevaaren of vreze voor de Caffers, wederom commandos op dezelve te doen, waardoor de naauwlyks gestaakte oorlog met meerder woede dan bevoorens zonde uitbarsten".

Ons kan dit immers verwag dat Adriaan van Jaarsveld nie sou party gaan met die vredeliewende kafferpolitiek van Maynier nie. As grensboer en persoon wat gedurende sy hele bestaan die stryd teen die inboorling-e moes voer, is dit nie vir ons vreemd dat hy hom skerp sou uitgelaat het teen die verreg-aande methodes van die Landdros nie. En wat meer is, hy sou nie met woorde tevrede wees nie, maar op tipiese wyse die reg in sy eie hande neem en tewens deur magsmiddele die kaffers op hul plek probeer sit. Ongeveer die begin van 1794 is van Jaarsveld ook werklik op 'n tog teen die kaffers uit, maar weens gebrek aan die nodige manskappe en die heersende ~~droo~~ droogte, moes hy sy operasies staak.(69)

In Maart 1794 het Maynier persoonlik na die Kaap vertrek om verslag te doen oor grenstoestande. Hy verklaar die

- ontevredenheid -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontevredenheid van die burgers daaruit dat hul volgens hul mening te min skadevergoeding gekry het. En nou probeer hul weer met die kaffers in oorlog geraak om sodoende 'n kans te kry om vee buit te maak.(70)

Aldus eensydige en totaal foutief ingelig, kan ons dit Sluysken nie kwalik neem dat hy op 11 April 1794 'n nog vriendskapliker politiek voorgeskrywe het nie. Die kaffers moet met alle sagsinnigheid behandel word en veral moet Maynier sorg dat daar geen kommandos teen hul gedoen word nie.(71)

Maar Maynier sou weinig tyd hê om hierdie instruksies uit te voer. Ontevrede oor die bestuur wat die Kompanjie hul toegestaan het en wat hul self moes betaal, diep teleurgesteld in hul verwagting om op die drosdy reg te verkry, waar hul inteer deel onregverdig en grof behandel is, tot die uiterste geterg omdat hul geen beskerming teen die kaffers kon verkry nie, het die burgers van Graaff-Reinet alle onderdanigheid aan die Kompanjie opgesê en oorgegaan tot openbare verset.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VIII

DIE OPSTAND VAN 1795 EN ADRIAAN VAN JAARSVELD.

Om 'n duidelik perspektief van die opstand van 1795 te kry dien eers gelet te word op die heersende politieke en ekonomiese toestande aan die Kaap, aleer ons tot 'n bespreking van die opstand self oorgaan.

Op ekonomiese gebied was die Kaap in die jaar 1795 byna in 'n toestant van chaos. Die Kommissarisse Nederburgh en Frykenius het weliswaar in 1792 'n verbetering probeer teweegbring, maar hul poging kan niks anders as lapwerk aan die reeds verotte liggaam van die Kompanjie genoem word nie. Trouens die primaire doel van die twee Kommissarisse was die vermeedering van die Koloniale inkomste en in die uitoefening hiervan moes hul noodwendig met die belange van die Koloniste bots.(72)

Om die posisie nog hagliker te maak, was die land oorstroom met minderwaardige papiergeld en sonder 'n mark vir hul produkte, gebuk onder swaare belastings en onderhewig aan 'n geldwese wat nog stabiliteit, nog sekuriteit besit het, het die Koloniste hul ontevredenheid op geen onsekere wyse uitgedruk nie.

Ewe onrusbarend was die politieke toestand. Om hier 'n duidelike insig in sake te kry, is dit nodig dat ons Suid Afrika verlaat en ons aandag vestig op politieke toestande in Europa.

Teen die helfte van die jaar 1793 was die Franse Rewolusie reeds in voldonge feit en die Franse leërs het Europa seëvierend binnegetrek. Nederland volg in die spore van Frankryk, die stadhouerskap word opgehef en terwyl die Prins van Oranje in Engeland gaan skuiling soek, het die State-Generaal van Nederlande hul lot ingewerp by die Franse Republiek.

- Toe -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe die nuus van die groot Europese omwenteling Suid-Afrika bereik het, het die rewolusionaire idees weldra 'n weerklank in die harte van die meeste Koloniste gevind en die bevolking verdeel in die twee politieke partye t.w. die Patriotte en die Oranjemanne.

Veral in die buitedistrikte het die woorde "vryheid" en "gelykheid" 'n roering onder die mense veroorsaak. Verbitterd teen 'n regering wat hul geen ekonomiese stabiliteit kon gee nie maar inteendeel slegs belastings hef, en ontevrede omdat hul geen aandeel in die sentrale regering kon kry nie, het die burgers hul lot as gelykstaande met die van die Franse middelklas beskou. Voeg hierby die ondraaglike kafferpolitiek van die Kompanjie en ons het die vernaamste aanleidende oorsake tot die opstant van 1795.

Ons kry derhalwe die posisie dat, terwyl Goewerneur Sluysken besig was om die Kaap in 'n verdedigbare toestand te bring, die burgers in die Oostelike Dele ander gedagtes gekoester het. En die omstandighede was ook besonder gunstig vir 'n opstand. Nie alleen was die Kaapse garnisoen maar gering in aantal nie, maar ook moes die Goewerneur hierdie troepe in gereedheid hou vir 'n vyandelike aanval.

Teen Maynier as die slaafse verteenwoordiger van die gehate Kompanjie dan het die burgers van Graaff-Reinet die eerste te velde getrek. Op 4 Februarie 1795 het 'n gewapende mag van veertig burgers onder leiding van Adriaan van Jaarsveld en Jan Carel Tregard by die drosdy verskyn en Maynier om 'n onderhoud versoek. Geen drastiese stap is egter geneem nie en dis besluit om tot die 6de Februarie te wag wanneer die heemrade sou vergader.

Intussen het die leierskap van die opstandelinge in andere hande oorgegaan. Klaarblyklik was die optrede van Adriaan van

- Jaarsveld -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaarsveld en Tregard te gematig vir die oproeriges, want op die 6de is hul vervang deur twee meer ultra-gesinde verteenwoordigers van die "Nationalen" nl. Marthinus Prinsloo en Jan Durand. Uit gebrek aan bronne (73) is dit baie moeilik om definitief te sê wat Adriaan van Jaarsveld se standpunt in hierdie opstand was, maar dis tog met 'n mate van sekerheid te bepaal dat hy aan die meer gematigde party behoort het. En ons tehoef ons nie hieroor te verwonder nie. Deurdat hy ongeveer sy hele lewe in die publieke diens deurgebring het, het hy ongetwyfeld terdeë die ernstige karakter van 'n opstand besef en as gevolg hiervan 'n nugtere uitkyk op sake behou.

Die eerste taak van die opstandelinge was om Maynier te gelas om die distrik te verlaat, en daarna is sy sateliete onder hande geneem. Die twee heemrade Stephanus Naude en Hendrik Meintjies van den Berg, Cornelis Coetsee, wat altyd vurige voorstanders van die gewese Landdros was, is uit hul ampte ontslaan, maar origens is daar geen wysiging in die regering van die distrik aangebring nie. Alleen sou die administrasie van die nuwe Republiek Graaff-Reinet voortaan onder toesig van die burgers geskied, aangesien 'n nasionale vergadering of "Representanten" - gekies deur "die Volkstem" - in die vervolg altyd die heemraads en krygsraadsvergaderings sou bywoon (74). Veral is die herstel van die oud-Kaptein Adriaan van Jaarsveld, in sy posisie as eerste officier verlang en is daarop gewys dat die Landdroste in die toekoms meer eerbied aan hom sou betoon, "want dat by aldien menigmaal aan zyn Edele gehoor verleend was op desselfs voordragten, de zaak mogelyk een heel ander gedaante zou hebben gehad dan dat ze nu heeft". (75) Bowedien verklaar die burgers van Graaff-Reinet hulself nie in opstand teen die State-Generaal van Nederland nie, maar teen die korrupte amptenare van die Kompanjie. (76)

Toe Goewerneur Sluysken verwittig is van die opstand

- in -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in Graaff-Reinet, het hy dadelik 'n poging aangewend om die toestand te herstel. 'n Kommissie bestaande uit Olof Godlieb de Wet, president van die Raad van Justisie, Kaptein von Hugel en Jan Andries Truter is na Graaff-Reinet gestuur om die burgers te probeer konsilieer en hul slaag werklik tot 'n mate hierin. Toe die Kommissarisse egter versoek is om persoonlik die grenstoestande te ondersoek, en hulle weier, moes hul dieselfde lot tref as Maynier en is op 14 Julie deur 'n gewapende gesellskap uit Graaff-Reinet verjaag. (77)

Hiermee het die opstandelinge daartoe oorgegaan om hul eie regering in te rig. Op 6 Julie is 'n vergadering van agerende en rustende heemrade gehou waarby die ses "Representaten" van "de Volkstem" teenwoordig was nl. Marthinus Prinsloo, Barend Bester, Christiaan Botha, Christiaan Lotter, Hendrik Klapper en Andries Krugel. Carel Dawid Gerotz is gekies as provisionele Landdros, Adriaan van Jaarsveld as die hoogste militaire offisier (78) van die Republiek en Oertel as Sekretaris. In Swellendam is dieselfde prosedure gevolg en die distrik tot 'n onafhanklike Republiek verklaar.

Aldus was die toestand in die Kaapkolonie toe 'n Engelse vloot op 11 Junie 1795 in Valsbaai verskyn het. Twee buitedistrikte het alle onderdanigheid aan die Kompanjie opgesê en hulself tot onafhanklike republieke verklaar. Hul weier om tol, aksyns, rekognisie of seëlgeld te betaal in 'n land wat hul reeds vir 26 á 28 jaar in voortdurende stryd en op eie koste self moes skoonveg. (79)

Oor die verowering van die Kaap val nie veel te sê nie. Goewerneur Sluysken het wel 'n poging gedoen om die Kaap te verdedig, maar sy oproep aan die Koloniste is so swak ondersteun - Graff-Reinet het botweg geweier om enige hulp te stuur, terwyl Swellendam 'n kommando gestuur het - en 'n flegmatiese gees het hom so algemeen onder die troepe openbaar, dat

- die -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Britse bevelvoerders geen moeilikhed ondervind het in die verowering van die Kaap nie.

Generaal Craig was 'n uiters verstandige en simpatieke bevelvoerder en het dadelik besef dat die gebruik van magsmiddele teen die opstandelinge onvanpas sou wees. Daarom volg hy eerder 'n konsiliërende rigting en sy verstandige proklamasies het ook die gewensde uitwerking gehad. Die burgers van Kaapstad en Stellenbosch het hulle spoedig geheel aan die nuwe outoriteite onderwerp en is selfs deur Swellendam gevolg. (80)

Dog so nie Graaff-Reinet nie. Gevoelens was hier verdeeld en die burgers is opgedeel in drie verskillende kampe nl. die Patriotte, die Gematigdes en die Lojaliste.

Onder die leiding van die verteenwoordigers van "de Volkstem" t.w. Marthinus Prinsloo com suis, het die Patriotte nog steeds hul rewolusionaire idees gehandhaaf. Hul wou Graaff-Reinet as 'n onafhanklike Republiek verklaar sien, wou geen vyande van die Engelse wees nie maar tewens ook geen Britse inmenging hê nie.

Tweedens kry ons die Gematigde party onder die aanvoering van die twee hoogste amptenare van die Republiek nl. die Landdros Gerrotz en Adriaan van Jaarsveld. Hul staan meer skepties teenoor die idee van 'n onafhanklike Republiek en besef duidelik dat hul vir die bevrediging van al hul behoeftes op Kaapstad aangewys is. In die eerste plek het dit hul skromelik ontbreek aan die nodige opgeleide amptenare en ten tweede is dit vir hul duidelik dat hul van Kaapstad afhanklik is op ekonomiese gebied. Terwyl hul dus nognie die idee van 'n onafhanklike Republiek prysgegee het nie, behou hul nietemin 'n nugtere uitkyk op sake en besef met watter moeilikhede hul te kampe sou hê.

Ten laaste kan ons nog op die Lojaliste wys wat

- hoofsaaklik -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoofsaaklik in die noordelike deel van die distrik woonaftig was. Maynier se politiek teen die Boesmans was altyd op gesonde beginsels gebaseer en hierdie burgers het dus weinig te kla gehad. Die kafferkwessie het hul nie geraak nie weens hul geografiese posisie en vandaar kry ons dit dat, terwyl andere in verset gekom het, hul grotendeels lojaal aan die regering gebly het.(81) Hul griewe was hoofsaaklik van ekonomiese aard en met die kwytskelding van agterstallige rekognisiegeld tot op 16 September 1795 en die toestaan van 'n vrye gebruik van hul leningsplase vir die volgende ses jaar,(82) is die vernaamste oorsaak van ontevredenheid trouens vir hul weggeneem.

Op 29 Oktober 1795 het Landdros Gerotz, Adriaan van Jaarsveld en die heemrade namens die burgers van Graaff-Reinet, 'n juiste uiteensetting van hul posisie gegee.(83) Hul begin deur 'n resumé van al hul griewe te gee en voeg by dat hulle dit nooit sou verwag het om in opstand te kom nie, was dit nie dat hul besef het "da t onze Vaderland, het welke men neevens Zig Zelven bemint, tot een Staat van Armoed, Honger, Naakte Weduwen en Weezen, ten prooy van de verwoede Heydenen door Moedwil ging vervallen".(84)

Hul wys daarop hoe hul vir 26 tot 28 jare hulself moes beskerm, hoe die amptenare van die kompanjie altyd party by die kaffers gekies het en hoe swaar hul gebuk gegaan het onder die afpersende belastings. Die opstand is nie gemik teen die State-Generaal of Goewerneur Sluysken nie, sê hul, en ook nie wil hul in vyandskap met die Engelse Regering woon nie. Hul wil slegs onafhanklik wees en het derhalwe hul eie regering opgestel.

Ten laaste versoek hul Craig om "hoe eer hoe beter, onze Colonie met vast gestelde regeerende hoofden, mitsgaders met het benoodig ste kruyd en Lood , tot behoud van onze Colonie mogte worden voorzien."(85)

- Generaal -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

General Craig het hul vriendelik maar beslis geantwoord. Hy keur die provisionele aanstelling van Landdros Gerotz goed en beveel hom om sy amp te bekleë tot sy opvolger Frans Reinard Bester Graaff-Reinet bereik. Hul onafhanklikheid, sê hy, kan hy nie goedkeur nie, maar hy belowe hulle dat sy enigste doel "the prosperity of the Colony and the happiness of the Colonists" (86) is.

Die eintlike angel sit in die slot van sy brief, waar hy die burgers van Graaff-Reinet waarsku teen toekomstige oproerighede: "veng eance will overtake all who attempt to disturb the public peace". (87)

Op 9 Februarie 1796 het Bresler in Graaff-Reinet aangekom en spoedig ondervind dat sake nie vir hom voor die wind sou gaan nie. Hy is verbied om in die raadsaal sitting te neem en was verplig om tot die 22ste Februarie te wag, wanneer 'n algemene vergadering oor die lot van die Republiek sou beslis.

Op die vasgestelde datum het die heemrade en krygsrade vergader onder Landdros Gerotz en Adriaan van Jaarsveld. Die verteenwoordigers van "de Volkstem" was ook teenwoordig en Bresler is uitgenoot om die doel van sy koms uiteen te sit.

Ongelukkig het Bresler se optrede eerder die burgers vervreem as hy hul vertroue gewek en hy het selfs gepoog om die Engelse vlag te laat hys. Gevolglik is geen ooreenkoms getref nie en die saak is uitgestel tot die 22ste Maart.

Soos reeds gesê, het die vernaamste ampsdraers van die jong Republiek t.w. Gerotz, Oertel en Adriaan van Jaarsveld tot die meer gematigde party behoort en Bresler was oortuig daarvan dat hy hulle voor die komende vergadering sou oorhaal om die vrugteloosheid van 'n verdere verset in te sien. Sy optimisme is egter die nek ingeslaan deur die aankoms van Jan

- Pieter -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pieter Woyer inGraaff-Reinet op 21 Maart (88) en die vergadering van 22 Maart was dan ook 'n verdere vernedering vir Bresler. In teenwoordigheid van die heemrade, krygsrade en verteenwoordiges van die Volkstem het Bresler die proklamasies van Craig gelees. Die burgers het egter botweg geweier om hul onafhanklikheid prys te gee en Adriaan van Jaarsveld het verklaar dat Graaff-Reinet graag in sy eie bestuur wil voorsien, maar dat hul op die volgende voorwaardes saam met die Engelse Regering sou werk nl.

1. Dat die burgers gewillig is om soos van ouds alle produkte van hulle distrik na Kaapstad te neem.

2. Dat hulle alle redelike bevele en wette sou nakom, mits die Engelse hul van die nodige ammunisie en lewensartiekels voorsien.

Hendrik Krugel het twee addisionele artiekels dikteer:

3. Die burgers sou nie wapens teen die Engelse opneem nie.

4. Hulle weier om die eed van getrouheid aan die Engelse koning af te lê, omdat, as die State-Generaal van Nederlande die Kolonie herneem, die burgers as ontrou sou bestempel word.

Na afloop van die vergadering is 'n versoekbrief, bestaande uit twaalf artiekels, aan Bresler oorhandig waarin die gedrag van die burgers verklaar word. Hul sê Craig se oogmerk was "om ons een onpartydige man toe te voegen" (89) maar 'n gebore Engelsman sou beter gewees het "dan een heimlyk partydig Examineerden Affricaander". Daarom versoek hul die aanstellingvan 'n burger-Landdros en die erkenning van die verteenwoordigers van "de Volkstem". Verder moet die afgedankte amptenare nie in hulle vorige posisies herstel word nie "om hier door de Laatste dwaaling die erger dan de Eerste kan Zyn, Wyslyk te kunnen verhoeden". (90)

Die versoekskrif is onderteken deur Gerotz, Adriaan van Jaarsveld, Treg ard, M. Prinsloo, J. Kruger en D.S. van der Merwe en by sy vertrek op 25 Maart 1896, in geselskap van Ds.

- von -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

von Manger, het Bresler belowe om dit aan Generaal Craig te oorhandig.

Met die aankoms van Bresler in Kaapstad het Generaal Craig eindelik sy geduld verloor. Majoor King is gelas om met 300 troepe na Graaff-Reinet te vertrek en alle toevoer van lewensartiekels en ammunisie na Graaff-Reinet is afgesny. Craig beskou die opstand egter nie as ernstig nie en sy hoofdoel met die sending van Majoor King is dan ook om gesag vir die Engelse Regering by die Graaff-Reinetters in te boesem. (91)

Intussen het egter tweedrag in Graaff-Reinet sy verskyning gemaak. Die gevangneming van Herbert Dirk Compagne (92) en die verdwyning van Woyer is trouens twee van die vernaamste agiteerders uit die weg geruim en die burgers het meer sober oor sake begin nadink, howel die inwoners van Bruintjieshoogte nog soos altyd hul rewolusionaire idees gehandhaaf het. Maar met die oorgawe aan Admiraal Lucas op 6 Augustus 1796 in Saldanhabaai, moes ook hulle besef dat verdere verset uit die kwessie is, hoewel hul aanvanklik dit nie wou beken nie.

Toe op 22 Augustus dus 'n publieke vergadering gehou is om die wenslikheid van onderwerping aan die Engelse gesag te bespreek, het geen burger van Suurveld of Bruintjieshoogte - uitgesonderd Adriaan van Jaarsveld - die verrigtinge bygewoon nie.

Onder die leiding van Gerotz en Adriaan van Jaarsveld is by hierdie geleentheid 'n mosie ten gunste van oorgawe aangepasseer, waarin hul Craig, "als onzen Vader erkennen en vereeren, en ons in allen Zyn Exs. hooger Order onderwerpen". (93) Verder versoek hul hom om so gou moontlik 'n Landdros en leraar te stuur.

In sy brief aan Gerotz op 12 September het Craig nie alleen 'n algemene amnestie aan die opstandelinge belowe

- nie -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, maar trouens ook gesê dat hy bereid is om alles te vergeet wat plaasgevind het.

En, gaan Craig voort "Adriaan van Jaarsveld must also be sensible that his conduct has been in a very particular manner reprehensible - he has signed the submission which I have received from you, and I am therefore willing in the General System of Lenity which I have addopted to pass his behaviour over, but let him reflect upon what would have been the consequence to himself, to his family, to his friends and his country if the King's Troops had proceeded and reached your Colony - he, possibly might have escaped personal punishment, but his farm being burnt, his cattle plundered or destroyed and himself proscribed as a publick Enemy where would he have carried his miserable existance; I trust that he will seriously think on this and that his future behaviour will shew that he has a proper sense of the Lenity of that Government, which can excuse a conduct so reprehensible as his has been".(94)

Craig het Adriaan van Jaarsveld egter nie heeltemal vertrou nie en het ook nie gearsel om Landdros Gerotz teen hom te waarsku nie: "Altho' I have included van Jaarsveld in the general amnesty, yet you will feel the necessity of having an eye upon him. I hope he will in future conduct himself in a way to atone for his former behaviour - but if contrary to my expectation he should attempt to stir again, it will be indispensably requisite that he be crushed instantaneously before he can have made a party sufficiently strong to bid you defiance - one stroke of vigour in the beginning of such an attempt will effectually prevent its never being renewed".(95)

Op 12 November 1796 het ook die burgers van Bruintjieshoogte en die Suurveld hulle aan die Britse gesag onderwerp en

- Craig -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Craig het hom dadelik gehaas om ook aan hul algemene amnestie te verleen.(97)

Ons kon nou tot die kardinale vraagstuk in hierdie hoofstuk nl. watter rol Adriaan van Jaarsveld in die 1795-opstand gespeel het. By gebrek aan die nodige bronne ondervind ons baie moeilikhede, maar tog kan ons met 'n groot mate van sekerheid die ware toedrag van sake bepaal.

Ons eerste taak sal dan wees om na te gaan wat Adriaan van Jaarsveld se eie verklaring was en ons kan nie beter doen as om na sy brief van 15 November 1796 aan Craig te verwys nie.

In die aanhef van sy brief se Adriaan van Jaarsveld dat hy graag persoonlik na die Kaap sou wou gekom het om sy saak te verdedig, maar weens die diefstalle van die Boesmans besit hy geen vervoermiddel nie en moet homself dus tevrede stel met 'n skriftelike verklaring.

In die eerste plek dan spreek hy sy verontwaardiging uit oor die beskuldigings teen him ingebring: "O! wat had ik moeten verstond staan, daar ik met anders meende, ter tyd eens van dwing-elandy ontslagen te zyn, myn Vyligheid in Zyn Ex. handen te vinden, Onverwag ts het tegendeel hadde kunnen treffen, daar degeene die my zoo kwalyk recommandeerten myn zaken uit weezentlyke met hebben kunnen weeten."(98) In skyn vir die opstand, sê hy, het hy dit in die geheim teengewerk maar nie altyd daarin geslaag om sy ware bedoelens weg te steek nie, want op een geleentheid was hy "reeds in een kring geslooten en de Oranje Cocarde van myn hoed voor de Voeten Verscheurd - met uitroeping, slaat hem dood, want hy zoekt onze goede zaken te bederven, en Jong elingen en Lafhartigen daarvan af te schrikken"(99) m.a.w. sy dade moet nie letterlik opgeneem word nie, want "myn groote oormerk is onveranderlyk gebleeven, om daardoor de rust te kunnen bewerken."

Hy was nooit bevrees om verantwoordiging vir sy dade

- te -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te doen nie, sê hy, want sy verlede lewer genoegsame bewys van sy plig-getrouheid en vaderlandsliefde: "Ja, ik durfte wel met regt vragen, wie alhier ooit zoo veel, tot behoud van rust en veiligheid voor zyn Vaderland heeft gedoen als ik ? die dan tyd van twee en dertig agtereen volgende Jaaren in posten, eerst als Veld Corp craal, dan Veldwachtmeester, Veld-Commandant, dan als Capitain en Heemraad het Land omstonst hebbe gediend, zonder my ooit van eenig Eygen belang te hebben bediend". (100)

Hoeveel waarde as historiese bron besit hierdie brief vir ons ? Ons merk al dadelik dat daar 'n paar besware in te bring is wat die waarde van die bron aanmerklik verminder. Die brief is eerstens 'n antwoord op die beskuldiging van Craig en as sulks word ons geroep om besonder skepties teenoor die feit-like inhoud daarvan te staan, aangesien Adriaan van Jaarsveld natuurlikerwys sy saak in die beste vous sou gelê het. Ten tweede blyk dit uit 'n vergelyking van handskrifte en styl dat Adriaan van Jaarsveld nie die outeur van die brief is nie, maar slegs die geestelike vader daarvan is. Dit hang natuurlik baie daarvan af vir hoeverre die brief onder diktasie van Adriaan van Jaarsveld geskrywe is en in hoeverre die ware outeur self feite byg elas het. Die ware outeur is Sekretaris Oertel, 'n intieme vriend van Adriaan van Jaarsveld, en dis derhalwe vanselfsprekend dat hy die feite in 'n mooi lig sou probeer stel het.

Wat ons taak meer beswaar is die feit dat ons nie oor genoegsame bronne beskik om hierdie dokument te kontroleer nie en ons enigste uitweg is dus om sy woorde aan sy dade te toets.

'n Eerste punt in sy guns toon die feit dat, toe die burgers op 4 Februarie onder sy leiding by die drosdy verskyn het, daar geen drastiese stap geneem is nie en dat die verrigtings besonder ordentlik afgeloop het. Sy optrede was juis te

- gematig -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gematig vir die radikales en hy is op 6 Februarie deur twee meer rewolusionaire persone vervang.

Dit klink wel 'n bietjie gesog waar hy sy latere rol in die opstand en vriendskap met Woyer op grond daarvan verklaar dat hy sodoende gepoog het om "de rust te kunnen bewerkeng" (101) m.a.w. hy moen voor te gee dat die rewolusionaire gees by hom geen weerklank gevind het nie en dat hy aan die opstant bloot deelgeneem het omdat hy daartoe gedwing was en ook omdat hy deur sy deelname die vrede wou bewerkstellig. Temeer as ons onthou dat Adriaan van Jaarsveld altyd 'n vurige voorstander van reg en geregtigheid was en hom dikwels skerp uitgelaat het teen die onbillike behandeling van die grensboere, blyk dit dat hy hier sake in 'n verkeerde lig voorstel. Hy sou homself mos nie gaan skuldig maak het aan 'n wederregtelike daad net om die opstandelinge te kalmeer en sodoende die amptenare van die Kompanjie in hulle kwaad g-esterk het nie.

By 'n rekonstruksie van die gebeurtenisse sien ons tog dat Adriaan van Jaarsveld 'n gematigde gedragslyn gevolg het en ons kan hom inderdaad een van die leiers van die gematigde party noem. Waar persone soos Mathinus Prinsloo en Jan Durand in hul kapasiteit as "Representaten", altyd die opstand aangewakker het en bereid was om tot uiterstes te gaan, het Adriaan van Jaarsveld en Gerotz die burgers gemaan tot matigheid en toegesien dat alles ordentlik afloop. Bowedien was van Jaarsveld een van die eerstes om die futiliteit van 'n verdere opstand te besef en toe op 22 Augustus 'n vergadering belê is om die wenslikheid van oorgawe te bespreek, was hy die enigste burger van Bruintjieshoogte wat teenwoordig was.

Ons kom dus tot die konklusie dat Generaal Craig Adriaan van Jaarsveld te skerp oordeel en dat die vreedsame afloop van die opstand tot 'n groot mate aan hom te danke is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

IX.

DIE TUSSENPOSE.

Soos ons in die vorige hoofstuk gesien het, is die vrede aan die end van die jaar 1796 herstel en dit het oënskynlik gelyk of die Engelse Regering die goedkeuring van die Koloniste weggedra het. Maar ons politieke hemel was tog nog bewolk en Generaal Craig moes 'n voorgevoel van komende moeilikhede gehad het, toe hy die volgende woorde aan H. Dundas gerig het: "As notwithstanding the present appearances I think it is not probable that the extreme turbulence and arrogance of these people, joined to the effect of the machinations of the ill disposed upon their gross credulity, may still occasion disturbances." (102)

Want die nasionale party in Graaff-Reinet was nognie dood nie. Baie het nog op buitelandse hulp gereken en vertrou dat Woyerhulle nie in die steek sou laat nie. Met sy verdwyning uit Graaff-Reinet is Woyer op 'n Deense skip na Batavia en het daar verklik in geslaag om die bystand van Goewerneur-Generaal van Overstraten te wen. Op 19 Februarie 1797 is die "Haasje" gevolglik gestuur met die nodige ammunisie en lewensartiekels, maar is in Delagoabaai oorrompel deur 'n gemengde Engelse en Portugese mag en so eindig die tweede poging van die moederland om die Koloniste te hulp te kom, in mislukking. (103)

Nieteenstaande hierdie terugslag het die patriotisme voortgeleef in Graaff-Reinet en die burgers van Bruintjieshoogte en die Suurveld het net op 'n gunstige geleentheid gewag om hul onafhanklikheid terug te wen.

Intussen het die Boesmans en kaffers weer die lewe vir die grensboer onaangenaam begin maak. Op 17 Februarie 1797 rapporteer Gerotz, Adriaan van Jaarsveld en P.J. Burger aangaande die voortdurende rooftogte van die Boesmans en meld o.a.

- "dat -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"dat de kaffers met honderden, verzeld met duyzende van Beesten hunne Landen verlaaten en in onzen Distrikten trekken"(104) Hul maak 'n beroep op Craig en vertrou dat hy die saak na behore sal skik.

Dog 'n nuwe ontnugtering het die burgers gewag. In Mei is Generaal Craig deur Goewerneur Macartney vervang en Bresler is kort daarop as Landdros na Graaff-Reinet gestuur, met die uitdruklike instruksies om die vriendskaplike politiek met die kaffers voort te sit.

Watter kafferpolitiek sou Bresler volg ? Ons vind hom 'n ewe groot kaffervriend as Maynier. Hy is oortuig dat die Boesmans gedug moet gestraf word, maar wat die kaffers betref, is daar "geen beter middel dan ze te streelen door geschenken" en hul "met bescheidenheid en langs minnelyke weegen te doen te rug keeren binnen haare grensen".(105) Met 'n dergelyke opvatting ten opsigte van die kaffers, kan ons verwag dat Bresler in sy missie sou misluk; i.p.v. die vertroue van die burgers te wen, sou hy hulle uit die staanspoor teen die Engelse Regering in die harnas ja.

Intussen het die kafferkwessie 'n ernstiger kleur gekry en Adriaan van Jaarsveld, as hoof van die krygsraad, het Gerotz genader met die versoek om 'n kommando op die been te bring. Toe Bresler dus teen die end van Julie 1797 in geselskap van Barrow(106) in Graaff-Reinet aankom, is 'n kommando reeds op die been gebring om die kaffers uit die Suurveld te verjaag.

Bresler en sy geselskap het 'n beter ontvangs gekry as wat hulle verwag het. Landdros Gerotz en Kaptein Adriaan van Jaarsveld het dadelik hulle ampte neergelê en die burgers het sonder beswaar die eed van getrouheid afgelê. Die vooruitsigte vir 'n rooskleurige toekoms was weliswaar gunstig, toe Bresler 'n ruwe ontnugtering veroorsaak. Die burgers van

- Sneeuberg -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sneeuberg het geen rede tot ontevredenheid gehad nie, want Bresler was vas beslote om hulle aartsvyande, die Boesmans, met hand en tand te beveg. Geen wonder dus dat die Sneeuwbergers tevrede met hulle regering was en buitestaanders in die komende opstand sou wees nie.

Dog so nie die burgers van die "Suid-Oostelike wyke nie; Die Kaffers sou nie deur magsmiddele uit die Kolonie verdryf word nie, maar Bresler en Barrow sou sake met hulle in der minne skik. Soos Bresler self aan Craig gerapporteer het: "ik heb daadelyk beveelen uitgevaardigd die verhoeden zullen, dat aan de Caffers geen Leed geschieden".(107)

Gevolglik het Bresler en Barrow op 11 Augustus in gesleskap van twee heemrade vertrek op hul vriendskaplike missie na die Opperhoofde van die Suurveld. Die hoofde is gespreek en op hulle antwoord dat hul uit vrees vir Gaika in die Suurveld getrek het, het die geselskap hul na Gaika gehaas. Gaika het nie alleen die beskuldigings van die hoofde ontken nie, maar selfs verklaar dat hy nie met hulle in vyandskap gelewe het nie.(108) Hieruit behoort Bresler af te gelei het dat die opperhoofde in die Suurveld sleg s verskonings soek en nie bereid was om die Suurveld te ontruim nie, maar inteendeel voel hy oortuig daarvan dat die premaire oorsaak van die moeilikhede by die burgers lê.

Barrow was ewe bevooroordeeld teen die Koloniste. Vir hom is hulle "de onverschilligste, onkundigste en brutaalste schepsels, dan eenige menschen, die den naam van beschaafd dragen op den ganschen aardbodem".(109) Maar ons moet teenoor die getuienis baie skepties staan. Barrow het altyd as 'n vyand onder die Koloniste verskyn, omgang met hul vermy en bowedien is sy voorstellings so deur vooroordeel deurtrek, dat ons daar weinig waarde aan kan heg.

Die uiteinde van Bresler se reis was dat die kaffers in die Suurveld bly woon het en die ou storie het dan spoedig

- gou -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gou weer begin. Aangemoedig deur die lafhartige optrede van die regering, het hul by die dag meer brutaal geword en die Koloniste moes alles gedwee aansien. Gevolglik het ontevredenheid hom weer begin versprei, wat in 'n stygende linie sou toeneem tot die klimaks vroeg in 1799 bereik is.

Intussen het Adriaan van Jaarsveld se finansiële posisie veel te wense oorgelaat. Eertyds 'n welgestelde man, het die voortdurende rooftogte van beide Boesmans en kaffers, gepaard met intense droogtes, hom tot so 'n posisie gebring dat hy nie meer die rente op sy leningsplaas kon bybring nie.

Veral interessant is dit om in hierdie verband te let op 'n brief van Bresler aan Fiskaal van Rynevel: "I have transmitted to Mr. Miemel three pieces of falsified Paper Currency, which were seized by me in order to prevent further deceit - I suspect, which however requires further inquiry, that the very renowned van Jaarsveld had a hand in the business."(110) Vir hierdie aantygings is daar egter nie die minste bewyse nie en Bresler self het nooit weer iets hiervan in sy later rapporte gerep nie. Ons weet wel dat van Jaarsveld onder finansiële druk verkeer en later nie geskroom het om hom aan vervalsing skuldig te maak nie, maar aan die ander kant moet ons nie vergeet dat relasies tussen hom en Bresler besonder gespanne was nie. Reeds vanaf die opstand van 1795 is Adriaan van Jaarsveld in ampteliike kringe met agterdog bejeën.(111) En Bresler het gedurig hierdie vooroordeel aangehits deur verdraaide rapporte aan die owerhede te rig. Temeer daar Bresler nooit weer van die saak melding gemaak het en hierdie oortreding nooit op van Jaarsveld tuisgebring is nie, moet ons dus aanneem dat hy onskuldig was.

Soos reeds aangevoer, het die patriotisme in Graaff-Reinet steeds voortgeleef. Vanuit Kaapstad is geheime onderhandelings met die Franse op Mauritius gevoer en gerugte omtrent

- oorwinnings -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorwinnings en moontlike Franse steun het die hoop van die rewolusionaire party aangewakker. Veral 'n paar heethoofde in Kaapstad het die opstandelinge aangehits bv.die twee briewe van die skoolmeester Cornelis Edeman.(112)

Die vertrek van Goewerneur Macartney of "de Oude Edelman", soos hy genoem is in November 1798, gepaard met die gerugte van 'n vermindering van die aantal troepe en 'n groot brand in die Kasteel, het die burgers eindelik die langverwagte geleentheid gegee om hul verlore onafhanklikheid terug te wen. Die agiteerders aan die Kaap het die saak so voorgestel dat die Engelse Regering magteloos was en dat 'n opstand op hierdie tydstip suksesvol moet wees.

Die burgers het nie lank op hul laat wag nie. Inplaas van die vooropgestelde "vrede" op die Oosgrens, het die Koloniste geen rus van die kaffers gehad nie en moes daaglikse die toepassing van 'n belaglike kafferpolitiek aanskou, sonder om na hul wapens te mag gryp en wat hulle ontevredenheid groter gemaak het, is die feit dat daar geen hoop op verbetering was nie aangesien die Regering definitief die kant van die naturel gekies het.

Nes in 1795 het Marthinus Prinsloo nou weer die voortou geneem. In Desember 1798 het hy Jan Botha (Eenhand) gaan besoek en daar is afgespreek " om nu de oude patriotsche zaaken wieder op te vatten".(113) In sy Interrogasies (Arts. 188 - 190) gee Prinsloo voor asof Botha die voorstel gemaak en hy daarop geantwoord het: "dat ik het lang goed had en dat ik het nooit weer doen zou". Hoe dit ook sy, Prinsloo het ingestem "dat wanneer die menschen het eens waren en hem tot Commandant verkooren, hy als dan maar de Kaap sou schryven dat hy gedwongen was geworden".(114)

Eiehandig het hierdie twee persone voorts aan Coenraad

- Buis -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Buis (115) geskrywe dat die burgers van Graaff-Reinet van plan is om op te staan teen die Regering en dat hy hul met kafferhulp moet bystaan aangesien hy so 'n groot mag oor Giaka het (116). Hierop het Buis in die positief geantwoord (117), met ander woorde, die onheilige alliansie met Buis en die kaffers is gesluit sonder die medewete van die ander burgers en is later juis gebruik om burgers vir die opstand te werf.

Op 12 Desember 1798 het Jan Botha 'n brief aan M. Prinsloo en Barend Bester gerig, " inhoudende het voorstel om nu de oude patriotschap, welke men in de steek had gelaten, weder op te neemen", (118) en hoewel Prinsloo in Artiekel 194 van sy Interrogasies aanvoer " dat ik heb hem (d.w.s. Botha) geantwoord dat ik er niet mede wilde te doen hebben", weet ons dat hy hart en siel vir die opstand was.

Die rewolusionaire idee is hierop wyd en syd onder die burgers versprei en die toneel was gereed vir die volgende stap.

Ons kom dus tot die konklusie dat daar reeds voor die gevangeneming van van Jaarsveld sprake was van opstand. Maar dis twyfelagtig of die samesweerders dit ooit sou gewaag het om tot openlike rebellie oor te gaan, as dit nie veroorsaak is deur 'n onvoorsiene gebeurtenis nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

X.

DIE OPSTAND VAN 1799 EN DIE ROL WAT ADRIAAN VAN JAARSVELD DAARIN GESPEEL HET.

Op sy lening-splaas "de Vrede", gelê aan die Swartrivier onder die Nieuweveldsberg, het Adriaan van Jaarsveld die som van 10,000 riksdalers as verband aan die Weeskamer geskuld. Vanaf 1790 het hy die rente op hierdie som betaalbaar, agterstallig gebly met die gevolg dat hy gewaarsku is. (119)

Op 16 April, 1794 het hy egter aan die prokureur van die Weeskamer 441 riksdalers betaal, synde die rente tot op 31 Des. 1791. Maar in die volgende jare het hy weer rente agterstallig gebly, sodat hy op 30 Maart 1798 aangeskryf is om nie slegs die agterstallige rente nie, maar ook die kapitaal te betaal. Toe die geregsbode egter die dagvaarding aan van Jaarsveld gebring het, het laasgenoemde beswaar gemaak en beweer dat hy nie soveel rente skuldig is nie, aangesien hy reeds sy rente tot op 31 Des. 1794 betaal het en ter stawing van sy bewering het hy ook werklik 'n ontvangsbewys getoon, waarvolgens sy rente tot op gemelde datum betaal was. (120)

By 'n noukeurige ondersoek het dit egter geblyk dat die datum 1791 in 1794 verander is en die vervalsing is verder bewys toe op versoek van doe onder-Fiskaal, Petrus Diemel, die boeke van die Weeskamer nageslaan is, asook die van gemelde prokureur en gevind is dat die rente slegs tot op 31 Desember 1791 betaal is.

Hoewel Adriaan van Jaarsveld in Art. 22 van sy Interrogasies sy skuldigheid ontken en sê: "daar kan ik een eed voor doen, dat ik er geen hand of pen toegeleend heb", is dit dus onteenseglik bewys dat hy hom aan 'n ernstige misdaad skuldig gemaak het.

Op 31 Mei 1798 is Adriaan van Jaarsveld dus deur die Raad van Justisie gedagvaar om binne die periode van ses maande

- voor -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voor die hof te verskyn en hy het ook belowe om op die 29e Nov. 1798 teenwoordig te wees. En soos hyself in Art. 30 van sy Interogasies sê: "dat had ik ook zeker gedaan, was ik niet door ziekte verhinderd geworden, eerst van myn vrouw en naderhand van myzelve."

Gevolglik is Bresler beveel om van Jaarsveld te laat arresteer en toe hy op 17 Januarie 1799 op besigheid in Graaff-Reinet aangekom het, het die Landdros van die geleentheid gebruik gemaak. Die bevel van die hof is aan van Jaarsveld voorgelees en hoewel hy om uitstel gevra het, het Bresler geweier: "ik heb gevraagd of het niet minder kon wesen, met byvoeging dat de ziekte van myn Vrouw my verhinderen om zoo dadelyk te vertrekken, doch dat ik aannam om zoodra die verhindering ophield, of ik gedagvaard wierd of niet, my Kaapwaards en by de Justitie te vervoegen; waarop de Landdrost my geantwoord heeft, dat hy zich zelven niet verantwoordelyk kon stellen en ongelukkig maken, om my te redden." (121) Hierop het van Jaarsveld geantwoord: "Myn Heer! ik vrees dat dit een roering onder de menschen zal geeven; ook hebt ik g esegt, dat ik vreede dat die zaak van een kwaad gevolg zoude zyn; op welk zeggen de Landdrost my gevraagd hebbende; weet gy er dan iets van ? heb ik geantwoord hoe zeer ik er niets van weet, kon het egter wel gebeuren (Art. 50) m.a.w. hy gee voor asof hy niks van die opstandige bedoelings van sy medeburgers weet nie, maar in Art. 51 wys hy die teenoorgestelde, want toe hy gevra is wat hy met "een roering onder de menschen" bedoel het, het hy geantwoord: "ik heb ermee bedoeld opstand en oproer in die Colonie, mitsgaders onaangenaamheid voor de Regering en voor het land" m.a.w. as hy gevange geneem word, dan sou die burgers in opstand kom met 'n slegte gevolg vir die reg-ering. Kan ons nou uit sy woorde aflei dat hy nie van die bedagte opstand bewus was nie ? Vir my lyk dit onaanneemlik want hoe sou hy dan geweet het dat sy gevangeneming

- moeilikheid -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moeilikheid sou veroorsaak ? Egoïs soos hy was, sou hy tog nie so 'n verregaande idee van sy eie waardigheid gehad het om te meen dat sy gevangeneming 'n opstand sou veroorsaak nie. 'n Beter verklaring is dat Adriaan van Jaarsveld wel geweet het van die bedagte opstand en dat hy bowedien gekies was om 'n leidende rol in daardie opstand te speel en as hy gevange geneem word, sou die ander opstandiges dadelik tot openlike verset oorgaan.

Die volgende dag om vieruur het Adriaan van Jaarsveld in gesselskap van Sekretaris Oertel na Kaapstad vertrek "and Sergeant Macquire detached with two dragoons to escort him, was in his presence ordered to treat him in the most polite manner as far as such was compatible with the state of a prisoner, but in case of any of his fellow burgers endeavouring to rescue him, then the Sergeant to shoot him immediately and the dragoons to defend them selves as much as possible." (122)

Toe Bresler egter op die 19e. van die onder-Geregsbode, P.E. Wahlsstrand, hoor dat daar 'n poging gedoen sou word om van Jaarsveld te red en aangesien hy persoonlik rede gehad het om onaangeneemheid te verwag, het hy 'n korporaal en vier dragoenders agterna gestuur om die gesselskap tot by die Poort te vergesel.

As 'n verdere voorsorgmaatreël het Bresler op Sondag 20 Januarie na afloop van die diens aan die burgers die rede van die gevangeneming van Adriaan van Jaarsveld verduidelik " exhorting them to behave like peaceable burghers and to consider the consequence of their opposing themselves to a decree of the Court of Justice." (123)

Oertel het egter so gerus gevoel oor die toestand, dat hy op 21 Januarie die korporaal en vier dragoenders terug gestuur het na Bresler met 'n brief waarin hy die Landdros

- gerusstel -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gerusstel.

Maar intussen het die burgers van agter-Bruintjieshoogte hul eie reëlings getref. Onder leiding van Marthinus Prinsloo het 21 gewapende manskappe in die nag van 19 Januarie op die plase van Jacob en Carel Erasmus vergader en dadelik vertrek op hul missie. Ons kan hier gevoeglik die verhaal aan Oertel oorlaat: "on the fourth day's journey", d.w.s. op 21 Januarie te Carreebosch, "two men named Pieter Erasmus and Barend de Klerk came up to him and demanded him to deliver up van Jaarsveld willingly, if he would not, blood should be shed. Oertel replied he had nothing to do with van Jaarsveld, but that they must apply to the Sergeant commanding the Dragoons; meantime about thirty or forty men of their plot stood a little distance from the wagon; they then addressed themselves to the said Sergeant and demanded van Jaarsveld; the Sergeant told them he would not deliver him up and that his orders were rather to shoot him on the spot; they thereupon returned to their companions and returned immediately with ten men, Named: M. Prinsloo, P. Erusmus, Willem de Clerk, J.D. Botma P.W. Prinsloo, Prinsloo, Klopper, Esterhuysen, Westhuysen, the tenth unknown by name, commanded by M. Prinsloo, who again demanded van Jaarsveld, with the threat beforementioned. Said Oertel then represented to them that they were acting a very bad part, that van Jaarsveld ought to himself to go to the Cape to clear himself from the charge of a forgery, for which he was now summonedd before the Court of Justice, and that this affair was unconnected with Government". (124) Hierop het Prinsloo geantwoord "dat er nog een andere zaak aan het roeren was die nog slimmer was" (125) en tot van Jaarsveld bygevoeg: "dat is onze oude Regering myn lieve maat, die jou dat aandoet; daar is niet te twyffelen of gy word op dezelfde wyze behandeld als Piet la Port die zonder verhoor is weg gestuurd". (126) Alhoewel

- die -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Sersant nog onwillig was om die eis van die burgers na te kom, het Oertel aangeraai om maar gehoorsaam te wees en van Jaarsveld is losgelaat met die woorde aan die burgers: "vriende jul beter laat my gaan, aangesien jul net julself en my in die moeilikheid dompel". Uit sy woorde lyk dit dus of Adriaan van Jaarsveld reeds op hierdie tydstip die kwaai gevolge van 'n opstand besef het. Hierop het die gewapende geselskap met die gevangene na die plaas van Dirk van den Bergh vertrek en dadelik aanstaltes begin maak om die opstand voort te sit.

Op bevel van Marthinus Prinsloo het van Jaarsveld 'n brief aan Barend Burgers geskrywe waarin hom meegedeel is re die redding van van Jaarsveld en hy verder versoek is om hul dadelik tot hulp te kom. Nog dieselfde dag is 'n tweede brief geskrywe waarin mense in die naam van "de Volkstem" gekommandeer is om op 25 Januarie gewapend op die plaas van Piet Rautenbach te verskyn.

Vervolgens het die oproeriges na die Tweede Drif by die Drosdy vertrek en beseffende hul onmag - daar was selgs 'n paar dragoenders by die Drosdy - het Bresler en die heemrade dadelik besluit om so ver moontlik die sin van die opstandelinge te gee en sodoende olie op die onstuimige waters te gooi. Immers, dit sou nie lank duur voor Generaal Vandeleur daar aanland nie en intussen is die doel net om die opstandiges in bedwang te hou.

Tot hierdie einde is die heemrade Hermanus Olivier en Andries Adriaan Smit dan ook na die Drif gestuur, om die oorsaak van die ongereeldhede uit te vind en het as antwoord gekry nl. dat die burgers die rede van die gevangeneming van Adriaan van Jaarsveld wou weet en ook tegelyk enige redelike versoeke doen.

Om die daad by die woord te voeg, het Marthinus

- Prinsloo -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Prinsloo in geselskap van drie burgers in die heemraadsvergeadring verskyn en verklaar dat die ontevredenheid van die burgers daaruit spruit dat van Jaarsveld gevange geneem en na Kaapstad vervoer is sonder enige verhoor. Verder het hy botweg verklaar dat van Jaarsveld aangetas is weens sy aandeel in die opstand van 1795 en dat ~~hy~~ enigeen wat dus 'n hand in daardie opstand gehad het, dieselfde lot mag tref.

Was dit waarlik die oortuiging van die Burgers? Ons weet dat die burgers in hul brief aan Generaal Craig die vrees uitgespreek het dat hul sou gestraf word vir hul dade in 1795 en hoewel Bresler verduidelik het dat van Jaarsveld weens vervalsing gearresteer is, het die burgers soveel wantroue in hom gehad dat hul hom nie sou geglo het nie. Tog sou dit gesog wees om hierdie verduideling van hul aan te neem. Ons het reeds gesien dat 'n maand voor die gevangeneming van van Jaarsveld, daar sprake was van 'n opstand, en of hy nou gearresteer is of nie, die ontevredenheid sou in opstand uitgeloop het. Die ware toedrag van sake was dus dat Adriaan van Jaarsveld gered is omdat die oprœriges besef het dat sy deskundige kryg skennis en ingebore leierskap van baie groot waarde in dergelike omstandighede sou wees.

Hul eis dus dat die prisonier op borgtog ~~sou~~ uitgelaat moes word en beveel Bresler tegelykertyd om 'n brief aan die Goewerneur te skrywe, waarin hy versoek word om die burgers toe te laat om met hul vee oor die Groot Visrivier te trek.

Op die volgende dag het die gewapende geselskap die Tweede Drif verlaat en elkeen het huiswaarts gekeer. Alleen Adriaan van Jaarsveld het ten huise van Marthinus Prinsloo gebly en as ons onthou dat sy vrou siek was, lyk dit vir ons onverklaarbaar. Maar later meer hieroor.

Het die opstand die algemene ondersteuning van die Graaff-Reinetters geniet? Oenskynlik lyk dit so, maar by

- 'n -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n grondiger studie merk ons dat dit hoofsaaklik die grenswyke was wat die kern van die opstand uitgemaak het m.a.w. die burgers wat die meeste blootgestel was aan die kafferintogte. Die burgers van die noordelike wyke, veral Sneeuberg, het inteendeel wynig rede vir ontevredenheid gehad en het deurgaans die genegentheid getoon om by Bresler te staan.

Op 28 Jan. is "n volgende vergadering op die plaas van M. Prinsloo gehou waar Buis ook teenwoordig was. Prinsloo het aan Buis geskrywe dat 'n opstand die algemene ondersteuning van die burgers van Graaff-Reinet sou geniet en toe daar dus op hierdie vergadering nouliks 'n honderd man teenwoordig was, het Buis woedend uitgeroep :"dat is de Eerste brief niet die ik kryg ;gy hebt my nu uit het Kafferland laaten komen en nu zult gy ook de manschappen commandeeren." Prinsloo het egter volgehou dat hy nog genoegsame manskappe sal kry en hierop is weer die algemene besluit geneem dat die ou patriotskap hernu sou word.

Uit die getuienis van die verskillende gevangenis blyk dit dat daar verskeie begrippe aan die hernuwing van die patriotsme geheg is. Party het hierdeur bedoel die verowering van Graaff-Reinet met behulp van die kaffers, party om die hele Kolonie te neem , terwyl andere hieronder verstaan het die gevangeneming van Bresler. Prinsloo het egter gemeen: "Graaff-Reinet soude met behulp van de kaffers door de burgers worden ingenomen en al de geene, die niet mee wilde doen souden dood geslagen worden en hun vee tot proviesie aan de kaffers uitgedeeld ". (128)

Gedurende die volgende paar dae het Adriaan van Jaarsveld verskeie briewe, op bevel van Prinsloo en Buis, geskrywe waarin die burgers beveel is om op 10 Februarie gewapend op die plaas van Jan Bosch te verskyn. Indien hul nie hieraan gehoor gee nie, sou hul beskou word as verraaiers en Buis sou

- sy -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy kaffers op hul loslaat.

Om beter effek aan hul oproep te gee, het Prinsloo en Buis intussen 'n storie versprei dat Bresler ammunisie en geskenke aan die kaffers verstrek het , om sodoende hul hulp in die opstand in te wen. Hierdie informasie het hul uit 'n onderskepte brief aan Commandant van Rensburg gekry,wat as volg lui: " Herewith you receive 4 tinder boxes, 8 knives, 1 roll brass beads, 4 bunches of beads and 12 small looking glasses, together with 30 lbs. of gun powder and 60 lbs. lead. Please to give Malau and Thoho each of them one knife and two looking glasses and all the residue to Conga". (130) Ons kan dit nie anders as 'n kwaadwillige verdraaiing van feite noem nie, aangesien dit reeds 'n ou en bekende gewoonte was om jaarliks presente aan die opperhoofde te stuur. En wat die ammunisie betref, jaarliks is daar 'n hoeveelheid aan die kommandante gestuur om onder hul manskappe te verdeel.

Intussen het Bresler hom gedurig in 'n beleërde toestand bevind. Soos G.E.C. Koch in Art. 31 van sy Interrogasie se: "ik heb gehoort dat de Landdrost met een paerde wag en van den Heemraad Olivier wilde vertrekken en dat Coenraad Buis volk gesonden had, om daarop te passen, en so de Landdrost vertrok, hem door een wagt te doen arresteeren".

Uit die verhoor van die gevangenis lyk dit of die vernaamste doel van die vergadering van 10 Feb. was om te beraadslaag oor die lot van Bresler en hier kry ons ook 'n verskil van opinie: "de gevoelens waren onderscheiden, de een wilde den Landdrost tot Beestewagter en de andere wederom tot iets anders gebruiken; dog Buys proponeert om den Landdrost naa de Vischrivier te brengen,hem daar dood te schieten en dan te verspreiden dat de Landdrost vermoord was". (131) Hul was egter te gering in getal om uitvoering aan hulle besluite te gee en dis besluit dat op 17 Feb. 'n laaste vergadering gehou sou word om oor die lot van die Landdros te beslis.

- Op -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 17 Feb. dan het iets oor die 100 gewapende burgers op die plaas van Barend Burgers versamel en van hierdie geleentheid het Buis gebruikgemaak om 'n papier ter ondertekening aan die burgers voor te lê. Wat die inhoud daarvan was is nie met sekerheid te bepaal nie, aangesien die burgers self nie geweet het nie. Party van die gevangenis het beweer dat dit die vonnis van Bresler bevat het nl. sy oorlewering aan die genade van Buis, andere weer meen dat dit 'n eed van getrouheid aan Buis was. Die geskrif is in elk geval vernietig omdat die burgers "daar zoo kwaad geweest zyn, dat ze de geweeren hebben geladen en op malkanderen hebben willen schieten". (132)

Adriaan van Jaarsveld was ook teenwoordig, maar "ik was daar prisoneer zoowel als de Hoemraad J. Tregard, maar om de waarheid te seggen, ik heb my laten vangen. Ik kon wel tegenstand doen, maar ik wou zien hoe of het spel zou uitlopen". (133) Laat ons die getuienis van die ander gevangenes hiernaas stel en sien in hoeverre Adriaan van Jaarsveld die waarheid spreek. Jean Isaak Bonté sê in Art. 21: "van Jaarsveld, M. Prinsloo, Jan Botha, Buys, Gert Rautenbach en Theunis Botha - deze zyn eigentlik de officieren, terwyl Barend Bester (Arts. 35 & 36) aanvoer dat Adriaan van Jaarsveld en Prinsloo by hierdie vergadering die leiers gewees het: "om dat Adriaan van Jaarsveld de menschen instigeerde en M. Prinsloo in de uitvoering als hoofd ageerde". Ook G.E.C. Koch sê in Art. 22 van sy Interrogasies:"zooals ik gehoord heb, was Marthinus Prinsloo president en de leden waaren Jan Botha, Coenraad Buys en de oude Adriaan van Jaarsveld." m.a.w. aldrie getuies beweer dat van Jaarsveld 'n leidende rol in die verrigtings gespeel het.

Op hierdie stadium het Ds. Ballot sy invloed probeer gebruik. Deur vaderlike teregwysings het hy die oproeriges probeer afkeer van hul kwaai weë en dit lyk werklik of hy 'n mate van sukses gehad het. Soos G.E.C. Koch in Art. 40 sê:

- "Ballot -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

" Ballot heeft de menschen tot rust gebragt en doen afsien van hun voorneman omtrent den Landdrost ;waarna hy een gebed gedaan en de menschen vermaand heeft tot rust en godvresenheid". Adriaan van Jaarsveld (Art.69) sê ook die vertoë van Ds. Ballot "heeft er heel veel toe gedaan",dog voeg hy by: "maar toen was het al neergeset met geweld."

Tot dusverre het die opstandelinge geen duidelike plan van aksie gehad nie.Prinsloo en Buis was vas beslote om eerstens die Landdros op effektiewe wyse te straf, maar hul het blykbaar nie die nodige moed hiertoe gehad nie en verder as persoonlike beledigings aan Bresler en pogings om die heemraadsvergaderings te belemmer , het hul trouens nie gekom nie.

Intussen het Luit.- Goewerneur Dundas op 16 Feb. van die redding van Adriaan van Jaarsveld gehoor en dadelik maatreëls geneem om die opstand te demp --" I consider this violation as an overt act of rebellion and shall proceed to punish it as such". (134 Alle kommunikasie met Graaff-Reinet is afgesny en 'n sterk troepemag van Engelse soldate en Pandoers is na Graaff-Reinet afgestuur.Een afdeling sou onder die algemene bevelvoerder, Generaal Vandeleur ,deur Swellendam marseer, terwyl die res met die skepe "Star" en "Hope" na Algoabaai vervoer is.Dundas was dus vas beslote om vir goed 'n end aan die oproerigheid in Graaff-Reinet te maak en soos hy aan Bresler geskrywe het :" It is with extreme regret that I enter into such forcible measures; but since there has been a necessity of adopting them, my intention is that General Vandeleur shall coöperate with you in clearing your district, not only of the persons who have in this instance actually assisted in the rescue, but also all such as have shewn any disposition to renew the too frequent disturbances that of late years have been instigated by some unprincipled people in your district. In short, it is my desire that you

- will -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

will take this opportunity of preventing such troubles from ever occuring again".(135)

As 'n verdere voorsorg-maatreël is proklamasies uitgevaardig wat die burgers van Swellendam beveel het om op hul plase te bly. Veral die burgers in die oostelike deel van Swellendam het opstandige neigings getoon en Vandeleur is gelas om te sorg dat geeneen van hul die geleentheid kry om by die Graaff-Reinetters aan te sluit nie.

Met die tyding dat Generaal Vandeleur in aantog is, het die rebelle eindelik tot aksie oorgegaan. Dertig manskappe is gestuur om die Kaapse weg te beset en Bresler is dadelik in kennis gestel dat, tensy hy die aantog van die troepe verhoed, die burgers hom persoonlik te lyf sou gaan. Wat Meer is, "als de minste gerugte van pandoeren klinkt, rukt Buys met de gansche Kafferland daar op los".(136) Uit vrees het Bresler togestem en ten dien einde 'n brief aan die Luitenant-Goewerneur gestuur, hoewel hy goed geweet het dat dit geen gevolg sou hê nie.

Ook is 'n brief op bevel van Prinsloo deur Adriaan van Jaarsveld aan Bresler geskrywe, betreffende die toekomstige kafferpolitiek nl. dat daar in die toekoms geen geskenke aan hul gegee sou word nie en dat alle kommunikasie met die kaffers deur middel van die "medeburger" Coenraad Buis sou geskied.

Vervolgens is reëlings getref om die aanmars van die troepe vanaf Algoabaai te stuit. Jan Botha is aangestel om 'n kamp by die Coega te vorm en Buis het na kafferland vertrek op voorwendsel dat hy kafferhulp gaan haal. "Verscheide Jonge menschen wilden tegen de troepes van Zyne Majesteit aan trekken, om te vegten, maar door vertooning van my (d.w.s. van Jaarsveld) dat zy zich schuldig wil maakten aan Eedbreeken tegen zyne Majesteit, hebben zy het gelaten, dog een onder hen, genaamd Dirk van der Schyf, heeft by die gelegenheid gesegd, dat hy my wel een kogel voor de kop wilde geven en my midden in de

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

see wenschen, omdat ik de menschen zoo weekhartig maakte". (137)

Al spoedig het dit geblyk dat die manskappe aan die Coega veels te gering was om enige effektiewe weerstand aan die Engelse troepe te beid en Prinsloo het weer wanhopige pogings aangewend om burgers te werf en Pieter Ignatius van Kamerên het selfs op 12 Maart 'n brief aan "alle weldenkende vrienden woonagtig aan de Gamtoews Rivier, tot het boveneinde van de Lange Kloof" (138) gerig, waarin die burgers van Swellendam beveel is om hulp te stuur. Generaal Vandeleur was egter teen hierdie tyd al in Swellendam en die pogings het weinig gebaat.

Uit die getuienis van die verskillende gevangenes lyk dit of die kamp by die Coega in 'n toestand van chaos verkeer het. Adriaan van Jaarsveld sê: "het is geen campement geweest, maar een confuse versameling van gewapende menschen", (139) terwyl sy seun Zacharias beweer het: "zy waren alle commandant". (140)

Intussen het Generaal Vandeleur op 26 Feb. by Hagelkraal in Swellendam aangekom en dadelik daartoe oorgegaan om te verhoed dat die Swellendammers aan die opstand deel sou hê. Die proklamasie van 17 Feb. is bekend gemaak en alle burgers is verbied om oor die Attaquaskloof te gaan. Selfs is die broers Frederick en Jacobus Botha, wat deelgeneem het aan die opstand van 1795, gevange geneem en na Kaapstad vervoer tot die opstand gedemp is.

Jan Botha het egter nie op die koms van die troepe gewag nie. Onder voorwendsel dat hy hulp by 'n naburige kafferkraal wou gaan haal, het hy in Kafferland gevlug en verdwyn so nes Buis van die toneel.

Hoewel Gert Rautenbach sy plek ingeneem het, kan ons feitlik sê die kamp was sonder 'n leier. Want met die ~~koms~~ vertrek van Buis en Jan Botha het ook die kaffergevaar verdwyn en noudat die burgers nie meer vir hul eiegemente bevrees was nie, het hul terdeë hul posisie begin besef. Gert Rautenbach het dan

- ook -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook die grootste moeite gehad om sy vyftig manskappe bymekaar te hou.

Met die land van die troepe in Swartkopsrivier (Algoabaai) het die verwarring eindelik so groot geword dat op 11 Maart 'n dringende brief aan Prinsloo geskrywe is: "U Edele word by dezen aangeschreven dat U ons nu den spoedigsten de hulpe kommen moet, want de gevaar nu op het uyterste gekommen is, en wanneer U niet met alle u manschappen te gelyk komen kan, zoo moet u maar met een gedeelte vooruyt kommen - U eed die U op Jan Bosch geschworen, zal u hoopendlyk nog in gedachtenisse zyn en nu zal ik zien of U u Eed en pligt als een man naar komt". (141)

As antwoord het Prinsloo, deur middel van Adriaan van Jaarsveld, verskillende briewe aan die burgers van Sneeuberg ens. laat skrywe en intussen het Adriaan van Jaarsveld in geselskap van sy seun Zacharias persoonlik na die Coega vertrek. Op die vraag of sy reis na die Coega nie was "om te zorgen dat alles in orde was om zich te verdedigen", het van Jaarsveld in sy verhoor gesê: "neen, het was om alles te verwarren" (Art. 110). Hierdie bewering is egter nie juis nie, want ons weet dat Adriaan van Jaarsveld op weg na die Coega probeer het om die hulp van Kommandant Jan Strydom in te wen. Weliswaar ontken van Jaarsveld dit, maar sy seun Zacharias getuig dat hy sy vader en die Kommandant hoor stry het, waarop laasg enoemde weggery het met die woorde: "Moermeuker, Verdomde Kinders" (Arts. 60 & 61). As van Jaarsveld se doel dus was om verwarring in die Coega te gaan veroorsaak - soos hy voorgegee het - en sodoende 'n end aan die verset wou maak, dan sou hy mos immers nie nog burgers vir die opstand probeer werf het nie ?

Voor hy egter die Coega bereik het, het hy siek geword en besluit om terug te keer na Graaff-Reinet, terwyl hy sy seun in sy plek na die Coega gestuur het. Volgens van Jaarsveld se bewering het 'n groep burgers sy seun van hom af-

- -gedwing -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedwing - "ze hebben hem my afgedwongen"(Art. 143) - terwyl Zacharias van Jaarsveld in Art. 49 van sy Interrogasie sê: "ik ben met myn Vader mede gereeden en myn Vader heeft my zulks gelast" i.e. om na die Coega te gaan.

Dis nog 'n kwessie op van Jaarsveld werklik siek was. Volgens sy eie woorde het hy naby die Coega siek geword en waarom sou hy dan juis die hele distansie na Graaf-Reinet te perd afle as hy so naby die kamp was? 'n Beter uitleg van die saak is dat hy onder voorwendsel van siekte teruggekeer het, omdat hy geweet het dat die burgers nie teenstand vir die Engelse troepe kon bied nie en hy wou hom dus nie onnodig aan 'n openlike verset teen die troepe skuldig maak nie.

By sy terugkoms in Graaff-Reinet het hy aan Marthinus Prinsloo gerapporteer dat die burgers reeds baie Pandoers doodgeskiet het en dat die kaffers by die Coega aangeland het om die burgers te help. Sou hy hom moedswillig aan hierdie verdraaing van feite skuldig gemaak het, om sodoende meer burgers vir die saak te wen? Dis egter nie die geval nie, want toe aan hom gevra is of hy dit gesê het, het hy geantwoord: "ik zal het hem zekerlijk geseegt hebben, want ik hebt het gehoord" (Art.141). En ook volgens ander getuies het ons dit dat Jan Botha die storie versprei het.

Met die aansluiting van Generaal Vandeleur by die troepe in Algoabaai, het die kamp by die Coega opgebreek en die burgers in alle haas na Graaff-Reinet teruggekeer. By die verskyning van Generaal Vandeleur in Graaff-Reinet op 19 Feb. was die opstand trouens reeds verby en het die oproeriges om vrede gesmeek. Twee afgevaardigdes, Willem Prinsloo en Daniel Liebenberg het aan Vandeleur 'n versoek om pardon oorhandig, waarop geantwoord is dat die burgers eers hul wapens moet neerle.

Vroeg in April is Adriaan van Jaarsveld en sy seun Zacharias op die plaas van Willem Prinsloo gearresteer "alwaar

- ik -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ik reeds anderhalven dag op den Generaal gewagt had" (142) en op 6 April het die grootste gedeelte van die oproeriges hul wapens neergelê. Dieg-ene wat die meeste aandadig was is aangehou, terwyl 93 vrygelaat is onder betaling van 'n boete en die belofte dat hul hul in die toekoms beter sou gedra.

Die opstandelinge het hul egter nognie almal onderwerp nie en derhalwe is op 22 April 'n proklamasie uitgewaardig waarin hul beveel is om voor 3 Mei hul wapens te kom neerlê. Die meeste het dit ook gedoen, terwyl 'n paar andere o.a. Jan Botha in Kafferland skuiling gesoek het.

Met die vervoer van die 2e vernaamste rebelle na Kaapstad in die "Rattlesnake", eindig dan die opstand van 1799.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

XI.

DIE VERHOOR.

Dit was 'n onverbiddelike noodlot wat dit so beskik het dat 'n kafferoorlog moes uitbreek, juis toe die opstand gedemp is.

Met sy ontvlugting uit die kraal van Gaika in Feb. '99 het Slambie hom aan die hoof van die kaffers in die Suurveld gestel en spoedig het die ou losbandigheede weer begin. Onder voorwendsel van 'n oorlog ~~van~~ met Gaika, het die kaffers in die Suurveld een strooptog na die ander op die veetroppe van die burgers gedoen. Generaal Vandeleur het hom aanvanklik nie aan die saak gesteur nie, toe die kwessie skielik 'n ander kleur kry deur die aansluiting van die Hottentotte by die kaffers Dadelik is kommandos uit Graaff-Reinet en Swellendam opgeroep en in Junie 1799 was die burgers in 'n posisie om hul vyande gedug te straf maar die agerende Goewerneur het die anders gewil. Sterk onder die invloed van persone soos Maynier en Barrow, het Dundas beveel dat die oorlog nie oor die Groot Visrivier mag voortgesit word nie en dat die Regering liefs die vrede wou bewaar met die kaffers. Ons kan verwag wat sou gebeur. Die hande van die burgers was gebind en die oormoed van die inboorlinge het geen perke geken nie. Teen die helfte van Aug. dan is die hele streek suid van Graaff-Reinet tot die Gamtouwsrivier deur die moordlus van die barbare in puin gelê en het die indringers hul teruggetrek in die digte bosse en klowe van die Suurveld.

Hierop het Dundas in geselskap van Maynier na die Oosgrens vertrek om vrede te maak . By sy aankoms in September was die militaire mag van die blankes baie sterk: "drie groot kommandos van Graaff-Reinet, Swellendam en Stellenbosch, bygestaan deur 'n aansienlike troepemag, was in die veld en daar was volop geleentheid om die politieke skeiding tussen Boer en Bantu deur magsmiddele 'n voldonge feit te maak. Inteendeel is die

- kommandos -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kommandos ontbind, die kaffers toegelaat om in die Suurveld te bly en Maynier as Resident-Kommissaris vir die distrikte Graaff-Reinet en Swellendam aangestel met die instruksies:"to endeavour to convince the Hottentots and Caffers that it is the intention of his Brit. Majesty's Government to alleviate the sufferings of the former and to prevent in future the injustice which upon many occasions has been done to the latter on the part of the farmers in their dealings with them".(143) En Dundas kon gerus wees dat Maynier beide die gees en letter van sy instruksies nougeset sou uitvoer.

Met die moeilikhede op die Oosgrens het die Regering nie kans gehad om die rebelle tereg te stel nie en dit was nie voor Mei 1800 dat die kwessie opgebring is nie: "it being essential to the publicq Justice as well as the peace, security and welfare of the Colony that the Dutch prisoners mentioned in the enclosed list, confined in the Castle, should no longer be suffered to remain without meeting with the punishment due to the crimes with which they stand charged. These are to require forthwith to take such steps, as may be proper for the effectual conviction of the said offenders, by bringing them to trial before the Criminal Court of Justice".(144) Teselfdertyd het Sir George Yonge 'n brief aan die Raad van Justisie gerig, waarin hy se: "you will therefore Gentlemen attentively hear and finally pronounce sentence, according to such evidence as he shall produce before you and agreeable to the established laws of the Colony and to the Oath by you taken."(145)

Vervolgens het die Fiskaal daartoe oorgegaan om alles in gereedheid te bring vir die komende verhoor. Op 13 Mei en 2 Julie is die gevangenis onder kruisverhoor geneem (Interrogatien) en op 29 Augustus 1800, een en 'n halwe jaar na hul gevangeneming, het die verhoor 'n aanvang geneem.

- A. Opsomming -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

A.

OPSOMMING VAN DIE PROCES.

Op 29 Aug. 1800 het voor die President en lede van die Hof van Justisie verskyn op die aanklag van Crimen Laesae Majestatis:

Die Fiskaal, Willem Stephanus van Ryneveld

versus

1. Marthinus Prinsloo
2. Adriaan van Jaarsveld
3. Thenus Botha
4. Gert Hendrik Rautenbach
5. Barend Jacobus Bester
6. Jean Isaac Bonté
7. Petrus Frederick Rautenbach
8. Godlieb Ertman C. Koch
9. Gerhardus Scheepers
10. Pieter Ignatius van Kameren
11. Lucas Meyer
12. Zacharias Albertus van Jaarsveld
13. Willem Grobbelaar
14. Jacobus Johannes Kruger
15. Willem Venter
16. Gerrit Botha
17. Paul Venter
18. Johan Kruger Snr.

Vir ons teenswoordige doeleindes is slegs die verhoor van die eerste drie prisoniers van belang, aangesien die ander 'n baie ondergeskikte rol gespeel het. Om dus 'n juiste perspektief van die saak te kry en om 'n duidelike lig op die aandeel van Adriaan van Jaarsveld te werp, is dit nodig om inkort 'n uiteensetting van die loop van die proces teen die eerste drie beklaagdes te gee en ons sal hul derhalwe behandel

- in -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die volgorde waarin hul op die lys van die beklaagdes voorkom. (146)

Wat M. Prinsloo betref, is hy beskuldig:-

(a) Dat afgesien van sy korrespondensie met Buis, hy 'n brief van Jan Botha ontvang het gedateer 12 Des. 1798, wat 'n proposisie bevat het ter hernuwing van die ou patriotsme en dat hy hierdie brief voorgelees het aan verskillende persone. (147)

(b) Dat hy gewapende persone of self aangevoer het of laat aanvoer het, ten einde Adriaan van Jaarsveld op gewelddadige wyse vry te sit. (148)

(c) Dat hy ten tye van Adriaan van Jaarsveld se redding gesê het dat daar 'n geruime tyd reeds 'n tweede saak aan die broei was, wat reeds die Langkloof bereik het m.a.w. hy was tenvolle vertroud met die voorgenome opstand.

(d) Dat hy op 25 Jan. 'n oproerige vergadering van ongeveer 'n honderd gewapende burgers by die Tweede Drif toegespreek het.

(e) Dat hy op 28 Jan, 1799 saam met die vierde, vyfde en sewende prisoniers en Coenraad Buis nog 'n oproerige vergadering gehou het, soos blyk uit 'n brief wat op dieselfde datum geskrywe is, geteken "De Algemene Volkstem" en gerig aan "Ons goedgeaarde en getroue medeburger J.P. van der Walt". Dit bevat nl. die volgende informasie dat die algemene plan was dat die inwoners van Gamtouwsrivier, Swartkopsrivier en Boesmansrivier eenparig besluit het om die Kolonie terug te neem.

(f) Dat hy op 10 Feb. 1799 'n derde oproerige vergadering op die plaas van Jan Bosch gehou het.

(g) Dat hy ter plase van Jan Bosch in teenwoordigheid van Coenraad Buis en Jan Botha 'n eed geneem het om saam met hul teen die regeringstroepe op te tree.

(h) Dat hy Adriaan van Jaarsveld na die Coega gestuur het.

(i) Dat hy gedurig rapporte re die toestand aan die Coega ontvang het.

(j) Dat Prinsloo persoonlik na die gewapende kamp by die

- Coega -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Coega vertrek het maar naby Geere se plaas omgedraai het , omdat Klaas Botha hom vermeld het dat daar reeds 600 burgers aan die Coega was.(149)

Van groter belang is egter die beskuldiginge teen die tweede prisonier nl. Adriaan van Jaarsveld:-

(a) Dat hy ten volle vertroud was met en deelgeneem het aan die sameswering teen die regering, nog voor hy op bevel van die Hof gevange geneem is.

(b) Dat Adriaan van Jaarsveld altyd teenwoordig was op die gewapende byeenkomste.(150)

(c) Dat hy en Buis die gewapende burgers byeen gebring het op 17 Feb. 1799.(151)

(d) Dat hy die skrywer is van die nota vermeld in die resolusie van die Landdros en heemrade gedateerd 19 Feb. 1799, waarvan een clausule bepaal: "As dit mag gebeur dat enige kaffers in die Kolonie arrifeer, hul weggestuur sou word sonder versuim en geen onderhoud verleen word nie; origens is dit ons wens dat geen boodskapper na hul sal gestuur word, uitgesonderd ons medeburger Coenraad Buis nie."(152) Hierdie scriptum is afgelewer op 19 Feb. en op die datum lui die dagboek van Bresler: "Alles is vandag in die uiterste beroering en dertig man beset die Kaapse weg".(153)

(e) Dat A. van Jaarsveld teenwoordig was op die plaas van Marthinus Prinsloo toe twee briewe ontvang is, een van 2 Maart 1799 geskrywe deur Theunis Botha aan Jan Botha en Gerrit Oosthuizen , en die ander gedateer 11 Maart, geskrywe deur G. Rautenbach aan M. Prinsloo en Barend Bester, waarvan die hoofinhoud was: "Broers kom gou, die Engelse is in die Baai met die doel om alle inwoners van Graaff-Reinet te vang".(154) Die tweede brief het origens die volgende bevat: "Uw Edele word by dezen aangeschreven dat u kommen moet, want de gevaar is nu op de uyterste gekomen.....".(155)

Na ontvangs van genoemde briewe het A. van Jaarsveld

- dadelik -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dadelik stappe geneem om gewapende burgers te monster en o.a. die volgende brief geskrywe: "Goeie Vriend Hendrik Hattingh, wees so goed en laat Christiaan Botha en Hendrik Kruger jou help om soveel mense as moontlik op die been te bring.... Jy moet teenwoordig wees so gou moontlik op Willem Prinsloo se plaas, goed voorsien van ammunisie en proviesie teneinde die saak te ondersoek, want miskien is dit tyd om op te staan terwille van ons saak."(156)

(Getekend) M. Prinsloo.

A. van Jaarsveld het gesê dat hy hierdie handtekening aan die brief gevoeg het op versoek van Prinsloo(157) en dat Prinsloo ook die geestelike vader daarvan is.

(f) Dat hy op 6 Maart 1799 'n brief (geteken deur Prinsloo) aan die Landdros en heemrade van Graaff-Reinet geskrywe het met die oogmerk om die regeringstroepe te laat terug-trek.

(g) Dat hy persoonlik na die Coega gegaan het in die plek van Prinsloo en by hierdie geleentheid(158) Kommandant C.J. Strydom probeer oorhaal het om by die opstandelinge aan te sluit.

(h) Dat van Jaarsveld nie kan ontken dat hy by sy terugkeer aan Prinsloo gerapporteer het dat 'n groot getal pandoers doodgeskiet is en dat 'n groot getal kaffers die burgers by die Coega hulp gekom het nie.(159)

Eindelik is nog die verhoor van Theunis Botha van Belang. Sy misdaad het daarin bestaan:-

(a) Dat hy die verradelike brief(160) van 2 Maart 1799 geskrywe het wat cito, cito van huis tot huis afgelewer moes word.

(b) Dat hy gemene saak gemaak het met die rebelle op die plaas van Barend Burgers en dat hy bowedien Barend Burgers probeer oorhaal het om by hulle aan te sluit.

(c) Dat hy persoonlik na die Coega gegaan het.

(d) Dat hy bowedien aan Marthinus van Rensburg by Sitsikama

- geskrywe -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskrywe het om , indien moontlik, gewapende hulp te bring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(1) DIE AANBEVELING VAN DIE FISKAAL

EN

(2) DIE VONNIS VAN DIE HOF.

(161)

(1) Die Aanbeveling van die Fiskaal:-

Die aanbeveling wat die fiskaal in die onderhawige saak aan die Hof van Justisie gedoen het, was as volg:

(162)

Dat die eerste ag prisoniers opgehang sou word; origens dat die liggame van die eerste vier gevangenes (d.i. M. Prinsloo, A. van Jaarsveld, T. Botha, en G. Rautenbach) weggesleep en buite weer opgehang moes word en so moes bly hang tot die voëls hul opgevreet het. Die liggame van die ander vier moes onder die galg begrawe word.

Dat die 9e en 10e prisoniers elk met 'n hangtou om die nek, tesame met die 11e en 12 e prisoniers aan 'n paal vasgebind, op hul naakte liggame geslaan en gebrandmerk vir lewenslang verban sou word.

Dat die 13e en 14e prisoniers vir 25 jaar uit die Kolonie verban moes word, nadat hul die bogenoemde straf voltrekking aanskou het.

Dat die 15e en 16e prisoniers 'n gevangenisstraf van 5 en 3 jaar onderskeidelik sou ondergaan.

Dat die 17e en 18e prisoniers vir 4 weke opgesluit moes word op brood en water.

Dat geeneen van die laasgenoemde ses prisoniers weer toegelaat sou word in Graaff-Reinet nie.

(163)

(2) Die Vonnis van die Hof:-

Nadat die Edelagbare Raad van Justisie die onderhawige saak deeglik ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom het dat, aangesien die voornoemde beklaagdes skuldig was aan die misdaad van Laesae Majestatis, verbreking van die openbare vrede en openlike geweld, hulle ten strengste moes-gestraf-word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beide om die algemene vrede te bewaar en as voorbeeld vir andere te dien. Derhalwe het bogenoemde Hof in aanmerking nemende die vrywillige bekentenisse van die beklaagdes, in naam van sy Majesteit die volgende uitspraak gedoen:-

"De eerste en tweede gevangenen , Marthinus Prinsloo en Adriaan van Jaarsveld, omme gebragt te worden ter plaatze alwaar men gewoon is crimineele sententien te executeeren en aldaar aan den Scherp rechter over geleeverd zynde, met de koorde om den hals aan de galg te worden gestraft, dat er de dood naa volge; en dat voorts de doode lighaamen dier byde Eerste gevangenen in een kist gelegd synde, aan het buitengerecht onder de Galg zullen worden begraven".

Thenus Botha, Gert Rautenbach, Barend Jacobus Bester, Jean Isaac Bonté, Petrus F. Rautenbach en Godlieb E.C. Koch sal geblinddoek aan die beul oorhandig word. Daarna sal hul op 'n hoop sand kniel, die beul sal sy swaard oor hul hoofde swaai en hul dan vir lewenslang verban word uit enige Britse besitting.

Gerhardus Scheepers en Ignatius van Kameren sal dieselfde lot ondergaan en vir lewenslang uit die Kolonie verban word.

Lucas Meyer en Zacharias van Jaarsveld sal ook vir lewenslang verban word, nadat hul bogenoemde strafvoltrekking aanskou het.

Willem Grobbelaar en Jacob J. Kruger sal vir tien jaar verban word, nadat hul die onthoofding bygewoon het.

Willem Venter en Paul Venter sal onderskeidelik twee jaar en een jaar gewangenis straf ontvang.

Gert Botha en Jan Kruger sal vrygelaat word vanweë hul lang detensie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C.

'N KRITIESE BESKOUING VAN DIE REGSREDENERING VAN DIE FISKAAL.

Die basis vir die hierbogenoemde aanbeveling van die Fiskaal vind ons in die volgende woorde:"The Crime Gentlemen, the prisoners have rendered themselves guilty of, the Fiscal is of opinion belongs in genere to the Crimen Laesae Majestatis, however such of the prisoners as have neither known of the plan laid to conquer the Colony, or apart thereof, with the assistance of the Caffers, nor meddled with the forming the camp at Coega, but were only accessary to the rescuing of van Jaarsveld, are to be referred to the class of public violence". (164)

Hier tas van Ryneveld ongetwyfeld mis in die laaste reël van die sitaat waar by praat van"public violence". Die redding van Adriaan van Jaarsveld deur Marthinus Prinsloo cum suis, lewer nie 'n geval van openbare geweld op nie maar kan wel oproer (seditio) wees, want geweld gerig teen die staatsorganisasie of teen een van die organe van die staat, of bedreiging van die staatsveiligheid, is oproer waar dit deur meerdere persone gepleeg word. Maar geweld deur meerdere persone gerig teen enig ander persoon wat nie 'n staatsorgaan is nie, is openbare geweld ("Public Violence"). En die geweld by van Jaarsveld se redding was juis gerig teen die staatsorganisasie , waarvolgens van Jaarsveld in hegtenis geneem is vir vervalsing.(Let Wel: nie toe al vir sy aandeel in die Opstand van 1799 nie).

Die juiste standpunt wat van Ryneveld hier moes ingeneem het ten aansien van die persone wat verantwoordelik was vir van Jaarsveld se redding, is dat hulle skuldig was aan die

- besondere -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besondere misdaad van opsetlike verhindering van die regspleging ("Defeating or obstructing the course of justice") wat volgens Gardiner en Lansdown (2. p. 756) 'n ernstiger vorm is van die misdaad van minagting van die Hof. ("Contempt of Court"). M. Prinsloo cum suis het voldoen aan die vereistes van hierdie misdaad, want hul het nie alleen die opset gehad om die administrasie van justisie te verhinder nie, maar trouens hierdie opset laat blyk deur 'n uitvoeringshandeling wat as gevolg gehad het dat die gewone loop van die reg verhinder is.

Wat die saak vir ons bemoeilik is die feit dat die Fiskaal in sy redenering maar alte duidelik laat blyk dat hy slegs 'n baie vae begrep gehad het van die aard en omvang van die besondere misdaadstype waarvan die beskuldigdes aangeklae is. Ewe vaag en swak omlyn is sy onderskeiding - as mens dit so kan noem - tussen wat ons vandag in die regswetenskap ken as daderskap en deelname aan die een kant en tussen die verskillende vorme van deelname aan die ander kant.

Begryplikerwys raak hy ook nie aan die leerstukke van middelike daderskap en uitlokking ("Incitement") nie. Hiervoor kan ons hom dit nie eintlik kwalik neem nie, want ons moet onthou dat die regswetenskap destyds nognie die peil van ontwikkeling bereik het van vandag nie. Maar dit verander nognie die feit dat ons vandag anders as die Fiskaal oor die saak oordeel nie. Derhalwe ly dit geen twyfel nie dat, as Adriaan van Jaarsveld se verhoor voor ons Howe vandag moes dien, ons tenminste 'n bespreking van bogenoemde twee leerstukke kan verwag, sowel ten aansien van van Jaarsveld as van sy seun en ander persone wat aan die opstand van 1799 deelgeneem het, bloot as gevolg van dwang en dreigemente, temeer daar Adriaan van Jaarsveld se vernaamste verweer juis was dat hy gedwing was om aan die opstand deel te neem.(165)

- Dis -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dis juis 'n baie groot swakpunt in die Fiskaal se aanbeveling dat hy nie eenkeer die woord "dwang" gerep het nie. Het hy dit wel gedoen, dan kon hy moontlik Adriaan van Jaarsveld se optrede in 'n ander lig gesien het en tenminste die alternatief van 'n aanbeveling van genade oopgelaat het aan die Hof, hoewel dit hoogs twyfelagtig is of die Hof enige notusie daarvan sou geneem het.

Voortgaande sê die Fiskaal dat die Crimen Majestatis in die algemeen enige skending van die wette van die Koning is en gee verder 'n hele reeks van vorme waarin die misdaad van hoogverraad hom kan voordoen o.a. "conspiracy against the Soveraign or the State". Die feit dat van Ryneveld die eerste ag prisoniers almal gelyklik wil gestraf sien met die doodstraf, lei ons noodwendig tot die konsekwensie dat hy sy aanbeveling baseer het hoofsaaklik op die komplot-leer.

Vir mededaderskap word vandag twee vereistes gestel nl. mededadigheid aan een of ander vorm van die uitvoeringshandeling en 'n gemeenskaplike uitvoering van die daad, anders het ons met afsonderlike, hoewel soortgelyke, misdade te doen wat mededaderskap ~~uit~~insluit. Ons skrywers oor strafreg ("Criminal Law") onderskei verder tussen gevalle waar daar 'n voorafgaande afspraak gemaak ~~gewas~~ tot die pleging van die misdaad en gevalle waar daar nie 'n dergelyke afspraak was nie en hierdie onderskeiding speel vandag nog 'n groot rol in die Engelse Reg by hul leer van "Conspiracy". In die eerste geval is almal dan ewe strafbaar; in die tweede geval moet onderskei word in hoeverre die daders slegs medepligtiges (socii criminis) was en dan word op hulle 'n ligtere straf toegepas.

En dat die opstand van 1799 die direkte uitvloeisel van 'n voorafgaande afspraak was, val nie te betwyfel nie. Ons sal later sien wie eintlik die verantwoordelike rolle van leiers by hierdie afspraak gespeel het en tegelykertyd meer spesifiek Adriaan van Jaarsveld se aandeel daaraan bespreek en in hoeverre

- hy -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy daarvan geweet het reeds voor sy redding.

Vir die misdaad van hoogverraad teen die Staat is daar net een straf nl. die doodstraf. Dit res ons dus nog slegs om te bepaal in hoeverre Adriaan van Jaarsveld hom skuldig gemaak het aan hierdie misdaad, veral in die lig van sy eie Interrogasies en die van sy medepligtiges.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

D.

ADRIAAN VAN JAARSVELD ------ SKULDIG OF ONSKULDIG ?

Soos reeds aangetoon, bestaan daar nie die minste twyfel nie dat die Graaff-Reinet-Opstand van 1799 die direkte uitvloeisel was van 'n definitiewe afspraak of komplot, waarvolgens besluit is hoe te werk sou gegaan word om die distrik terug te neem. En dat die gevangeneming van Adriaan van Jaarsveld slegs terloops tussenbei gekom het en nie 'n oorsaak van die opstand was nie, word afdoende bewys deur die volgende belangryke sitaat wat ontleen is aan die rapport van die Fiskaal, W.S. van Ryneveld:(166)

"And if one further, attends to the saying of the second Prisoner (van Jaarsveld) when the Landdrost acquainted him of his being prisoner: 'Sir I am afraid this will cause a disturbance among the people,'(167) to the saying of the first prisoner (M. Prinsloo) when he rescued the second prisoner: 'There is a second matter which has already reached the Longkloof, and which will break out at the first opportunity,' and finally to the connection of the 35th. , 36th. and 37th. and following articles of the second prisoner 's interrogatory with the 35th. article of Isaac Bonté's respecting the transmitting intelligence to Coenraad du Buys that there were at the Cape no more than 50 Men regular force, then certainly nothing further will be required to evince that not only the aforesaid Crimnal plan was formed so early as the Month of December 1798, and that the transaction respecting van Jaarsveld but casually intervened , and probably too early for the prisoners, but also that the first prisoner was again the first Contriver, and therefore did not think it advisable for him to suffer the second prisoner, with whom he always proceeded in concert, to depart for the Cape he being too useful and Instrument for the execution of a plan in which to succeed they probably thought the present to be the

-properest -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

properest time".

In verband met die vraag van wanneer af die begin van die opstand dateer, werp die Interrogasies van P. Rautenbach verdere lig op die saak. (168) Sy antwoord was as volg: "M. Prinsloo is ruym een maand voordat van Jaarsveld is opgevat, by my geweest en..... Hierop is Jan Botha aan't schryven gegaan na Bruyntjies Hoogte" nl. op 12 Desember 1798.

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit dat die man wat die primaire rol in die opstand gespeel het, nie Adriaan van Jaarsveld was nie, maar wel Marthinus Prinsloo en tegelykertyd dat van Jaarsveld se hulp vir Prinsloo onontbeerlik was. Die ander persone wat as leiers beskou kan word is nooit in hegtenis geneem nie nl. Coenraad Buis en Jan Botha wat beide na Kafferland gevlug het.

Maar dit wil nog glad nie sê dat Adriaan van Jaarsveld onskuldig was nie. Intendeel kan definitief bewys word dat, hoewel hy sommige briewe in verband met die opstand op las van M. Prinsloo geskrywe het, hy nie kon ontken dat hy die veldkommandant C.J. Strydom op eie gesag wou oorgehaal het om sy lot met die opstandelinge in te werp en die burgers op te kommandeer nie, omdat sy seun Zacharias afdoende bewys hiervan lewer. (169)

In sy Interrogaises het van Jaarsveld ontken dat hy sy seun Zacharias gelas het om na die Coega te gaan en gesê dat hulle (d.w.s. die rebelle) sy seun van hom afgedwing het. Dit lyk of A. van Jaarsveld hier opsetlik 'n leugen vertel het om homself te probeer red en as dit so is, dan moes hy al die tyd bewus gewees het van die hoogs misdadige karakter van sy optrede.

Toe aan hom verder gevra is of iemand hom nie aangevuur het om die opstand te onderneem nie, was sy antwoord: "Neem. ander niet als dat het van C. Buys en Jan Botha is gekomen." (171) Dit mag wel waar wees dat hulle hom miskien aangehits het, maar dis baie twyfelagtig of hulle hom kon gelas

- het -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het, (maar dis baie twyfelagtig of hul hom kon gelas het), want Adriaan van Jaarsveld was altyd 'n te groot egoïs om op las van enig een te handel, tensy met uitsondering van Marthinus Prinsloo van wie hy familie was, (172) En teenoor wie hy homself moontlik verplig kon gevoel het erkentelikheidshalwe vir sy redding.

As ons bekend is met Adriaan van Jaarsveld se private lewe voor die opstand van 1799, dan is dit nie moeilik om tot die gevolgtrekking te kom dat hy 'n egoïs van die eerste water was nie. Hy was altyd gewoon om op eie inisiatief te werk te gaan en om te gebied, maar nie sy gelykes te gehoorsaam nie. Oor die algemeen was hy 'n vreedsame burger en die bloote feit dat hy voorheen bykans gedurig gesaghebbende regeringsposisies bekleë het, het daartoe bygedra dat sy medeburgers hom mettertyd 'n groot mate van vereering en respek toegedra het. En dis juis dit wat die saak teen van Jaarsveld ongetwyfeld uit op objektiewe oogpunt expost nog donkerder maak want van Jaarsveld moes bewus daarvan gewees het dat sy deelname aan die opstand hom in die posisie sou plaas dat burgers, wat andersins sou geweifel het of halfhartig was, hul lot met hul voormalige leier sou inwerp, veral toe die verdraaide rapporte re die garnisoensterkte ens. 'n gewaande geslaagde opstand binne hul bereik geplaas het. Waarskynlik het hul hul verlaat op Adriaan van Jaarsveld se eerlikheid (173) en gesonde oordeel oor sake.

Deurdat van Jaarsveld 'n egoïs was, is dit ook goed denkbaar dat dit vir Marthinus Prinsloo nie so moeilik moes gewees het om op sy gevoelens te speel nie en hom deur vleitaal so vas te wikkel dat hy uiteindelik so ver kon gaan om te probeer voorgee dat van Jaarsveld die siel en brein van die opstand was. So vind ons dat Marthinus Prinsloo later by sy verhoor alle skuld op van Jaarsveld probeer pak en sê dat laasgenoemde wel sy briewe geskrywe het, maar nie onder dwang van hom (177)

- (Prinsloo) -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Prinsloo) nie.(174) Maar waarom sou sy naamteekening dan onder al die briewe verskyn ? Sou hy dan gemeen het dat, as sy naamteekening onder van Jaarsveld se briewe staan, die oproepe aan die burgers beter effek sou hê ? En waarom is selfs die briewe aan die Landdros deur hom onderteken en sou hy hom dus onnodig skuldig gemaak het ? Ons kom tot die konklusie dat, hoewel dit nie met sekerheid te bepaal is of van Jaarsveld die briewe onder dwang geskrywe het nie, hy die briewe wel onder diktasie van Prinsloo geskrywe het. En heel tereg ook het die Hof geen waarde aan die verklaring van Prinsloo geheg nie.

Interessant in hierdie verband is die Interrogasies van Barend Bester. Toe hy gevra is wie hy as die hoofde van die opstand beskou, het hy geantwoord: "Adriaan van Jaarsveld en Marthinus Prinsloo", en gevra waarom, het hy geantwoord: "Omdat Adriaan van Jaarsveld de Menschen instigeerde en M. Prinsloo in de uitvoering als hoofd ageerde".(175) Hoewel hierdie getuienis van Barend Bester seker nie ontbloot was van alle waarheid nie en van Jaarsveld se aandeel as instigeerder(176) seker nie te ontken is nie, is dit nogtans gesog om in die eerste plek Adriaan van Jaarsveld + M. Prinsloo as die enigste twee hoofde te beskou, want Jan Botha en Buis het seker 'n grooter aandeel daarin gehad as van Jaarsveld en in die tweede plek het Prinsloo die burgers meer opgesweep as van Jaarsveld.

Maar ons kan nie van die feit wegkom dat Adriaan van Jaarsveld reeds voor sy gevangeneming van die geraamde opstand geweet het nie.(177) Weliswaar ontken hy dit, maar sy eie woorde wat ons reeds so dikwels herhaal het, lewer genoegsame bewys hiervan.

Ten slotte wil ons nog net nagaan in hoeverre Adriaan van Jaarsveld se pleidooi dat hy onder dwang gehandel het, op enige vaste grond rus, aangesien dit van die allergrootste

- belang -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belang is vir sy skuldigverklaring. Toe hy op 2 Julie 1800 onder sy verdere verhoor gevra is: "Of van Jaarsveld niet erkennen moet door zyn gedrag gehandeld te hebben tegen de plegtige verbindenis en gevolgelik ten hoogsten misdaadig te zyn tegen zyne wettige overigheid ?" was sy antwoord: "Met geen opsettelyken intentie, maar door Dwang van Coenraad Buys en voorheen ook van anderen". (178) En op die verdere vraag wat van Jaarsveld vir homself in te bring het, het hy selgs gesê: "Dat ik gedwongen ben en had ik er gebleven, had ik alles op het laatst wel goed gemaakt". (179)

Soos ons reeds aangetoon het, moes die leerstukke van middelike daderskap en uitlokking tenminste by Adriaan van Jaarsveld se verhoor, indien nie by die van die ander prisoniers nie, ter spraks gekom het. Maar dis nooit te berde gebring nie, waarskynlik omdat, afgesien van die leerstukke se onbekendheid destyds, nóg die Fiskaal, nóg die Hof van Justisie 'n woord van Adriaan van Jaarsveld se dwang-pleidooi geglo het.

Prinsloo het self erken dat onwillige persone aan die genade van die kaffers sou oorgelewer word. In so verre al die opstandelinge van hierdie dreigement geweet het, kon sommige prisoniers hul wel daarop beroep het en as hulle pleidooi van dwang of dreigemente geslaag het, moes hulle absoluut vry uitgegaan het. Hierin lê reeds juis een van die groot swakhede van die verhoor.

Maar die kwessie is nou: het Adriaan van Jaarsveld onder dwang aan die opstand van 1799 deelgeneem ? Aanvanklik lyk dit wel die geval te wees. By sy redding het hy gesê: "Vriende, jul beter laat my gaan, jul veroorsaak net vir julself en my moeilikheid" en hoewel sy woorde net 'n rookskerm aan die soldate kon gewees het, lyk dit tog of van Jaarsveld dit eerlik bedoel het en eerder na Kaapstad wou gaan as om aan die opstand deel te neem.

'n Tweede punt in sy guns lewer die feit dat hy

- gedurende -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedurende die hele opstand by Marthinus Prinsloo verkeer het, terwyl sy vrou intussen ernstig siek was. Sou hy dan bevrees gewees het vir 'n tweede inhegtenisneming ? Ons weet immers dat die Landdros gedurende die hele opstand in 'n beleërde posisie verkeer het en nie eers oor genoegsame manskappe beskik het om homself te verdedig nie. Daar was dus niks om Adriaan van Jaarsveld te verhinder om na sy siek vrou te gaan nie en waarom sou hy dan juis sy tyd by M. Prinsloo deurgebring het ?

Ten slotte kan ons nog op sy briewe wys. Adriaan van Jaarsveld was nie alleen beter opgevoed as Marthinus Prinsloo nie, maar het trouens meer invloed onder die burgers gehad en waarom sou hy dan briewe op diktasie van Prinsloo geskrywe het ? By 'n oppervlakkige beskouing lyk dit dus of Adriaan van Jaarsveld se dwangpleidooi nie uit die lug gegryp is nie.

Maar nou kom ons by feite wat hierdie dwangpleidooi heeltemal omverwerp en die eerste wat ons kan noem is sy poging om die hulp van Kommandant Jan Strydom in te wen. Hier immers is geen pressie op hom uitgeoefen nie en waarom sou hy dan juis uit sy weg gaan om burgers te werf en sodoende die opstand aan te help, as hy 'n prisonier van die rebelle was wat hul bevele moes uitvoer ?

Ons kom dus tot die konklusie dat daar in Adriaan van Jaarsveld se dwangpleidooi geen waarheid steek nie en dat die moontlikheid van middellike daderskap dus nie in sy geval toepaslik is nie.

Uit die aanbeveling van die Fiskaal en die daaropvolgende vonnis van die Raad van Justisie, sien ons duidelik dat Adriaan van Jaarsveld deur die owerhede as een van die leiers van die opstand beskou is. Is dit werklik so ? As ons die getuiniesse van die prisoniers nagaan, sien ons dat party van hul dieselfde mening toegedaan was. Bv. Jean Isaac Bonté (Art.21) beskou "van Jaarsveld, M. Prinsloo, Jan Botha, Buis,

- Gert -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gert Rautenbach en Theunis Botha - deze zyn eigentlyk de officieren", terwyl Barend Bester (Art. 34) weer vir Adriaan van Jaarsveld en Prinsloo as die leiers beskou. Beide noem dus van Jaarsveld en daar moet gevolglik 'n mate van waarheid in steek.

Uit van Jaarsveld se geskiedenis blyk dit dat hy altyd in Graaff-Reinet 'n leidende rol gespeel het, selfs in die opstand van 1795, hoewel in 'n gematigde vorm. Verder weet ons dat hy sterk gekant teen die belaglike kafferpolitiek was en dat hy buitendien geen vriend van Bresler of die Kaapse Regering was nie. Kan ons nie hieruit aflei dat hy ook 'n leidende rol in die opstand van 1799 gespeel het nie ? As ons hierby reken die aandeel wat hy werklik gehad het, hoe hy altyd teenwoordig was by al die vergaderings en bowedien gehelp het om hierdie vergaderings byeen te bring en in die vergaderings self 'n leidende rol gespeel het, dan kan ons nie anders as om hom 'n leier van die opstand te noem nie. Weliswaar het persone soos Marthinus Prinsloo, Coenraad Buis en Jan Botha 'n meer prominente rol as hy gespeel, maar naas hierdie drie persone moet Adriaan van Jaarsveld ook genoem word as 'n leier.

Ons kan dus moeilik tot 'n ander uitspraak kom as wat die Raad van Justisie gedoen het, behalwe dat wat die ander prisoniers betref (uitgesonderd van Jaarsveld en Prinsloo) hulle meer genade moes betoon gewees het. Origens onderskryf ons die finale uitspraak van die Hof waarvolgens slegs Adriaan van Jaarsveld en Marthinus Prinsloo ter dood veroordeel is.

Hoe ons ook Adriaan van Jaarsveld se optrede in die opstand van 1799 interpreteer en watter versagtende omstandighede ons ook al mag aanvoer in sy gunst, kan nogtans die gunstigste vonnis niks minder wees as dat hy uiters skuldig was aan die misdaad van hoogverraad nie en dat hy gevolglik die doodstraf ten volle verdien het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

XII.

S L O T.

Dat die vonnis van die Raad van Justisie die goedkeuring van die Goewernour weggedra het, val nie aan te twyfel nie. Soos hy gesê het, hy wou 'n deeglike voorbeeld van die rebelle maak en die strenge uitspraak van die Hof het nie sy verwagtings teleurgestel nie.

Sir George Yonge het dan ook geen tyd verloor om sy waardering uit te spreek nie en het op 16 September, 1800 die volgende brief aan die Raad van Justisie gerig: "I feel it incumbent on me to take the opportunity of expressing to you my sense of the service youhave rendered to public Justice, and to the public safety, by the firm and impartial manner in which you have conducted yourselves on such a solemn and extraordinary Occasion ..... and by so doing you have fixed that peace on the firm Basis of Justice and of Law, from which none can withdraw themselves and under which all may rest secure." (180)

Sy brief aan die Sekretaris van Oorlog wys egter dat hy daaraan getwyfel het of die Hof in 'n dergelike geval 'n deeglike uitspraak kon doen: "I confess at the same time that I have been under some anxiety as to the Issue of this tryal for many Reasons, altho convinced of the Necessity of it". Hy het selfs Generaal Dundas geraadpleeg "and it was not wothout some degree of Alarm that I found the General's Opinion lead to preferring an Act of Power, and He expressed Doubts on the Prudence or even Safety, of the other Mode of Proceeding, urging to my great Concern that the Peace with the Caffers could hardly be said to be concluded , that the Caffer Prince had always espoused the Cause of the Prisoners"and there would be Danger, if they were thus proceeded against, of renewing the War, which in fact We had not been able to maintain". (118) (182)

Dit strek tot Sir Goerge Yonge se eer dat hy nie dadelik die vonnis laat voltrek het nie en nie alleen die uitspraak

- van -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Hof aan die Koning vir goedkeuring voorgelê het nie, maar trouens gepleit het vir 'n versagting van die vonnis: "If I may be allowed, I wish to say a Word as to the Prisoners in the Castle ..... tho' they do Deserve Death, yett It remains with his Majesty to shew them Mercy, but they must not even remain here". (183) Die saak het egter baie lank gesloer en Lord Hobart, Sekretaris van Kolonies, het later ongeduldig geword: "It appears to me Matter of extreme Surprise that any Delay should have been permitted in carrying into Execution the Sentence passed by the Court.....you will give immediate orders for the Sentences pronounced by the Court to be carried into Execution without further delay". (184)

Die agerende Geowerneur, Generaal Dundas, was nietemin 'n ander mening toegedaan en hoewel hy self moes erken dat die prisoniers skuldig was, wou hy tog 'n versagting van die vonnisse sien en wel om die volgende redes:-

Eerstens omdat die gevangenes reeds vanaf April 1799 in die Kasteel was d.w.s. vir byna drie jaar, "consequently the feelings of humanity, by reason of their long imprisonment, give the prisoners a claim to some modification, as to the Capital part of their punishment, if not a full remission of their sentence".

"I have further to observe that the Inhabitants abovementioned, who had disturbed the tranquillity of the country, obeyed without hesitation the summons to deliver themselves up together with their arms and ammunition, having assembled at the place appointed for that purpose, conceiving (as I have reason to believe they did) that they should meet with forgiveness from Government for the past, in consequence of their ready compliance upon that occasion; since, had they been aware that an act of rigour would positively have been put in ~~false~~ force, it was in their power to have escaped beyond the reach of the laws; all which considerations incline me to think that

- lenity -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lenity ought, if possible, to be shewn to the Prisoners in question".(185)

Intussen het die prisoniers hulle nog altyd in die Kasteel bevind. Jan Kruger en Gerrit Botha is reeds by die verhoor vrygespreek, terwyl Willem Venter en Paul Venter na 'n tweejarige gevangenisskap op vrye voet gestel is. Die orige 14 prisoniers het nog die beslissing van die Moederland afgewag en sou in die gevangenis bly tot die Betaafse Republiek vir hul redding gebring het. Almal, uitgesonderd Adriaan van Jaarsveld.

Ons kan ons voorstel wat die ou patriot moes verduur het. Opgegroei in die ope natuur en altyd 'n vurige voorstander van vryheid, het die voortdurende gevangenisskap spoedig op hom begin tel. Nog 'n laaste poging het hy aangewend om sy verlore vryheid terug te wen, toe hy die outoriteite versoek het "Uit de gevangenis naa zyn vrouw, die ziek is, te moogen gaan en beloofd om zich ten eersten weederom in hegtenis te zullen begeven".(186) Die versoek is geweier en die end van Adriaan van Jaarsveld was naby. Sy gesondheid ondermyn deur die lang gevangenisskap en uiters gebrekkige sanitaire toestande in die Kasteel en moeg van die skamele voedsel, het die ou Kommandant na sy laaste rusplek gegaan.(187)

So het dan die loopbaan van 'n prominente figuur in ons geskiedenis onder tragiese omstandighede ten einde geloop. Impulsief van karakter en 'n produk van 'n enigsins wilde natuur, wie kan hom dit kwalik neem dat hy op 'n hoër sedelike gebeid geen goeie voorbeeld vir sy volk was nie ?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEWYSPLEKKE.

(1) C.C. de Villiers meld in sy "Geslacht Register der Oude Kaapse Familien" slegs 20 Junie 1745 as die datum waarop A. van Jaarsveld gedoop is. In sy Interrogatien (Minuut Crimineele Processtukken Jan. - Junie 1800) van 13 Mei 1800, se A. van Jaarsveld egter dat hy op drie dae na 57 Jaar oud is

(2) Landdros Woeke praat later van van Jaarsveld as 'n persoon met "Verwaande egter Thipiese denkbeelden" wat hom "door eene auctoriteit en blind gezag bovens dat van den ondergetekende arrogeerd". Inkomende Brieven 1789 - 1790 (13 Aug. 1789)

(3) Oude Wildschutte Boek, Maart 1744 - Des. 1747.

(4) Resolusies van die Krygsraad 1759 - 1768.

(5) Vide Dr. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika 1. p.167 - 170.

(6) In 1767 is hy aangestel as veldkorporaal van die Zoute Rivier d.w.s. 'n deel van die Koup.

(7) K.A. Resolusies van die Krygsraad 1759 - 1768.

(8) Veldwachtmeesters Rapporten 1773 - 1795. K.A.

(9) Resolutien 1769 - 1777.

(10) Resolutien 1769 - 1777.

(10A) Eybers:"Select Constitutional Documents....." pagina xxi: "Each district was sub-divided into a number of wards in each of which a burgher was appointed by the district board to supply it with items of information regarding the assessment of taxes and matters of a like nature. He had to preserve order in his ward and was instructed in some cases to make arrests. At first he bore the title of veldwachter or veldwachtmeester, but about the year 1795 he came to ~~the~~ be called field-cornet. He was generally the most considerable farmer of his ward and a man of known integrity and ability. He drew no salary, but was excused the payment of certain dues. The office, like that of heemraad, was eagerly sought after for the honour it conferred on the holder in the estimation of his neighbours." Hier tas Eybers ongetwyfeld mis waar hy die ampte van veldkorporaal en veldwagmeester as identies beskou, want die veldwagmeester het hoër in rang gestaan as die veldkorporaal (sien voetnoot 10). Bowedien is 'n veldwagter en veldwagmeester nie een en dieselfde persoon nie, want volgens P.E. Roux: "Verdedigingsstelsel aan die Kaap" is 'n veldwagter 'n amptenaar wat moes gesorg het dat die veld nie aan die brand gesteek word nie ens.

(11) A. van Jaarsveld aan den Heer G.R. Opperman: Veldwachtmeesters Rapporten 1773 - 1795. K.A.

(12) Sien voetnoot op vorige pagnina.

(13) 250 manskappe.

(14) Instruksies aan Kommandant Opperman. Dinsdag 19 April 1774: Resolutien 1769 - 1777. K.A.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(15) A. van Jaarsveld aan die landdros te Stellenbosch 4 Sept. 1775 Moodie: The Record 111. p. 43. Hierdie en latere dokumente het verlore geraak en is slegs in die Engelse vertaking van Moodie terug te vind.

(16) Sien voetnoot (15).

(17) Sien voetnoot (15).

(18) Moodie: The Record 1769 - 1795 p. 3.

(19) Veldwachtmeesters Rapporten 1773 - 1793 S.A.

(20) Vide voetnoot (15).

(21) Inkomende Brieven 1759 - 1785 S.A.

(22) Resolutien 1769 - 1777 K.A.

(23) Op die oostelike grens en elders was die veldwagmeesterskap 'n tussenposisie tussen veldkorporaalskap en veldkommandskap. Vide voetnoot (10A).

(24) Resolutien 1777 - 1784.

(25) Veldwachtmeesters Rapporten 1773 - 1795. K.A.

(26) Resolutien 1769 - 1777. K.A.

(27) Resolutien 1777 - 1784. S.A.

(28) Moodie: The Record 111. p. 65.

(29) do.

(30) Resolutien 1777 - 1784. K.A.

(31) A. van Jaarsveld aan Landdros de Wet. Veldwachtmeesters Rapporten 1773 - 1793.

(32) Inkomende Brieven 1780 - 1781. K.A.

(33) Vide voetnoot (2) en toets dit verder aan sy dade en gesegdes

(34) Moodie: The Record 111. p. 95.

(35) Resolutien 1777 - 1784 (10 Okt. 1780) K.A.

(36) do.

(37) Hierdie rapport is nie in sy oorspronklike vorm terug te vind nie en kom slegs gedeeltelik voor in die notule van die Krygsraad. (11Nov. 1780).

(38) Landdros van Stellenbosch aan Goewerneur. Inkomende Brieven 1780 - 1781. (11Nov. 1780) K.A.

(39) Instruksies aan A. van Jaarsveld. Diverse Instructien 1685 - 1811 (16 Maart 1781). K.A.

(40) A. van Jaarsveld praat van 'n militaire kamp wat hy uit waens gemaak het. (Vide voetnoot 41).

(41) Rapport van A. van Jaarsveld, 20 Julie 1781. K.M. Jeffreys: Kaapsche Archiefstukken 1. p. 539.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(42) Cory: "Rise of South Africa" 1. p. 37.

(43) Vide voetnoot (41).

(44) do.

(45) Resolutien van Krygsraad 1777 - 1784 (6 Aug. 1782) S.A.

(46) Diverse Rapporten en Briven ... 1780 - 1797. K.A.

(47) D.S. van der Merwe aan die Landdros. Diverde Rapporten en Brieven 1780 - 1797 (2 Jan. 1782) K.A.

(48) Resolutien 1777 - 1784. K.A.

(49) A. van Jaarsveld aan Landdros, 14 Julie 1782. Diverde Rapporten en Brieven.... 1780 - 1797. K.A.

(50) do.

(51) Do. (14 Julie 1782).

(52) Veldwachtmeesters rapporten over Boschjesmans Rooveryen. 1773 - 1793. K.A.

(53) Vide voetnoot (49).

(54) Resolutien 1777 - 1784 (3 Des. 1782). K.A.

(55) Diverse Rapporten en Brieven 1780 - 1797. K.A.

(56) C. Bothma aan Landdros Bletterman. Commando Papieren 1776 - 1846. K.A.

(57) Politieke Raad aan Woeke . Inkomende Brieven 1789 - 1785. S.A.

(58) ~~Onder~~ Inkomende Brieven 1789 - 1790 (13 Aug. 1789) K.A.

(59) do. (27 Nov. 1787).

(60) Instruksies aan Woeke, 20 Maart 1789. Inkomende Brieven 1785 - 1803. G.R.A.

(61) do.

(62) Gie: Gesk. van Suid-Afrika. p.p. 246 - 247, 1.

(63) do. p. 247.

(64) Vide Woeke aan die Goewerneur, 9 Feb. 1792. Inkomende Brieven 1775 - 1795. K.A.

(65) Inkomende Brieven 1785 - 1803. G.R.A.

(66) Vide voetnoot (63).

(67) Gie: "Gesk. van S. A." p. 248.

(68) Resoluties Jan. 1795 - Aug. 1795. K.A.

(69) Vide voetnoot (68).

(70) Inkomende Brieven 1785 - 1803. G.R.A.

(71) do.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(72) In 1791 is Nederburgh en Frykenius deur die Stadhouer aangestel om toestande in Oos-Indië persoonlik te gaan oddersoek en te probeer herstel.

(73) By die verowering van die Kaap deur die Engelse in 1795, het Sluysken geweier om dokumente wat betrekking gehad het op die opstand in die Kolonie, aan Craig te oorhandig. Hierdie dokumente is tans in Die Ryksargief, Den Haag.

(74) Theal: Hist. of S.A. before 1795, 111. p. 240.

(75) Burgers van Graaff-Reinet aan Sluysken, 17 April, 1795. Inkomende Brieven 1785 - 1803. G.R.A.

(76) Vide voetnoot 74.

(77) Rapport van O.G. de Wet, 20 Aug. 1795. Disturbances in the Interior 1795 - 1802.

(78) Letter from Burghers of Graaff-Reinet to General Craig. Theal: Records .... 1793 - 1796, p. 208. (29 Okt. 1795).

(79) do.

(80) Vide Gie: Gesk. van S.A. 11. p.p. 62 tot 63, bv. sy proklamasies insake die burgersenaat, afskaffing van monopolies, vendusies ens.

(81) Proces-Meynier, Julie 1801. Juducial Papers 1802.

(82) Wierpinga: De Oudste Boeren-Republieken p. 50.

(83) Letters from Graaff-Reinet, 1796 - 1798.

(84) do.

(85) do.

(86) Craig to Gerotz, 23 Nov. 1795. Theal: Records.....1793 - 1796, p. 268.

(87) do.

(88) Wieringa: De Oudste Boeren-Republieken p. 52. Woyer het op voltooing van sy studies in Europa na Suid-Afrika gekom en hom in Graaff-Reinet as distriksdokter gevestig. Hy was 'n kragtige ondersteuner van die revolusionaire beginsels en her groot invoed in Graaff-Reinet gehad.

(89) Propositie aan Bresler, 22 Maart 1796. Letters from Graaff-Reinet 1796 - 1798.

(90) do.

(91) Vide Craig to H. Dundas, Secretary of State, 21 April 1796. Theal: Records.... 1793 - 1796, p. 368.

(92) Wieringa: De Oudste Boeren-Republieken, p. 53.

(93) Burgers van Graaff- Reinet aan Craig 22 Aug. 1796. Letters from Graaff-Reinet 1796 - 1798.

(94) Inkomende Brieven 1785 - 1803 (12 Sept. 1796) G.R.A.

- (95) -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(95) Geheime brief van Craig aan Gerotz 12 Sept. 1796.
Letters despatched within the Colony Feb. 1796 - Maart 1797.

(96) Inkomende Breiven 1775 - 1795. K.P.

(97) Inkomende Brieven 1785 - 1803. G.R.A.

(98) A. van Jaarsveld aan Craig, 15 Nov. 1796.
Letters from Graaff-Reinet 1796 - 1798.

(99) do.

(100) do.

(101) do.

(102) Craig to Dundas 14 Jan. 1797.
Theal: Records.....1793 - 1796, p. 38.

(103) Wieringa: De Oudste Boeren-Republieken p. 56.

(104) Letters from Graaff-Reinet 1796 - 1798. (27 Feb. 1797)

(105) do. (1 Junie 1797)

(106) Barrow is 'n spesiale verteenwoordiger wat Goewerneur Macartney na die oosgrens gestuur het om verslag te doen re die kafferkwessie en geografiese omstandighede.

(107) Letters from Graaff-Reinet 1796 - 1798 (8 Aug. 1797)

(108) Bresler aan Macartney 7 Sept. en 12 Okt. 1797
Letters from Graaff-Reinet 1796 - 1798.

(109) Barrow: Travels in S. Africa 111. p. 98.

(110) Letters from Graaff-Reinet 1796 - 1798 (1 Sept. 1798).

(111) Vide brief van Craig aan Gerotz,12 Sept. 1796

(112) C. Edeman aan M. Prinsloo 28 Mei 1796 en 'n tweede ongedateerd. Crimineele Proces-Stukken 1800.

(113) Interrogasies van M. Prinsloo, 13 Mei 1800. Minuut Crimineele Proces Stukken Jan. - Junie 1800. Sien ook Interrogasies van P. Rautenbach (Art 13) waar hy sê: "Mart. Prinsloo is ruym een maand voordat van Jaarsveldis opgevat, by my geweest en heeft toen met Jan Botha (Botha en Rautenbach het saam geboer) gesproken, dat hy wnaschte dat de menschen het eens waaren, want dat hy dan aan de hoge regeering zoude schryven, dat de menschen hem gedwongen hadden en dat hy nu zyn voortgang zoude neemen, met byvoeging dat de menschen hem tot hun Commandant moesten kiesen".

(114) do.

(115) Buis het hom onder die kaffers gevestig met Gaika se bejaarde moeder in die huwelik getree en so groot invloed verkry. Herhaaldelik is hy gelas om in die Kolonie terug te keer en toe verban.

(116) Prinsloo het ontken dat hy ooit so'n brief geskrywe het, maar Jeam I. Bonté getuig in Art. 55 van sy Interrogasies

- dat -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(116) (vervolg) dat hy Buis vir Prinsloo hoor verwyt het: "Waarom hebt je my laten uitkomen" d.w.s. uit Kafferland. (Minuut Crimineele Proces-Stukken Jan. - Junie 1800).

(117) Die antwoord van Buis was "niets als een aanhitsing en aanmoediging, om de oude zaak weder op te neemen". Vide Interrogasies A. van Jaarsveld. (Art.40).

(118) (Art. 46) Interroga sies van Adriaan van Jaarsveld, 13 Mei, 1800.

(119) Vide Proces - Prinsloo.
Theal: Records 111. p. 214.

(120) do.

(121) Ints. A. van Jaarsveld (Minuut Crimineele Proces-Stukken Jan - Junie 1800) Arts. 49 - 51.

(122) Journal kept by Bresler (17 Jan. - 19 Maart)
Theal: Records..... 1796 - 1799 p. 389.

(123) Vide Journal of Bresler.

(124) Deposition of Oertel re Rescue (14 Feb. 1799)
Theal: Records of C. Colony 1796 - 1799 p. 355.

(125) Interrogasies van van Jaarsveld (Art 57) 13 Mei.

(126) Minuut Crimin eele Proces-Stukken 1 Julie - 31 Des. 1800.

(127) Interrogasies van G. Rautenbach (13 Mei)

(128) Interrogasies van M. Prinsloo (Art.100) (13 Mei). Minuut Crimineele Proces-Stukken, Jan. - Julie 1800.

(129) Interrogasies van Adriaan van Jaarsveld (Art.142). Op vraag of hy nie gehoor het dat Graaff-Reinet sou herneem word nie, met behulp van die kaffers, het hy geantwoord: "Daar heb ik niet van gehoord, maar op de Colonie G.-Reinet en de heele contry, die onwillig zou zyn om met hem mee te doen, daar heeft Buys genoeg op gedreigt".

(130) Theal: Records of C. Colony 1796 - 1799 p. 389 (8 Des. 1797)

(130A) Vide Proces Prinsloo .

(131) Interrogasies van G. Bonté (Art.19).

(132) Ints. van Prinsloo (Art. 120)

(133) Ints. van van Jaarsveld (Art. 65)., 13 Mei.

(134) Dundas to Landdros Faure 17 Feb. 1799.
Theal: Records..... 1796 - 1799 p. 356.

(135) do. p. 359. 17 Feb.

(136) Ints. van A. van Haarsveld, 13 Mei.

(137) Ints. van A. van Jaarsveld (Art. 47).

(138) Ints. van van Kamerên (Art 7).

(139) Ints. van A. van Jaarsveld (Art. 49).

(140) Ints. van Z. van Jaarsveld (Art. 51)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(141) Ints. van G.E.C. Koch (Art. 56).

(142) Ints. van A. van Jaarsveld (Art. 118).

(143) Majoor Generaal Dundas aan Sir G. Yonge 20 Feb. 1800.
Theal: Records....1799 - 1801, p. 48.

(144) Sir G. Yonge to Fiscal 8 Mei 1800.
Crimineele Rechts Rolle 1800. K.A.

(145) Yonge to Court of Justice 8 Mei 1800.
Crimineele Rechts Rolle 1800. K.A.

(146) Vide Rapport van W.S. van Ryneveld (Records..... 1799 - 1801 p.p. 284 - 286).

(147) Vgl. Ints. van M. Prinsloo (Art. 201):
Vraag: Wat hy as verontskuldiging in te bring het ?
Antw.: "Den slegten brief van Jan Botha heeft het gedaan; Ik wensche dat ik dien brief nooit gekregen had of dat hy verbrand is". Vgl. ook Ints. (Art. 3) van P. Rautenbach : "Prinsloo is ruym een maand.....".

(148) Op 'n algemene versoek van die burgers - vide Ints. van Prinsloo - nadat hy op 18 Jan. van van Jaarsveld se gevangeneming gehoor het.

(149) Vide Ints. van M. Prinsloo. (Art. 143).

(150) Ints. van A. van Jaarsveld (Art. 65).
Vraag: Wat was hul oogmerk met die gewapende byeenkomste ?
Antw. "Ik was daar prisonier zoo wel als de Heemraad J. Tregard.... het oogmerk was om den Landdrost gevangen te nemen en naa het Kafferland te brengen".

(151) Ints. van A. van Jaarsveld. (Art. 132) 2 Julie 1800.

(152) Theal: Records 111 p. 287 (eie vertaling).

(153) do.

(154) do.

(155) Ints. van G.E.C. Koch (Art. 56).

(156) Vide (152).

(157) Prinsloo het goed geweet dat deur van Jaarsveld sy briewe te laat skrywe, hy van Jaarsveld al vaster wikkel in geval van latere moeilikhede. Soos ons later sal sien, het Prinsloo ook werklik alle outeurskap van gemelde briewe ontken (Arts. 141 & 142) en van Jaarsveld beskuldig.

(158) Ints. van A. van Jaarsveld (Art.110)

(159) Ints. van Z. van Jaarsveld (Arts. 60 & 61).

(160) Theal: Records 111 p. 287.

(161) do. p. 269. (29 Aug. 1800).

(162) do. Die volgorde van die lys van beklaagdes stem ooreen met die graad van hul skuldigheid.

(163) Vonnis van die Raad van Justisie, 3 Sept. 1800.
Crimineele Rechts Rolle, 1800, p. 149.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(164) Theal: Records..... 111. p. 235.

(165) Ints. van A. van Jaarsveld (Art. 127)
Vraag: Wat hy vir homself in te bring het ?
Antw: "Dat ik gedwongen ben en had Ik er gebleven, had ik alles op het laatst wel goed gemaakt".

(166) Vide Theal: Records.....111 p. 235.

(167) Vgl. Theal: Records.....111 p. 218 - "where van Jaarsveld is reported to have said: 'men, you had better let me go, you render both me and yourselves unfortunate!"

(168) Vide Ints. van P. Rautenbach (Art. 5) en vgl. die Ints. van G.E.C. Koch:- "
Vraag 12: Is die opstand deur die gevangeneming van A. van Jaarsveld dan wel deur ander redes veroorsaak ?
Antw.: "Omdat zoo als ze voorwenden, de Heer Bresler de heidenen tegen de christenen zoude hebben opgemaakt".

(168) Vide Ints. van Z. van Jaarsveld (Arts. 57, 60 en 61).

(170) Ints. van Z. van Jaarsveld (Art. 49): "ik ben met myn Vader mede gereeden en myn Vader heeft my zulks gelast".

(171) Ints. van A. van Jaarsveld (Art. 144).

(172) Prinsloo se broer was met 'n stiefsuster van A. van Jaarsveld getroud vide Ints. van M. Prinsloo (Art. 7).

(173) Dat A. van Jaarsveld nie die streng eerlike persoon was waarvoor sy medeburgers hom mag aangesien het nie, blyk uit sy vervalsing.

(174) Ints. van Prinsloo (Arts. 141 & 142).

(175) Ints. van B. Bester (Arts. 34 & 35).

(176) Vgl. sy transaksie met Jan Strydom.

(177) Ints. van A. van Jaarsveld (Arts. 50 & 51).

(178) Vide Ints. van A. van Jaarsveld 2 Julie, (Art. 125)
Minuut Criminéele Proces-Stukken Julie - Des. 1800, p. 117.

(179) Ints. van A. van Jaarsveld (Art. 127).

(180) Theal: Records....111, p. 299.

(181) Die bedoeling van Sir George Yonge word duidelik as ons let op die "Extracts from a Report of the Commissioners Maynier Somerville to Sir G. Yonge".
Theal: Records....111 p. 212 (14 Aug. 1800).
"We sent a messenger to Guyka charged with the following distinct Message, and he was positively ordered to have no Communication with the Rebels, but to go directly to Guyka himself and to inform him that these Rebels had come to this Colony, threatening us with War and Invasion in Guyka's name and to complain of these Rebels to Guyka. Our Messenger returned and the result but too well proves that the Precautions we had used were well founded, for Guyka's answer is this: that he rejoiced that peace was proposed, and he

- expressed -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

expressed his regret that some of his Caffres had committed some Thefts and he had no objection to our punishing them, but he would enter into no Treaty without the Rebel Buys.... But the principal Grounds on which he would consent to make Peace must be the Release of the Prisoners confined in the Castle who he said were his Allies, and without this he could have no Faith in any Peace".

(182) Theal: Records...111 p. 324 (22 Okt. 1800).

(183) do. p. 338.

(184) do. p. 480, (1 Mei 1801).

(185) Theal: Records....IV p. 114, (12 Des. 1801).

(186) Vide Crimineele Rechts Rolle 180[illegible]. Vrydag 29 Aug. 1800 p. 149.

(187) Ondanks intensiewe navording het beide ek en Mnr. Venter Argivaris van die Kaapse Argiewe, nie daarin geslaag om die datum uit te vind waarop Adriaan van Jaarsveld dood is nie. Soos in die Inleiding gesê, plaas ek dus sy dood tussen 12 Des. 1801 en Maart 1803.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

NUITGEGEWE BRONNE BERUSTENDE OP DIE ARGIEF TE KAAPSTAD.

STELLENBOSCH ARGIEF: (S.A.)

Pos.	723 - 726	-----	1731 - 1846
"	124 - 125	-----	1759 - 1785
"	229 - 230	-----	1759 - 1785
"	346 - 347	-----	1757 - 1795
"	360 - 361	-----	1760 - 1789
"	424 - 425	-----	1761 - 1793
"	0310 - 0313	-----	1776 - 1781
"	717 - 719	-----	1780 - 1805
"	697 - 700	-----	1759 - 1792
"	16 - 19	-----	1756 - 1788
"	732 - 733	-----	1773 - 1795
"	066 - 071	-----	1774 - 1779
Inkomende Brieven		-----	1780 - 1785

COURT OF JUSTICE: (C.J.)

Crimineele Rechts Rolle	1800
Crimineele Proces Stukken	1800
Minuut Crimineele Proces Stukken (640 - 639) Jan. - Junie 1800; Julie - Des. 1800)	
Judicial Papers	1802

GRAAFF-REINET ARGIEF: (G.R.A.)

Pos.	26 - 27	-----	1796 - 1802
Notulen en Bylagen van Krygsraad Vergadering (585)			1787 - 1795
Inkomende Brieven (55)			1785 - 1803
Extract Resolution (Raad van Politie) (326)			1786 - 1794

BRITISH OCCUPATION: (B.O.)

Letters despatched within Colony (49 - 53)	1796 - 1800
Answers to Petitions (77)	1799 - 1802
Letters from Graaff-Reinet (27)	1796 - 1800

- KAAPSE

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ONUITGEGEWE BRONNE BERUSTENDE OP DIE ARGIEF TE KAAPSTAD.

STELLENBOSCH ARGIEF: (S.A.)

Nos.	723 - 726	-----	1731 - 1846
"	124 - 125	-----	1759 - 1785
"	229 - 230	-----	1759 - 1785
"	346 - 347	-----	1757 - 1795
"	360 - 361	-----	1760 - 1789
"	424 - 425	-----	1761 - 1793
"	C310 - C313	-----	1776 - 1781
"	717 - 719	-----	1780 - 1805
"	697 - 700	-----	1759 - 1792
"	16 - 19	-----	1756 - 1788
"	732 - 733	-----	1773 - 1795
"	C66 - C71	-----	1774 - 1779
Inkomende Brieven		-----	1780 - 1785

COURT OF JUSTICE: (C.J.)

Crimineele Rechts Rolle	1800
Crimineele Proces Stukken	1800
Minuut Crimineele Proces Stukken (640 - 639) (Jan. - Junie 1800; Julie - Des. 1800)	
Judicial Papers	1802

GRAAFF-REINET ARGIEF: (G.R.A.)

Nos.	26 - 27	-----	1796 - 1802
Notulen en Bylagen van Krygsraad Vergaderingen (585)			1787 - 1795
Inkomende Brieven (55)			1785 - 1803
Extract Resolutien (Raad van Politie) (326)			1786 - 1794

BRITISH OCCUPATION: (B.O.)

Letters despatched within Colony (49 - 53)	1796 - 1800
Answers to Petitions (77)	1799 - 1802
Letters from Graaff-Reinet (27)	1796 - 1800

- KAAPSE

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KAAPSE ARGIEF: (K.A.)

Inkomende Brieven	1787 - 1790
Oude Wildschutte Boeken (21 - 25)	Mei 1744 - 1786
Resolutien (73 - 106)	1781 - 1794
Inkomende Brieven (467)	1780 - 17[illegible]
" "	1775 -

UITGEGEWE ARGIWALE BRONNE.

Theal	: Records of the Cape Colony. (1.- 111.)
Moodie	: The Record (1769 - 1795)
Theal	: Belangryke Historische Dokumenten (11.) (Kaapstad 1896).
K.M. Jeffrys	: Kaapsche Argiefstukken (1.)

LETTERKUNDIGE BRONNE.

Cory	: Rise of South Africa (1.) (London 1910).
Theal	: History of South Africa Since 1795 (1.) (London 1908)
Theal	: History of South Africa Before 1795 (11-111) (London 1909 - 1910)
P.E. Roux	: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap.
P.A.C. Wieringa	: De Oudste Boeren-Republieken (Grevenhage 1921)
J. Beyers	: Kaapse Patriotte.
S.M.P. Gie	: Geskiedenis vir Suid-Afrika (11?)). (Stellenbosch 1928)
J.C. Voigt	: Fifty Years of the History of the Republic in South Africa 1795 - 1845. (1.) (London 1899)
H.D. Campagne	: Memorien en Byzonderheeden betrekkelyk de gedaane Defensie ende Overgave der Caap de Goede Hoop aan de Bevelhebbers van Zyne Groot Brittannische Majesteyt op den 16 Sep 1795.
E.A. Walker	: A History of South Africa (London 1928)
Cappon	: Britain's Title in South Africa (London 190[illegible]
E.C. Godee-Molsbergen	: Geschiedenis van Zuid-Afrika (London 1910)

- A. Wilmot -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

A. Wilmot : History of the Colony of the Cape of Good Hope. (Cape Town 1869)

D. Aitton : Geschiedenis van Zuid-Afrika. (Amsterdam 1897)

Barrow : Travels in Southern Africa.

Lady Ann Barnard : Letters and Journals (1795 - 1801)

Eybers : Select Constitutional Documents illustrating South African History 1795 - 1910. (London 1918)